UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# VROUEMODES IN DIE TWINTIGERJARE SOOS VOORGESTEL IN *DIE BOEREVROU* EN *DIE HUISGENOOT*

DOROTHEA MARIA GROENEWALD

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

# VROUEMODES IN DIE TWINTIGERJARE SOOS VOORGESTEL IN *DIE BOEREVROU* EN *DIE HUISGENOOT*

deur

**DOROTHEA MARIA GROENEWALD**

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM IN KULTUURGESKIEDENIS (Gedoseer)

in die

**Fakulteit Geesteswetenskappe**
**Universiteit van Pretoria**
**Pretoria**
**2000**

Leier: Prof. J.S. Bergh
Mede-leier: Mej. M.M. van Heerden

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*'n Woord van dank*

Aan almal wat so my in my studie ondersteun het wil ek graag baie dankie sê. In besonder aan my studieleiers, prof JS Bergh en mej MM van Heerden vir al hulle geduld en aanmoediging; aan prof KL Harris wat baie klippe uit my pad gerol het; aan my ouers en familie vir hulle uithou met my studies wat net aanhou; aan my vriende wat noodgedwonge die twintigerjare moes herleef en oorleef het.

"We all have angels guiding us.... They look after us. They heal us, touch us, comfort us with invisible warm hands...What will bring their help? Asking. Giving thanks."

Sophy Burnham

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# INHOUD

Bladsy

**HOOFSTUK 1: INLEIDING**

**1. Inleidend** 1

**2. Probleemstelling** 2
- **2.1 Die posisie van die vrou in die twintigerjare** 3
  - **2.1.1 Die vrou in Europa** 3
  - **2.1.2. Die posisie van die Afrikaanse vrou** 5
    - **2.1.2.1 Die ideaal van die "volksmoeder"** 5
    - **2.1.2.2 Die rol van die SAVF** 7
- **2.2 Kleredrag as 'n maatstaf om veranderinge in die samelewing te meet** 9

**3. Historiografiese agtergrond** 11
- **3.1 Afrikanerkultuur** 11
- **3.2 Spesifieke historiese tydperke** 12
- **3.3 Tydskrifte en koerante as primêre bronne** 12
- **3.4 Die vrou as onderwerp van geskiedskrywing** 13
- **3.5 Kleredrag** 14

**4. Bronne** 16
- **4.1 Primêre bronne** 16
  - **4.1.1 Die aard van *Die Boerevrou* en *Die Huisgenoot*** 19
- **4.2 Sekondêre bronne** 22
- **4.3 Mondelinge oorlewering** 23

**5. Benaderings- en werkwyse** 23
- **5.1 Kultuurgeskiedenis as vertrekpunt** 23
- **5.2 Ander benaderings- en werkwyses** 24

**6. Slot** 27

**HOOFSTUK 2: HISTORIESE AGTERGROND TOT DIE TWINTIGERJARE**

**1. Inleiding** 29

**2. Brittanje in die twintigerjare** 29
- **2.1 Die nalatenskap van die Eerste Wêreldoorlog** 29
- **2.2 Die nuwe wêreldorde** 30
  - **2.2.1 Die Vrede van Versailles** 30
  - **2.2.2 Die Volkebond** 32
  - **2.2.3 Totalitarisme** 32
  - **2.2.4 Die einde van die Britse Ryk** 33
  - **2.2.5 'n Nuwe wêreldmag** 35

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

2.3 Die ekonomiese impak van die oorlg 35
2.3.1 Die effek van inflasie 35
2.3.2 Nywerheidsonrus en die opkoms van vakbonde 36
2.4 Sosiale omwenteling 37
2.4.1 Die effek van tegnologie
Massakommunikasie en massakultuur 37
2.4.2 Die gevolge van verstedeliking 37
2.4.3 Die vernietiging van die klassesisteem 37
2.5 Die tydgees 39
2.5.1 Godsdiens 39
2.5.2 Moderne kennissisteme 39
2.5.3 Ontsnapping 40
2.5.3.1 Oosterse en Afrika -invloede 40
2.5.3.2 Die Jazz-era 41
2.5.3.3 Kabaret en teater 41
2.5.3.4 Films 42
2.5.3.5 Helde van die tydperk 42
2.5.3.6 Die invloed van die motor 43
2.6 Herlewing van die kunste 43
2.6.1 Letterkunde 44
2.6.2 Kuns 45
2.6.3 Argitektuur 45
2.6.4 "Art Deco" 46
2.7 Opsommend 46

3. Suid-Afrika in die twintigerjare 46
3.1 Die nalatenskap van die Eerste Wêreldoorlog 46
3.2 Politieke ontwikkelings 48
3.3 Die staatkundige posisie van Suid-Afrika 49
3.4 Ekonomiese ontwikkelings 50
3.4.1 Die ekonomiese gevolge van die oorlog 50
3.4.2 Nywerheidsonrus 50
3.4.3 Die Nasionale Party se ekonomiese beleid 51
3.4.4 Die opkoms van Afrikaanse besighede 51
3.5 Sosiale orde 52
3.6 Tydgees 53
3.6.1 Godsdiens 53
3.6.2 Helde in die Afrikaanse samelewing 54
3.7 Kulturele ontwikkeling 54
3.7.1 Die erkenning van Afrikaanse as amptelike taal 54
3.7.2 Die ontwikkeling van die letterkunde 55
3.7.3 Die opkoms van die Afrikaanse beroepsteater 56
3.7.4 Musiekontwikkeling 56
3.7.5 Kunsontwikkeling 57
3.8 Opsommend 58

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## HOOFSTUK 3: MODETENDENSE VAN DIE TWINTIGERJARE


| | |
|---|---|
| 1. Inleiding | 60 |
| 2. Die modefase van onsekerheid, 1920-1924 | 63 |
| 2.1 Algemene modeneigings | 63 |
| 2.2. Dagdrag | 69 |
| 2.3 Aanddrag | 72 |
| 2.4 Onderklere en nagklere | 73 |
| 2.5 Bykomstighede | 75 |
| 2.6 Skoene | 77 |
| 2.7 Hoede | 78 |
| 2.8 Haarstyle | 80 |
| 3. Groter gesofistikeerdheid in die modewêreld, 1925-1929 | 80 |
| 3.1 Algemene modeneigings | 80 |
| 3.2 Dagdrag | 86 |
| 3.3 Aand- en trourokke | 88 |
| 3.4 Onderklere, sportdrag en slaapklere | 90 |
| 3.5 Juwele en bykomstighede | 92 |
| 3.6 Skoene | 95 |
| 3.7 Hoede | 96 |
| 3.8 Haarmodes | 98 |
| 4. Opsommend | 99 |
| HOOFSTUK 4: SLOTBESKOUING | 101 |
| BRONNE | 106 |


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# ILLUSTRASIES

Teenoor bladsy


| | |
|---|---|
| 1. Die modes keer terug na die Edwardiaanse Era en voor-oorlogse modes | 63 |
| 2. Borduurwerk is gebruik om die hoekige silhoeët te versag | 64 a |
| 3. Variasies op die Empire-styl | 64 b |
| 4. 'n Kenmerk van die modes van die twintigerjare is groter klem op die heupe | 65 |
| 5. Die roksome het voor 1925 nog nie só hoog geword, soos wat gewoonlik met die Gatsby-styl geassosieer word nie | 66 a |
| 6. Dolman-moue afgewerk met sierbandomboorsel of knope-detail | 66 b |
| 7. Die laer halslyne was meer prakties in die Suid-Afrikaanse klimaat | 66 c |
| 8. Met los krae en handboordjies kon 'n nuwe uitrusting geskep word | 67 a |
| 9. 'n Fantasie-element in klere weerspieël die soeke na ontsnapping | 67 b |
| 10. Die Egiptiese invloed in borduurwerk en drukmotiewe | 68 a |
| 11. Drukwerk op materiaal het ooreengestem met ontwikkelinge in die kuns | 68 b |
| 12. Eenstukrokke is in plaas van baadjiepakke gedra | 69 a |
| 13. Rokke is gesny om soos 'n driestuk te lyk | 69 b |
| 14. Die onderskeid tussen huis- en sportdrag vervaag | 69 c |
| 15. Jumpers is groot modenuus | 70 |
| 16. Die invloed van die oorlog kan in die mode van die tyd gesien word | 71 a |
| 17. Mansmodes beïnvloed vrouemodes | 71 b |
| 18. Onderbaadjies word deel van 'n vrou se uitrusting | 71 c |
| 19. Die tunieklyn maak 'n terugkeer | 72 a |
| 20. Die Oosterse invloed in aanddrag | 72 b |
| 21. 'n "Combination" | 74 a |
| 22. Groter gemak in nagklere | 74 b |
| 23. 'n Slaappak gebaseer op mansnagklere | 74 c |
| 24. 'n Boudoirmus is gedra om hare netjies te hou | 75 a |
| 25. Volstruisvere was hoogmode | 75 b |
| 26. Bykomstighede is deur periodekostuum beïnvloed | 76 a |
| 27. 'n "Dorothy"-styl handsak | 76 b |


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

28. ‘n Pelsbont vir winter 76 c
29. Serpe word ‘n gewilde modebykomstigheid 77 a
30. Skoene word meer dekoratief 77 b
31. Wyerandhoede is gedra met die herlewing van die sosiale lewe 79 a
32. Die invloed van die oorlog is nog duidelik sigbaar 79 b
33. Teatrale hoede was hoogmode 79 c
34. Voorlopers van die "cloche" 79 d
35. Hare is opgestapel om 'n byekorf-effek te skep 80 a
36. Die begin van die bob-haarstyl 80 b
37. Die silhoeët is slank en hoekig 81 a
38. Die middel reik tot ver onder die heupe 81 b
39. Die roksome styg tot die hoogste in die dekade 82 a
40. Die eenvoud word met knope-detail, geometriese patrone, borduurwerk, insetsels en omboorsel verbreek 82 b
41. Interessante moue verbreek die eenvoud 83 a
42. Halslyne word meer vroulik 83 b
43. Pels is nog baie gewild 83 c
44. Die silhoeët word vanaf 1928 vrouliker 84
45. Die nuwe middellyn word beklemtoon 85 a
46. Die a-simmetriese lyn verbreek die strakheid van die mode 85 b
47. Kantoordrag 86
48. Cardigan-monderings is ‘n verstandige belegging 87 a
49. Die tweestuk- vervang die driestukpak 87 b
50. “Slip-style”- rokke 88 a
51. Ongelyke some is aan die einde van die dekade verwelkom 88 b
52. Die silhoeët vir aanddrag was sagter en voller 88 c
53. Ongelyke some, draperings en laag-op-laag gee ‘n sagvloeiende effek 89 a
54. Die rompgedeeltes word versier 89 b
55. “Capes” en sytjalies is in plaas van oorjasse gedra 89 c
56. Trourokke is soos aandrokke gemaak 89 d
57. Hooftooisels 90
58. Eenstuk-onderklere 91 a
59. Korsette om die meer vroulike silloeët te ondersteun 91 b
60. Onderklere moes by die nou, regaf rokke aanpas 91 c

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


| | | |
|---|---|---|
| 61. | Swemdrag | 91 d |
| 62. | Slaapklere | 92 a |
| 63. | ‘n Verskeidenheid serpe | 92 b |
| 64. | Kostuumjuwele | 94 a |
| 65. | Ruikertjies op lapelle en skouernate | 94 b |
| 66. | Handsakke vir oggendbesoeke | 94 c |
| 67. | “Flapped pochette” | 95 a |
| 68. | Aandsakkies | 95 b |
| 69. | Skoenmodes | 95 c |
| 70. | Milwaukee-sykouse | 96 a |
| 71. | Die “cloche” | 96 b |
| 72. | “Lucky Lindy Lids” | 96 c |
| 73. | Die “cloche” word ook sagter en vrouliker | 97 |
| 74. | Hoede om by die vrouliker modes te pas | 98 |
| 75. | Die “Eton crop” | 99 a |
| 76. | Die “windverwaaide” bob | 99 b |
| 77. | Die Garbo-haarstyl | 99 c |


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 1: INLEIDING

## 1. Inleidend

Geen ander dekade in die twintigste eeu het waarskynlik só 'n definitiewe en legendariese atmosfeer soos die twintigerjare gehad nie. Die geweldige veranderings wat tydens die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) geïnisieer is, het in hierdie tydperk gekristalliseer. Terme soos "Roaring Twenties", "The Gay Twenties"[1], "Jazz Era" en "Rolls-Royce-Ritz-Carlton world"[2] roep hierdie rustelose en sorgvrye dekade na die oorlog in herinnering. Dit was die tydperk van die "Bright Young Things"; van jazz-musiek en gewaagde aandtabberds; "Oxford bags" en "Eton crops".[3]

Die Eerste Wêreldoorlog, die "Great War", sou 'n einde aan alle oorloë bring en 'n tydperk van vrede en voorspoed inlui. Dit sou 'n oorwinning vir demokrasie wees wat vryheid aan onderdruktes sou verseker en verder sou moderne tegnologie mense van alle klasse in staat stel om 'n beter lewe te lei. Maar was die optimisme en energie wat met die twintigerjare geassosieer word 'n werklikheid of net 'n illusie? Het die verlange na die goue era van voor-oorlogse voorspoed 'n hoop vir 'n "brave new world"[4] weerspieël, of was dit 'n teken van 'n algemene gevoel van morele en geestelike moegheid, van verwarring en 'n lusteloosheid wat die Britse staatman, Lloyd George, 'n "fever of anaemia" genoem het?[5]

Dit is duidelik dat die Eerste Wêreldoorlog 'n einde van 'n era en 'n lewenswyse aangekondig het. Dit is moeilik om te glo dat binne 'n bestek van vier jaar sulke radikale veranderings kon intree wat uitgekring het om elke aspek van die samelewing te raak. Mense het na voor-oorlogse gebruike verwys asof dit deel van 'n ander wêreld was. En dit was inderdaad so.[6]

---

[1]J.Montgomery, *The Twenties,* p.7.

[2]D.Goldring, *The Nineteen twenties. A general survey and some personal memories,* p.69.

[3]J.Montgomery, *The Twenties,* p.7.

[4]Huxley in A. Jenkins, *The Twenties,* p.160.

[5]J.Montgomery, *The Twenties,* p.15.

[6]J.Montgomery, *The Twenties,* p.41; G.Howell, *In Vogue. 75 years of style,* p.16.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 2. Probleemstelling

Suid-Afrika het sterk bande met Brittanje op politieke, ekonomiese en kulturele gebied gehad. Tog was baie Afrikaners nie ten gunste van die Britse invloed in die land nie. Tydens die Anglo-Boereoorlog is negatiewe propaganda teenoor die Boere in Brittanje gemaak. Hulle is as wild, barbaars en onbeskaaf uitgebeeld, met 'n geweldige wantroue in enige "uitlandse" invloed. Hierdie voorstelling het selfs na die ondertekening van die Vrede van Vereeniging voortgeduur. Alhoewel dit 'n eensydige en propagandistiese siening was, is dit tog in 'n mate waar: Afrikaners was, in vergelyking met die ander volke en nasies met wie hulle bande gehad het, meer konserwatief in hulle lewensuitkyk, wat deur hulle sterk godsdienssin beïnvloed is. [7] Hoe sou hulle hierdie "nuwe wêreld" ervaar, wat na die Eerste Wêreldoorlog gebore is?

In die lig van hierdie lewensuitkyk van die Afrikaner en die verhouding van die Afrikaners met Brittanje sal daar na die posisie van die Afrikaanse vrou gekyk word. Haar ervaring van die twintigerjare sal met dié van haar Britse tydgenote vergelyk word. Die term Afrikanervrou word in die konteks van die twintigerjare gedefinieer: 'n Afrikaanssprekende vrou van blanke / Europese afkoms wat haar met die Afrikanerkultuur van die tyd vereenselwig het. Omdat die *Die Boerevrou* en *Die Huisgenoot* as primêre bronne gebruik word, sal daar veral op Afrikanervroue wat lesers van hierdie tydskrifte was, klem gelê word.

Daar sal spesifiek op die vrou se kleredrag gefokus word en gelet word op hoe die Afrikanervrou se modestyl van heersende Britse en Europese modes verskil het. Kleredrag, as 'n kultuurproduk, dien as 'n spieëlbeeld van gebeure in die samelewing. Die wyse waarop die Afrikaanse vrou die heersende modes geïnkorporeer, aangepas of verwerp het, sal teen die agtergrond van gebeure in Suid-Afrika beskou word, asook in watter mate haar klerestyl van dié van haar Britse eweknie verskil het. Onder die modeverskynsels wat bestudeer sal word, word die volgende verstaan:

---

[7] A.du Toit, No chosen people: the myth of the Calvinist origins of Afrikaner nationalist and racial ideology, *The American Historical review,* 88 (1983), pp.920-952.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dag-, aand- en sportdrag; onderklere en nagklere; bykomstighede soos juwele, handsakke en grimering; skoene en kouse, asook hoed- en haarmodes.

Daar sal vervolgens in meer diepte gekyk word na die posisie van die vrou in die twintigerjare asook die gebruik van kleredrag as maatstaf van tendense in die samelewing.

## 2.1 Die posisie van die vrou in die twintigerjare

Die rede waarom daar in hierdie studie spesifiek op die vrou gefokus word, is omdat een van die mees merkbare veranderings wat na die Eerste Wêreldoorlog ingetree het, dié van die posisie van die vrou was. Waar sy skaars twintig jaar vantevore nog geen regte kon geniet het nie, het sy op elke gebied van die samelewing na vore getree.

### 2.1.1 Die vrou in Europa

Gedurende die Eerste Wêreldoorlog moes vroue noodgedwonge die werk verrig van die mans wat na die front gestuur is. Hulle het bewys dat hulle net so bekwaam en effektief in sektore van die ekonomie was wat tradisioneel die terrein van mans was. Na die oorlog moes die status quo weer herstel word, maar omdat vroue bereid was om vir 'n laer loon te werk, was werkgewers bereid om sleurwerk in nywerhede en klerklike pligte aan hulle gegee.[8]

Om hulle te vergoed vir hulle bydrae tot die oorlogspoging, kon vroue bo dertig wat eiendom besit het, in 1919 in Brittanje stemreg kry. In 1927 is die regte uitgebrei en alle vroue bo agttien kon stem. Hierdie stap is deur die *Daily Mail* as 'n gevaarlike eksperiment beskou en hulle het gevrees dat "politically ignorant girls' vote will reflect the foolish communist sentiments of their boyfriends".[9]

In die openbare sektor het hierdie veranderinge 'n geringe impak gehad. In die Britse Laerhuis was net 12 uit 389 lede vroue en met juriediens is 'n maksimum van twee

---

[8]N.Branson, *Britain in the nineteen twenties,* p.210.

[9]*Ibid.,* pp.2-3 & 203-204.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vroue gekies. Die *Sex Disqualification Removal Act* van 1919 het vroue as moreel-verantwoordelike persone erken en hulle kon tot beroepe soos advokate en mediese dokters toegelaat word. Daar is nogtans van vroue verwag om op te hou werk as hulle sou trou, omdat kinders en huiswerk as die "spesiale missie" van die vrou beskou is. Verder is daar teen vroue in universiteite gediskrimineer. Dit was vir vroue ook baie moeilik om 'n bestaan as 'n professionele persoon in 'n manlik-gedomineerde wêreld te maak.[10]

In die allerdaagse lewe het vroue se lewens nogtans na die Eerste Wêreldoorlog drasties verander. Die geleentheid om hulle eie geld te verdien, het hulle onwillig gemaak om weer onbetaald as huisbediendes te werk. Hulle het aangedring om meer vrye tyd te hê om na filmvertonings te gaan en ook 'n kans te kry om lede van die teenoorgestelde geslag te ontmoet. Na die oorlog was vroue ver in die meerderheid en hubare mans was dus skaars.[11]

Moderne tegnologie, maar ook die laer geboortesyfer, het vroue in staat gestel om meer onafhanklik te wees. Dr. Marie Stopes en dr. Norman Haire was baanbrekers op die gebied van geboortebeperking. Dit het 'n nuwe houding teenoor die huwelik getoon: waar mans voorheen net aanvaar het dat vroue die huishouding sou behartig, het vroue nou besef dat hulle kon kies of hulle kinders wou hê of nie. Verder het die *Sex Disqualification Act* vroue dieselfde skeiregte as mans gegee. Egskeidings het die hoogte ingeskiet en volgens jong meisies was dit darem beter om 'n geskeide as 'n oujongnooi te wees.[12]

Die Victoriaanse era, waar die vrou as die "angel in the house" beskou is, is finaal deur die oorlog beëindig. Die stywe etiket van die Victoriaanse en Edwardiaanse era is deur 'n gemaklike en ongekompliseerde lewenswyse vervang. Vroue kon baie meer vrylik met mans meng en'n nuwe, moderne meisie, naamlik die "flapper", het haar verskyning gemaak. Die uitdrukking wat van die Duitse term "backfisch" afgelei is, is voor die oorlog gebruik om meisies van lae morele standaarde te beskryf.

---

[10]N.Branson, *Britain in the nineteen twenties,* p.209; J.Montgomery, *The Twenties*, p.170.

[11]N.Branson, *Britain in the nineteen twenties,* pp.212-213.

[12]A.Jenkins, *The Twenties,* p.9; E.Mannin, *Young in the twenties,* p.64.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Die term het na die oorlog ietwat in betekenis verander en die moderne vrou beskryf wat wilde danspartytjies bywoon, skemerkelkies geniet, motorfiets gery en gewaag het om die Engelse kanaal te swem.[13]

Die uiterlike voorkoms van vroue het hulle nuwe vryheid onderskryf. Na afloop van die Eerste Wêreldoorlog het die vrou se klerekas verander om by haar nuwe rol in die samelewing aan te pas. Vryheid van beweging was die wagwoord. Die “Kubistiese” vrou is gebore wat deur die Franse skryfster Colette as kort, plat, geometries en hoekig beskryf is. [14]

Tydens die oorlog het baie meisies hulle hare afgesny. Hierdie praktiese reëling het ‘n modegier geword en die bob en “Eton crop” het verskyn. Hoede het by die nuwe haarstyle en tydverdrywe soos vliegtuig-uitstappies aangepas en die ontwerp is vereenvoudig. Botter- en suikerrantsoene tydens die oorlog en meer aktiwiteite waaraan vroue kon deelneem, soos hokkie en tennis, het vroue fisies verander. Korsette was nie meer nodig nie, want die uurglasfiguurtjie was nie meer in die mode nie. Roksome het hoër en hoër geword om tot selfs die knie bloot te stel, terwyl die halslyn laer geword het. Die gesofistikeerde dame het sigarette in ‘n lang koker gerook wat ‘n uiterlike en opvallende teken van seksuele gelykheid was.[15]

### 2.1.2 Die posisie van die Afrikaanse vrou

#### 2.1.2.1 Die ideaal van die "volksmoeder"

In watter mate het die verandering van die posisie van die vrou in Europa na die Eerste Wêreldoorlog haar Afrikaanse tydgenoot geraak? Die “flapper” het teen ‘n stereotipe in opstand gekom wat in ‘n manlik-gedomineerde samelewing geskep is om kontrole oor vroue uit te oefen. Tydens die Victoriaanse era het vroue ‘n duidelik omskryfde posisie gehad wat die “ideale vrou” daar gestel het. Hierdie posisie was

---

[13]N.Branson, *Britain in the nineteen twenties,* p.209; G.Howell, *In Vogue: 75 years of style,* p.16; J.Montgomery, *The Twenties,* pp.61-62.

[14]G.Néret, *The arts of the Twenties,* p.162.

[15]G.Howell, *In Vogue: 75 years of style,* p.16; E.Mannin, *Young in the twenties,* p.72.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nie sonder status, eer en respek nie. Daar was egter nie sprake van regte nie. Die vrou is op ‘n voetstuk geplaas om bewonder te word. Maar sodra sy probeer het om daarvan af te stap, het sy die voorregte verloor wat met die ereplek gepaard gegaan het, omdat die bevraagtekening as ‘n uitdaging vir die mans se magsbasis gesien is.[16]

In die Afrikanersamelewing van die laat-negentiende en vroeg-twintigste eeu was die ideaal van die volksmoeder die ekwivalent van die Victoriaanse "queen in a walled garden".[17] Die volksmoeder is as die hoeksteen van die huishouding gesien, net soos haar Britse eweknie. Maar anders as in Brittanje, waar die vrou geen rol in die openbare lewe gespeel het nie, is die Afrikaanse vrou as die verenigende mag in die Afrikanerdom gesien. Deur haar heroïese optrede tydens die Groot Trek en die Anglo-Boereoorlog is sy as die draer van die blanke kultuur gesien en het sy ook 'n politieke rol gespeel. Die Afrikanervrou het 'n groter mate van selfstandigheid as vroue in Brittanje gehad en die passiwiteit en dekorativiteit van die Victoriaanse "drawingroom" het nie vir die Afrikaanse vrou gegeld nie. Die stryd om bevryding, op sosiale en politieke gebied, het dus nie so swaar by haar geweeg nie. Die voortbestaan van die Afrikanerkultuur teen die aanslag van die verengelsingbeleid na afloop van die Anglo-Boereoorlog en die gevaar van die meerderheid van "barbaarse" anderkleuriges, was van groter belang as die bevryding van die vrou. [18]

Verder is die Eerste Wêreldoorlog heel anders in Suid-Afrika as in Europa ervaar, veral wat die Afrikanergemeenskap betref. Die impak van die oorlog sal in 'n volgende hoofstuk breedvoerig bespreek word. Die optrede van Afrikanervroue tydens die oorlog, en spesifiek die vroue-betoging wat in 1915 plaasgevind het, het die posisie van die vrou as volksmoeder onderstreep. Met die uitbreek van die rebellie teen die Suid-Afrikaanse regering se deelname aan die Eerste Wêreldoorlog aan die kant van Groot-Brittanje in 1914, is van die rebelle in hegtenis geneem. ‘n Groep vroue het in 1915 in ‘n optog na die Uniegebou deelgeneem om vir die rebelle

---

[16]E.Brink, Man-made women: Gender, class and the ideology of the “volksmoeder”, in C.Walker (ed.), *Women and gender in Southern Africa to 1945,* p.273.

[17]B.Caine, *Victorian feminists,* p.349.

[18]E.Brink, Man-made women: Gender, class and the ideology of the “volksmoeder”, in C.Walker (ed.), *Women and gender in Southern Africa to 1945*, pp.273-274.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



se lewe te pleit. Die optog het in absolute stilte plaasgevind. Die beheerstheid van die vroue, sowel as hulle moed om vir hulle landgenote op te staan, is as die bewys gesien dat vroue die morele krag en gewete van die samelewing was.[19] Saam met die vroue se optrede tydens die Groot Trek en die Anglo-Boereoorlog, het die betoging tot die opkoms van Afrikanernasionalisme bygedra, wat weer as 'n bepalende faktor in die Afrikaner se oorname van politieke mag gespeel het.[20]

Met die vroue-betoging, sowel as die onthulling van die Vrouemonument in 1913 nog vars in almal se geheue, het twee boeke verskyn waarin die ideaal van die volksmoeder uiteengesit is. *Die Boerevrou, Moeder van haar volk* deur ds. Willem Postma en E. Stockenström se werk *Die vrou in die geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse volk,* het die volksmoeder as godsdienstig, dapper, selfstandig, huismoederlik en opofferend beskryf. Die doel van hierdie werke was om vir jong, onopgeleide meisies wat na die oorlog na die stede toe gestroom het, riglyne te gee om hulleself in 'n verderflike wêreld te handhaaf.[21]

In dieselfde tydperk het Marie du Toit 'n werk getiteld *Vrou en feminis - of iets oor die vroue-vraagstuk* die lig laat sien. Hierin het sy die algemene opvattings aangaande die vrou betwis. Meer wetenskaplike werke wat in die dertigerjare verskyn het, soos die sosiaal-maatskaplike studies van M.E. Rothman, Hansi Pollack en Erika Theron, het Du Toit se siening onderskryf. Dit was egter Postma en Stockenström se werke wat in die populêre kultuur opgeneem is.[22]

### 2.1.2.2 Die rol van die SAVF

Die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie (SAVF) is in 1905 gestig as maatreël om die armoede wat na die Anglo-Boereoorlog geheers het, te verlig. Die SAVF was 'n organisasie uitsluitlik gemik op vroue uit die middelklas. Die ideale

---

[19]*Afrikaanse Hoër Meisieskool,* Jaarblad 1988, p.9.

[20]E.Brink, Man-made women: Gender, class and the ideology of the "volksmoeder", in C.Walker (ed.), *Women and gender in Southern Africa tp 1945,* p.279.

[21]*Ibid.,* pp.279-281.

[22]*Ibid.,* pp.286-290.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



karaktereienskappe van die SAVF-vrou was soos dié van die volksmoeder. Sy is gekenmerk deur selfopoffering, patriotisme, godsdienstigheid, dapperheid en diensbaarheid. Soos die huis tradisioneel haar domein van versorging en koestering was, het dit nou die volk ook omvat. Die federasie se amptelike lied het ook hierdie ideale weerspieël: "sy dien haar volk tot eer van God, Here lei U self haar, die vrou, in diens van haar volk, tot eer van haar God".[23]

Dit is waar dat die volksmoeder-ideaal vir vroue 'n afhanklike posisie geskep het. Hulle het hulle aan hulle mans en kinders se lewens gewy, eerder as aan hulle eie, deelgeneem, omdat hulle só sosiale erkenning en legitimiteit in die samelewing kon kry.[24]

Aan die ander kant het die vroue deur die term van volksmoeder te gebruik, 'n ideologiese aanvaarbare basis geskep om buite die huis te werk, al was dit net welsynswerk. In 'n era waar dit onaanvaarbaar vir vroue was om vir finansiële gewin te werk, het die welsynswerk onder die vaandel van die SAVF 'n uitweg geskep. Hierdie werk is deur die staat ondersteun, omdat die vroue 'n belangrike funksie verrig het, sonder staatvergoeding. Verder het dit by die vooropgestelde huislike idee van die vrou ingepas. Terselfdertyd het dit vroue die geleentheid gegee om buite die grense van die huis te beweeg en te besef watter noemenswaardige rol hulle in die samelewing speel. Die SAVF het ook met soortgelyke instansies in die buiteland geskakel en so is vroue aan ander leef- en denkwyses blootgestel. 'n Vrouebeweging wat deur die samelewing goedgekeur is, omdat dit stabiliteit in 'n snel-veranderende wêreld gebied het, het inderwaarheid stadig die fondamente van die samelewing begin ondermyn. Deur vir vroue 'n gevoel van onafhanklikheid en belangrikheid te gee, het dit vir hulle die selfversekering gegee om buite die grense van die volksmoeder-ideaal te beweeg.[25]

---

[23] E.Brink, Man-made women: Gender, class and the ideology of the "volksmoeder",uit C.Walker(ed.), *Women and gender in Southern Africa to 1945,* pp.281-283.

[24] *Ibid.,* p.291.

[25] C.Walker, The women's suffrage movement: The politics of gender, race and class, in C.Walker (ed.), *Women and gender in Southern Africa to 1945,* p.316.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Afrikaanse vrou het dus op die oog af nog voldoen aan die ideale eienskappe van 'n volksmoeder, soos godsdienstigheid, dapperheid, toegewydheid, patriotisme, vasberadenheid en selfopoffering, maar onder die oppervlakte het veranderinge begin plaasvind. Dit was nogtans nie rewolusionêre gebeure wat die verhouding tussen mans en vroue omvergewerp het, of die mans se outoriteit so direk bevraagteken het nie, soos in Europa die geval was.[26]

## 2.2 Kleredrag as 'n maatstaf om veranderinge in die samelewing te meet

In 1920 het die Franse tydskrif *Gazette du Bon ton* sy lesers verseker dat kleredrag die gees van 'n spesifieke tydperk weerspieël en dat dit 'n outentieke dokument van die tydperk is.[27] Kleredrag word deur die kultuurhistorici as 'n historiese dokument gesien wat gebeure op alle gebiede van die samelewing weespieël. In *The language of clothes* beskryf Alison Lurie kleredrag as inligtingsbron soos volg: "Long before I am near enough to talk to you on the street, in meeting, or at a party, you announce your sex, age, class to me through what you are wearing - and very possibly give me important information (or misinformation) as to your occupation, origin, personality, opinion, tastes, sexual desires and current mood."[28] Kleredrag kan dus 'n spesifieke boodskap oordra. Deur 'n studie van die modetendense van 'n sekere tydperk te maak, kan die ervarings van die gewone mens bepaal word.

Om te illustreer dat kleredrag wel die tydgees kan verteenwoordig, sal daar na twee tydperke gekyk word, naamlik die Victoriaanse era, waarop die twintigerjare 'n reaksie was, sowel as die negentien-sestigs, wat naas die twintigerjare, as die dekade van die grootste sosiale verandering in die twintigste eeu beskou word.

Die Victoriaanse era is deur die groei van kapitalisme, industrialisme en imperialisme gekenmerk. Dit was 'n paternalistiese tydperk wat op alle gebiede deur die dominansie van die man gekenmerk is. Verder was dit 'n tydperk waarin posisie en

[26] C.Walker, The women's suffrage movement: The politics of gender, race and class, in C.Walker (ed.), *Women and gender in Southern Africa to 1945,* pp.287 & 291.

[27] G.Néret, *The Arts of the Twenties,* p.168.

[28] A.Lurie, soos aangehaal in S. Ban Breathnach, *Simple Abundance,* 26 March.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



rykdom ten alle koste ten toon gestel moes word. Die vrou se plig was om fatsoenlikheid na te streef. Die enigste taak vir haar beskore was dié van ondergeskikte wat haar heer en meester gehoorsaam, eerbiedig,vermaak, sy huishouding hanteer en sy kinders grootmaak.[29]

Aan die een kant moes die vrou se kleredrag haar sensuele eienskappe verberg sodat sy aan die standaarde van fatsoenlikheid sou voldoen. Aan die ander kant moes die vrou die vertoonkas van haar man se rykdom wees. In kontras met die mans se sombere kleredrag het die vroue selfs in die dag satynuitrustings met oordadige afwerking gedra. Die doelwit was om onder alle omstandighede aantreklik te lyk.[30]

Verder is sekere betekenis aan klere geheg: handskoene het daarop gedui dat die vrou nie handewerk doen nie, die hoepelrok dat sy 'n belangrike posisie in die samelewing beklee, 'n sleep dat sy nie aan die "walking classes" (minder gegoede klasse) behoort nie en 'n korset was die teken van onbuigbare korrektheid. Die "crinolene" wat in die sestigerjare van die negentiende eeu gedra is, het die voorkoms van 'n voëlkou gehad. Dit is sprekend van die vrou se posisie: sy was in 'n goue kou van fatsoenlikheid en onderdanigheid vasgevang. Hierdie mode het ook vroue se onaktiwiteit onderstreep. Dit was duidelik dat solank vroue in walvisbeenkorsette ingegord was en hulle fisiese aktiwiteit tot grasieuse bewegings op die dansbaan beperk was, hulle die swakker geslag sou bly.[31]

Net soos die kleredrag van die Victoriaanse era gedui het op die konformering aan vereistes van die samelewing, is die jeudige rebellie van die sestigerjare sterk in kleredrag verteenwoordig. Klere was 'n belangrike wapen in die stryd teen die "establishment" met sy cliché-beeld van die man in die grys flanelpak of die generaal in sy medaljebedekte uniform. Verskeidenheid en persoonlike keuse, hoe vreemd ook al, was die sleutel tot die jeugdige mode van die sestigers. Die chic rebelle was die

---

[29]R.D.Altich, *Victorian people and ideas,* p.51; A.Gernsheim, *Victorian and Edwardian fashion,* pp.22-23, 64 & 68-70;D.A.Russel, *Costume. History and style,* p.383.

[30]A.Gernsheim, *Victorian and Edwardian fashion,* pp.22-23, 64 & 68-70.

[31]G.Cunnigham, *The New woman and the Victorian novel,* p.2; A.Gernsheim, *Victorian and Edwardian fashion,* pp.22-23, 64 & 68-70.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



een dag kaalvoet, flenterig en primitief en die volgende dag uitgevat in kleurvolle sigeunerstewels, -bloese en -serpe. Hare is lank en los gedra en baarde en snorre was algemeen vir mans. Dit was 'n reaksie teen die netjiese voorkoms wat van soldate vereis is wat aan die Vietnam-oorlog deelgeneem het. [32]

Baie van die modes het hulle inspirasie van buitelugaktiwiteite gekry, soos motorfietsry, bergklim en ski. Vir die eerste keer was die toonaangewers nie 'n eksklusiewe groepie mode-ontwerpers en hulle ryk klante nie: mode het van die straat af gekom en ontwerpers soos Rudy Gernreich and Mary Quant het na die jeug vir inspirasie gekyk.[33]

## 3. Historiografiese agtergrond

Die volgende aspekte is met die historiografiese begronding in ag geneem: die studie is kultuurhistories van aard. Daar word na kleredrag en meer spesifiek vrouekleredrag as kultuuruiting gekyk. Die ondersoek omvat 'n spesifieke kultuurtydperk, naamlik die negentien-twintigs en daar word op 'n sekere kultuurgroep, die Afrikaner, gefokus. Verder word tydskrifte as primêre bronne gebruik.

### 3.1 Afrikanerkultuur

Kenmerkend van artikels, referate en verhandelings wat oor die Afrikanerkultuur handel, is dat kultuurhandelinge teen die agtergrond van stryd afspeel. Die voortbestaan van die Afrikanerkultuur is 'n aspek waarmee kultuuurhistorici dikwels worstel. *Koers*, 'n kultuurhistoriese tydskrif, het selfs 'n uitgawe net aan hierdie aspek afgestaan.[34] Die bekommernis oor die toekoms van die Afrikanerkultuur word ook in die tydskrif *Taalgenoot* aangeraak.[35]

---

[32]D.A.Russel, *Costume. History and style,* p.465.

[33]*Ibid.*

[34]J.H.Coetzee, Toekoms van die Afrikaner volkskultuur: Afrikanervolkskultuur en die nuwe wêreld, *Koers,* 37, Desember 1969-Februarie 1970, pp.185-195; J.de Klerk, Toekoms van die Afrikaanse volkskultuur: roeping van die staat ten

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Met hierdie studie sal die klem nie op die stryd om voortbestaan van die Afrikaner se kultuur val nie. Daar sal eerder gekyk word na hoe die Afrikaanse vrou deur middel van haar kleredrag by die buitewêreld aangepas het en sodoende daaraan geslaag het om van 'n stereotipe, naamlik die vrou as volksmoeder, te ontsnap. Eksterne kultuurinvloede word dus nie as 'n gevaar gesien nie, maar as 'n wyse om positiewe verandering teweeg te bring.

### 3.2 Spesifieke historiese tydperke

Studies oor die kultuuraspekte van die Afrikaner tydens 'n spesifieke tydperk in besonder, is redelik volop. Werke wat op die gebied verskyn het, sluit die volgende in:

> A.R. Badenhorst, Aspekte van die sosiale lewe in Bloemfontein, 1864-1871, *Memoirs van die Nasionale Museum,* Vol. 12 April 1979, pp.1-141.

Die werkwyse van Badenhorst is 'n goeie aanduiding van hoe om met tydskrifte en koerante te werk te gaan om sekere aspekte van 'n tydperk in die geskiedenis te herskep. Twee blaaie wat in Bloemfontein verskyn het, naamlik *The Friend* en *De Tijd,* is grotendeels gebruik. Verder is daar meer algemene bronne oor die tydperk geraadpleeg om die inligting aan te vul en te probeer om so 'n volledig as moontlike beeld van die tydperk te skets. Hierdie werkwyse is met groot vrug in hierdie studie aangewend.

### 3.3 Tydskrifte en koerante as primêre bronne

Tydskrifte en koerante is vir die kultuurhistorikus van besondere waarde, omdat die lewens- en denkwyse van die gewone man daarin uitgebeeld word. Heelwat

---

opsigte van onderwys en kultuur in die Republiek van Suid-Afrika, *Koers,* 37, Desember 1969-Februarie 1970, pp.226-234; J.J.Kruger, Toekoms van die Afrikaanse volkskultuur: toekoms van die Afrikaanse lewenstyl in die nuwe wêreld, *Koers,* 37, Desember 1969-Februarie 1970, pp.247-254.

[35]M.Swart, Om die behoud van ons identiteit, *Taalgenoot* 32, 6 Mei 1963, pp.26-57 ; J.W. de Klerk, Afrikaner se kultuur: Afrikaner krisis, *Taalgenoot* 32, 9 Augustus 1963, pp.35-46.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verhandelings het reeds verskyn wat tydskrifte of koerante as primêre bronne gebruik.[36]

### 3.4 Die vrou as onderwerp van geskiedskrywing

Die oorgrote meerderheid werke wat oor die vrou in Suid-Afika geskryf is, handel oor die vrou se stryd teen onderdrukking op politieke en ekonomiese gebied. Weens omstandighede wat in Suid-Afrika geheers het, was dit die swart vrou wat onder die soeklig geplaas is. In die eerste plek het sy 'n stryd teen die stelsel van apartheid gevoer. Verder het die meerderheid van die vroulike werkersmag in die land uit nie-blanke vroue bestaan.[37]

Werke wat oor die Afrikaanse vrou handel, voldoen dikwels aan die beeld van die vrou as "volksmoeder", wat deur skrywers soos W. Postma[38] en E. Stockenström[39] daargestel is. Alhoewel Karel Schoeman in sy artikel "Vroulike pioniers van die OVS" nie dieselfde mening oor die posisie van die vrou in die samelewing as Postma en Stockenström huldig nie, voldoen die vroue wat beskryf word aan die "volksmoeder" stereotipe.[40] Werke wat in die afgelope dekade verskyn het en spesifiek oor die Afrikanervrou handel, bestudeer die posisie van die vrou in die samelewing, en in besonder haar rol in die kerk. Alhoewel sy in die kerk 'n duidelik-omskryfde posisie gehad het, wat in baie opsigte met die "volksmoeder"stereotipe

---

[36]P.G.Badenhorst, *Die geskiedenis van "De Volksstem" 1873-1900,* MA- verhandeling, UNISA, 1944; J.M.Butterman, *Afrikaner attitudes 1969- 1971 as evidenced in the Afrikaner press,* MA, San Jose State University California,1972; M.J.Gregory, *Die stryd om tweetaligheid op die Witwatersrand soos weerspieël in die Johannesburgse "Star", 1887-1914,* MA,Wits, 1935; E.J. Labuschagne, *Die kultuurhistoriese betekenis van "Die Huisgenoot"tot Junie 1931,* MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria,1948; M.E. van Zyl, *Die geskiedenis van "Het Westen" en "Die Volksblad",1904-1925,* MA-verhandeling, UOFS, 1978.

[37] I.F.Matsepe, *African women's labour in the political economy of South Africa, 1880-1970,* PhD,Rutgers,1984;C.Obbo, *African women: Their struggle for independence,* Johannesburg, 1981;J.C.Wells, *The history of South African women's resistance to Pass Laws 1900-1960,* Ph D, Columbia Teacher's College, 1982.

[38]W.Postma, *Die Boerevrou, moeder van haar volk,* Bloemfontein, 1913.

[39]E.Stockenström, *Die vrou in die geskiedenis van die Hollands-Afrikaner volk,* Stellenbosch, 1921.

[40]K.Schoeman, Vroulike pioniers van die OVS. *Africana Notes and news* 26(2), 1984, pp.64-70.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ooreenstem, het die kerklike omgewing vir haar die geleentheid gegee om in die gemeenskap uit te beweeg en haarself te laat geld. [41]

Die bundel *Women and Gender in Southern Africa to 1945* wat deur Cherryl Walker saamgestel is[42], en spesifiek die bydrae van Elsabe Brink, "Man-made women: Gender, class and the ideology of the *volksmoeder*" daag bogenoemde stereotipe uit.[43] In haar honneursskripsie, *Vrou en moeder: selected images of motherhood in Afrikaans women's magazine advertisements 1940-1950,* maak Helen Terreblanche ook van Brink se artikel gebruik.[44]

Die skripsie van Terreblanche is deeglik nagevors en oorvleuel nie met die werk van Brink nie. Alhoewel haar studie ook oor die Afrikaanse vrou handel, verskil die vertrekpunte. Terreblanche kyk hoe die vrou in advertensies uitgebeeld word, wat dikwels deur mans ontwerp is en dus vanuit 'n manlike oogpunt gesien word.[45] Die artikels wat oor kleredrag handel, is deur vroulike joernaliste saamgestel. Verder is daar gevoel dat te veel aandag aan die ideologiese aspekte geskenk is, terwyl die ontleding van die tydskrifinhoud nie so in diepte gedoen is nie.

## 3.5 Kleredrag

Kleredrag is ook 'n bron van kosbare inligting vir die kultuurhistorikus. Kleredrag word in 'n hele aantal verhandelings behandel. [46]

---

[41] M.Barnard-Weiss, *Die vrou en die nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika: haar beeld en kerlike rol, 1940-1983,* D. Phil tesis, Universiteit van Pretoria, 1999; J.A.du Pisani, Die Afrikaanse vrou se posisie in kerk en samelewing. *Koers* 61(3), 1996, pp.241-269; C.Landman, *The piety of Afrikaans women: diaries of guilt.* Pretoria, 1994.

[42] C. Walker (ed.), *Women and Gender is Southern Africa to 1945*, Cape Town, 1990.

[43] E.Brink, "Man-made women: Gender, class and the ideology of the *volksmoeder*", in C. Walker (ed.), *Women and Gender is Southern Africa to 1945*, pp.273-292.

[44] H.Terreblanche, *Vrou en moeder,* Honneursskripsie, Unisa, 1991.

[45] K.Weibel, *Mirror, mirror: Images of women in the mass media,* p.3.

[46] I.B.Albertyn, *Kinderklere in Suid-Afrika 1850-1900.* Museumdiploma UP, 1991; A.M.Creekmore, *Clothing behaviors and their relation to general values and to the striving for basic needs,* D Phil, Pensylvania State University, 1963; C.C.MacKay, *Clothing behavior in relation to selected cultural differences: a cross-cultural study,*MA Pensylvania State University,1967; M.M. Naudé, *Damesmodes van 1930-1940 met spesifieke verwysing na die kostuumversameling van die Bloemfonteinse Nasionale Museum: 'n museumkundige studie.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Albertyn, Naudé en Potgieter fokus meer op die museumkundige aspekte van kleredrag, soos uitstalling en bewaring. Verder word daar ook heelwat aandag aan die vervaardigingswyse geskenk. Alhoewel daar na die historiese agtergrond gekyk word, word daar nie verbande getrek met hoe die kleredrag die tydgees weerspieël nie. Alhoewel Naudé wel na damesmodes kyk, word die posisie van die vrou in die tydperk nie aangeraak nie.[47]

Creekmore en MacKay kyk weer meer spesifiek na die onderliggende sielkundige en sosiologiese aspekte van kleredrag en modes. MacKay tref ook 'n vergelyking tussen die kledinggewoontes van vroue uit verskillende kulture, maar in dieselfde tyd-ruimtelike omgewing. Hoe die heersende mode 'n toonbeeld van die tydgees is, kom dus wel ter sprake, maar die historiese en spesifiek kultuurhistoriese aspekte is van mindere belang.[48]

Daar is ook na ander gepubliseerde bronne gekyk wat oor kleredrag verskyn het. Die werke van Laver[49] en Russell[50] poog om 'n oorsig van kleredrag in die verskillende tydperke in die geskiedenis te gee. Die tydspan van hulle werke is dus baie groot. Terwyl Laver meer op die basiese modeneigings fokus, gee Russell ook 'n agtergrondstudie waarin gebeure op politieke, ekonomiese en sosiale vlak bespreek word.[51]

---

Museumdiploma, UP,1988; S.Potgieter, *Liturgiese kleredrag: Kultuurhistories en museumkundig benader.* Diploma Museumkunde UP, 1983.

[47]I.B.Albertyn, *Kinderklere in Suid-Afrika 1850-1900;* M.J.Naudé, *Damesmodes van 1930-1940 met spesifieke verwysing na die kostuumversameling van die Bloemfonteinse Nasionale Museum;* S.Potgieter, *Liturgiese kleredrag: Kultuurhistories en museumkundig benader.*

[48]A.M. Creekmore, *Clothing behaviors and their relation to general values and to the striving for basic needs;* C.C.MacKay, *Clothing behavior in relation to selected cultural differences: a cross-cultural study.*

[49]J.Laver, *Costume and fashion. A concise history.*

[50]D.A.Russell, *Costume history and style.*

[51]J.Laver, *Costume and fashion. A concise history;* D.A. Russell, *Costume history and style.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Daphne Strutt se werk *Fashion in South Africa, 1652-1900: an illustrated history of styles* handel spesifiek oor kleredrag in Suid-Afrika, wat naas A.A. Telford se werk, *Yesterday's dress: a history of costume in South Africa*, die enigste is wat 'n omvattende geskiedenis van kleredrag in Suid-Afrika bespreek. Strutt se werk is uitstekend vir naslaandoeleindes. As gevolg van die omvang kan die verskillende periodes egter nie in detail bespreek word nie. Daar word ook nie soveel na die agtergrondgeskiedenis gekyk wat 'n spesifieke modetydperk beïnvloed het nie.[52]

Die probleem met bronne wat op 'n spesieke modetydperk fokus, soos *Everyday fashions of the twenties as pictured in Sears and other catalogues, American Victorian costume in early photographs* en *Women's fashions of the early 1900's,*[53] is dat daar min aandag aan die historiese agtergrond van die tydperk gegee word.

## 4. Bronne

'n Verskeidenheid bronne is vir die samestelling van hierdie studie gebruik, wat in twee kategorieë, naamlik primêre en sekondêre bronne, ingedeel kan word. Daar sal ook na mondelinge oorlewering gekyk word.

### 4.1 Primêre bronne

Die primêre bronne wat vir hierdie studie gebruik word, is twee Afrikaanse tydskrifte, naamlik *Die Boerevrou* en *Die Huisgenoot* (tot 1923 *De Huisgenoot*) wat die periode van Januarie 1920 tot Desember 1929 dek. Waar nodig sal daar na uitgawes buite hierdie tydsbestek verwys word.

Tydskrifte het in die twintigerjare 'n ongekende groei getoon. Tydens die Victoriaanse era het veral die middelklas gepoog om hulleself te verbeter. Selfhelp-gidse was uiters gewild en om daardie rede het die boekuitgewerswese 'n bloeitydperk beleef. Na die Eerste Wêreldoorlog het tydskrifte die opvoedkundige rol

---

[52]D.H.Strutt, *Fashion in South Africa, 1652-1900: an illustrated history of styles.*

[53]S.Blum (ed.), *Everyday fashions of the twenties as pictured in Sears and other catalogues*; P.Harris Dalrymple, *American Victorian costumes in early photographs;* National cloak and suit Co., *Women's fashions of the early 1900's.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wat boeke tot in daardie stadium gespeel het, oorgeneem. Week- en maandblaaie het in Brittanje en Europa ook belangrike meningsvormers geword.[54]

Daar het egter 'n klemverskuiwing plaasgevind: die teikengroep is vergroot om alle sosiale en kulturele groepe in te sluit. Tydskrifte het gewissel van konserwatiewe vroueblaaie soos *Good Housekeeping,* vol resepte en breipatrone, tot *Vanity Fair* wat vroeë werke van skrywers soos Gertrude Stein en e.e.cummings [sic] en kunstenaars soos Matisse en Gauguin gepubliseer het. Vir jong meisies wat van die platteland na stede gekom het waar hulle as bediendes gewerk het, was daar tydskrifte wat hulle teen die gevare en verleidings van die wêreld gewaarsku het. Vir kinders is spesiaal voorsiening gemaak met *Magnet* en *Gem* wat strokiesprentverhale en woordspeletjies bevat het. Vir die kleuters was daar *Chicks Own.*[55]

Verder het die beheptheid met selfverbetering plek gemaak vir 'n groter toewyding aan plesier. *Physical Culture* het nie net op spesiale diëte vir gesondheidsbewustes gelet nie, maar ook op sport en opwindende vakansie-oorde gefokus. *Vogue* was reeds die toonaangewende modeblad en het fotograwe soos Cecil Beaton tot sterstatus verhef. In tydskrifte soos *True Love* is met skok en smaak oor die wilde partytjies, vinnige motorkarre en middernagtelike eskapades van die "Bright Young Things" verslag gedoen. Die persoonlike lewens van hartebreker filmsterre is ook ontbloot.[56]

Om goeie sirkulasie te verseker het die tydskrifredakteurs toegesien dat aan die behoeftes van hulle leserpubliek voldoen is. Tydskrifte was as 't ware 'n spieël van die spesifieke deel van die samelewing wat hulle as teikengroep gekies het. Deur tydskrifte te bestudeer kan dus 'n goeie beeld van die sosiale en kulturele aspekte van die tydperk gevorm word.[57]

---

[54]A.Jenkins, *The Twenties,* p. 176; L.Lerner (ed.), *The context of English literature. The Victorians,* pp.94-95.

[55]D.Goldring, *The Nineteen Twenties,*p.74; A. Jenkins, *The Twenties,*pp.176-178.

[56]N.Branson, *Britain in the nineteen twenties,* p. 97; G Howell, *In Vogue. 75 years of style,* p.31; A.Jenkins, *The Twenties,* p.180.

[57]M.Barrett, P.Corrigan, A. Kuhn and J.Wolfe (eds.), *Ideology and culture production,* p.23.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Die redes waarom *Die Boerevrou* en *Die Huisgenoot* juis vir hierdie studie gekies is, is soos reeds gemeld, omdat hierdie tydskrifte die mondstukke van die SAVF was. In die tweede plek was daar in die afgebakende tydperk van studie min tydskrifte wat spesifiek op Afrikaanssprekendes gerig was. *Die Huisgenoot* se voorganger *Ons Moedertaal* het heelwat teenkanting van persone gehad wat nie oortuig was van die "wenslikheid" of "bruikbaarheid" van Afrikaans as skryftaal nie.[58]

In die twintigerjare was die skeiding tussen die "republikeinse noorde" (die voormalige Boererepublieke wat met Uniewording die provinsies Transvaal en Oranje Vrystaat geword het), en die "koloniale suide" (die voormalige Britse gebiede, naamlik die Kaapprovinsie en Natal) nog duidelik.[59] Om daardie rede is *Die Huisgenoot* gekies, wat onder die beskerming van *Die Burger,* 'n Kaapse dagblad, gepubliseer is, terwyl *Die Boerevrou* in Pretoria uitgegee is.

Die vraag kan gevra word waarom *Die Brandwag,* wat deur *De Volksstem,* die belangrikste koerant in die noorde, uitgegee is, nie eerder as *Die Boerevrou* gebruik is nie. 'n Uitsluitlik vroueblad is gekies, nie net vanweë die tydskrif se belangstelling in die posisie van die vrou, en spesifiek van die Afrikaanse vrou in dié tydperk nie, maar ook omdat die vrou is tydens en na die Eerste Wêreldoorlog genoodsaak was om 'n meer prominente posisie in die samelewing te beklee en inligting hieroor in veral vrouetydskrifte neerslag gevind het. Dit het die vrou se siening oor haar tradisionele rol verander. Die twintigerjare is gekenmerk deur vroue wat beperkings verbreek het wat op politieke, ekonomiese, sosiale en morele vlak op hulle gelê is. 'n Studie van hierdie tydperk noodsaak na my mening dat daar spesifiek na die vrou gekyk sal word.[60]

---

[58]Die beginjare, *Die Huisgenoot,* 28 November 1941, p.11.

[59]C.F.J.Muller, *500 jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis,* p.337.

[60]E.J.Labuschagne, *Die kultuurhistoriese betekenis van die Huisgenoot tot Junie 1931,* MA-verhandeling, UP, 1948, p.1; J.Montgomery, *The Twenties,* pp.62-63.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

### 4.1.1. Die aard van *Die Boerevrou* en *Die Huisgenoot*

Die aard van dié twee tydskrifte is van sodanig dat 'n goeie beeld van die kulturele en sosiale lewe van die Afrikaner van die tydperk daaruit gevorm kan word. Die eerste redakteur van *Die Huisgenoot,* J.J. Smit, het die doelstellings van die tydskrif soos volg uiteengesit: "Om mee te werk aan die opbou van ons nasionale lewe deur voordurend te wys op die volkstaal, die volksedes en die volksgewoontes, wat op eie bodem groei, sonder om 'n Chinese muur om ons land en volk te wil sit ten einde alle invloede van buite af te weer."[61] Die daarstelling van 'n Afrikaanse identiteit deur die bevordering van die Afrikaner se kultuur was dus van primêre belang. Om daardie rede het *Die Huisgenoot* ook as amptelike orgaan van die Afrikaanse Taal Vereniging, die Afrikaner Christelike Vroue Vereniging en die Oranje Vroue Verening gedien.[62]

*Die Boerevrou,* die eerste Afrikaanse vrouetydskrif, het in Maart 1919 onder die redakteurskap van mev. Kenne Malherbe tot stand gekom. Die tydskrif het sy naam van die gedig "Bij de Vrouwe betoging" van Jan F.E. Cilliers ontleen. Cilliers was een van die toeskouers van die vroue-betoging wat in 1915 plaasgevind het. Hy was só beïndruk met die vroue se optrede dat hy dié gedig geskryf het. Die slotstrofe van die gedig het ook as leuse vir die tydskrif gedien, naamlik: "...ek sien haar wen, vir man en seun en broeder, want haar naam is vrou en moeder". [63]

Die embleem van die tydskrif is ontleen aan 'n beeld van 'n Voortrekkermeisie, geskep deur Anton van Wouw. Die beeld is getiteld "Noitjie van die Onderveld". Van Wouw wou met hierdie werk hulde aan die skoonheid, suiwerheid, fynheid, nederigheid en nasietrou van die Afrikaanse vrou bring. Van haar het hy gesê: "sy staan in eenvoud, maar haar gedagtes loop wyd soos die velde".[64]

---

[61] *Die Huisgenoot,* 28 November 1941, p.11.

[62] *Die Huisgenoot,* Mei 1916, p.2.

[63] *Afrikaanse Hoër Meisieskool,* Jaarblad 1988, p.9; A.D. Keet, *Jan Cilliers as digter en denker,* p.14.

[64] Afrikaanse Hoër Meisieskool, *Jaarblad 1988,* p.9.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Die keuse van leuse en wapen gee 'n aanduiding van die doelwitte van *Die Boerevrou*, wat soortgelyk aan dié van die SAVF was. *Die Boerevrou* het spesifiek na die plattelandse vrou gekyk en wou haar met die keuse van artikels wat geplaas is, uit haar posisie van isolasie bring.[65]

Die artikels wat in *Die Boerevrou* en *Die Huisgenoot* geplaas is, was meestal in ooreenstemming met die ideaal van die vrou as volksmoeder. Aspekte soos tuisverpleging, gesonde eetgewoontes en kinderopvoeding is aangeraak. In 'n artikel getiteld "Die vrou en haar werk" is daarop gewys dat alhoewel die vrou se werk nooit ophou nie, anders as die man wat net van sonop tot sonsonder werk, was die jare as moeder die gelukkigste tyd van haar lewe.[66]

Aandag is ook aan die volkstaal en volkseie gegee. 'n Eie boustyl vir Suid-Afrika is voorgestel, G.R. von Wielligh het wenke aan jong prosaskrywers gegee, kortverhaalkompetisies is uitgeskryf en 'n lees- en woordelys is vir die boerevrou opgestel. *Die Huisgenoot* het oor die werksaamhede van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns verslag gedoen. Daar is na nasionale helde soos Emily Hobhouse gekyk.[67]

Berigte is geplaas oor instansies soos die Bond van Afrikaanse moeders wat 'n kraaminrigting en opleidingskool gestig het, die YWCA, 'n Christelike genootskap wat vir jong vroue huisvesting gebied het en ook sosiale probleme, soos drankmisbruik, probeer voorkom het, en die huisvlytskole wat gestig is om die armblankeprobleem op te los. Die vrou op die plaas, wat dikwels baie geïsoleerd was, is bespreek en verenigings is voorgestel om haar kontak met die buitewêreld te bevorder.[68]

---

[65]Redaksioneel, *Die Boerevrou,* Maart 1921, p.2.

[66]Die vrou en haar werk, *Die Huisgenoot,* 3 September 1926, p.47.

[67]Wenke vir jong prosaskrijwers, *Die Boerevrou,* Maart 1922, p.3; 'n Eie boustyl vir Suid-Afrika, *Die Boerevrou,* Julie 1922, p.4; Emily Hobhouse, *Die Boerevrou,* Julie 1926, pp.2-3; Die Boerevrou se boekrak, *Die Boerevrou,*September 1929, p.39..

[68]Bond vir Afrikaanse moeders, *Die Boerevrou,* Januarie 1936, p.12; Die YWCA, *Die Boerevrou,* Julie 1924, p.6; Huisvlytskole van die Vrystaat, *Die Huisgenoot,* 24 Junie 1924, p.39; Die vrou op die plaas, *Die Huisgenoot,* 8 November 1929, p.69..

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In Europa het joernaliste reeds in 1922 nie geskroom om in modetydskrifte oor nuwe giere soos jazz musiek, dans en sigaretrook verslag te doen nie. Alhoewel sulke artikels nooit in *Die Boerevrou* of *Die Huisgenoot* sou verskyn nie is dit interessant om op die geleidelike verandering te let wat in hierdie twee tydskrifte plaasgevind het. In 1921 het *Die Boerevrou* reeds oor 'n alternatief vir die Christen-nasionale onderwysstelsel verslag gedoen, naamlik die Montesori-metode. In 1922 is daar ook na 'n Switserse onderwysmodel gekyk en in 1926 is oor die voordele van spel as 'n onderrigmetode verslag gedoen.[69]

Beroepsmoontlikhede vir die vrou is bespreek. Alhoewel daar aanvanklik geoordeel is dat 'n beroep as onderwyseres of verpleegster die beste keuse is, omdat dit vroue later in hulle taak as moeder sou help, het daar ook 'n verandering ingetree. Die moontlikhede vir die vrou in die staatsdiens is bespreek en daar is oor baanbrekers in die beroepswêreld berig, soos oor die eerste vroulike advokate en mediese doktors, onder andere dr. Aletta Jacobs en dr. Jane Waterstone.[70] Daar is ook na die werksaamhede van die Internasionale Federasie vir Universiteitsvroue, asook die Internasionale Vrouestemregbond gekyk. [71]

In 1929 het *Die Boerevrou* 'n berig getiteld "Historiese vroue in voëlvlug gesien" geplaas waarin daar na die vrou in die Egiptiese, Griekse, Romeinse en Bisantynse beskawings gekyk is. Die deurlopende tema van die artikel is dat hierdie vroue hoog geag was en enorme mag op politieke en ekonomiese gebied gehad het. Dieselfde jaar het *Die Huisgenoot* berig oor die moderne meisie wat op die "regte" manier onafhanklik was en nie bang was om in 'n mans-gedomineerde samelewing haar eie bestaan te maak nie.[72] *Die Huisgenoot* het selfs 'n kortverhaal oor egskeiding geplaas,

---

[69]Maria Montesouri, *Die Boerevrou,* 1921, p.4; Die Switserse onderwysstelsel, *Die Boerevrou,* Januarie 1922, p.4; Die spel als opvoedingsmetode, *Die Boerevrou,* Mei 1926, p.6.

[70]Baanbrekers, *Die Boerevrou,* November 1924, p.19; Die vrou in die staatsdiens, *Die Huisgenoot,* 1 Februarie 1924, p.22; Die beste beroep vir 'n meisie, *Die Huisgenoot,* 20 September 1929, p.65.

[71]Baanbrekers, *Die Boerevrou,* November 1924, p.23.

[72]Historiese vroue in voëlvlug gesien, *Die Boerevrou,* Junie 1929, pp.9-17; Die moderne meisie, *Die Huisgenoot,* 16 Desember 1929, p.53.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n samelewingsverskynsel wat glad nie in die Afrikaanse samelewing goedgekeur is nie.[73]

## 4.2 Sekondêre bronne

Afgesien van die sekondêre werke wat reeds by afdeling drie bespreek is, is werke oor die ekonomiese, politieke en kulturele gebeure van die tydperk bestudeer om die kultuurhistoriese agtergrond van die twintigerjare vas te stel. Vir hierdie doel is sekondêre bronne geraadpleeg wat oor die dekade na die Eerste Wêreldoorlog handel. Verskeie sienswyses is geïnkorporeer, ten einde te poog om 'n objektiewe beeld van die tydperk te herskep. Persoonlike herinneringe van die dekade is geraadpleeg, soos die werke van Goldring, Graves, Jenkins en Mannin.[74] Dit stel die navorser in staat om 'n idee te vorm oor hoe die gewone mense wêreldgebeure beskou het en hoe dit hulle lewens geraak het.

Letterkundige bronne help die navorser ook om'n beter begrip van die tydperk te kry. F. Scott Fitzgerald word as die woordvoerder van die twintigerjare gesien en sy roman *The Great Gatsby* slaag daarin om die gees van die tydperk vas te vat. Evelyn Waugh is Fitsgerald se Britse eweknie en werke soos *Decline and fall* en *Vile bodies* gee die leser 'n goeie beeld van die denk-en lewenswyses van die nuwe geslag wat na die oorlog die sosiale kringe oorheers het. E.M. Foster se roman *A passage to India,* sowel as *The shooting party* van Isabel Colegate is goeie bronne van sosiale en politieke kritiek.

Algemene bronne oor die twintigerjare is ook ondersoek. Werke van Bennett, Blythe, Branson en Montgomery[75] gee 'n meer objektiewe beeld van die negentien-twintigs, omdat hulle nie persoonlik by die gebeure betrokke was nie.

---

[73] Egskeiding, *Die Huisgenoot,* 6 September 1929, p.71.

[74] D.Goldring, *The nineteen twenties. A general survey and some personal memories;* R.Graves, *Goodbye to all that;* A.Jenkins, *The Twenties,* E.Mannin, *Young in the twenties.*

[75] R.Bennett, *A picture of the twenties;* R.Blythe, *The age of illusion, England in the twenties and thirties 1919-1940;* N.Branson, *Britain in the ninteen twenties;* J.Montgomery, *The Twenties.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Bronne oor spesifiek die twintigerjare in Suid-Afrika is nie beskikbaar nie. Om 'n beeld oor die verskeie aspekte van die tydperk te vorm, is algemene geskiedenis- en kultuurgeskiedenisbronne geraadpleeg.[76] Om meer oor die Afrikaner te wete te kom, is die volgende bronne gebruik: A. duToit, No chosen people: the myth of the Calvinist origins of Afrikaner nasionalist and racial ideology[77] ; J.W. Hofmeyr & G.J. Pillay (eds.), *A history of Christianity in South Africa;* T.D. Moodie, *The rise of Afrikanerdom. Power, Apartheid and the Afrikaner Civil religion;* A.Sparks, *The mind of South Africa.*

### 4.3 Mondelinge oorlewering

Die doel van hierdie studie is om vas te stel hoe Afrikaanssprekende vroue se kleredrag hulle denk- en leefwêreld weerspieël het. Die vraag ontstaan waarom mondelinge getuienis nie gebruik word nie, omdat dit die navorser toegang sal gee tot vroue se persoonlike denkwêreld en ervarings. Hoewel die gebruik van modelinge oorlewering, ten spyte van sekere tekortkominge, nuttig aangewend kan word om die gewone mens se denke en spesifieke tydperke te verstaan, is dit nie met hierdie studie benut nie. Die rede daarvoor is deels die beperkte omvang van hierdie studie en deels die probleem om geskikte kandidate te kry om onderhoude mee te voer. Vroue uit dié tydperk sal ongeveer negentig jaar oud wees en dit sal dus moeilik wees om 'n verteenwoordigende groep saam te stel.[78]

## 5. Benaderings- en werkwyse

### 5.1 Kultuurgeskiedenis as vertrekpunt

Hierdie studie sal uit 'n kultuurhistoriese oogpunt benader word. Die term kultuur is van die Latyns "cultura" afgelei, wat na die beheersing en veredeling of bebouing van

---

[76]B.J.Liebenberg & S.B.Spies (eds.), *South Africa in the 20th century;* C.F.J.Muller (red.), *500 jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis;* P.G.Nel (red.), *Die kultuurplooiing van die Afrikaner;* P.de V.Pienaar (red.), *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner.*

[77]A.duToit, No chosen people: the myth of the Calvinist origins of Afrikaner nasionalist and racial ideology, *The American historical review* 88(1983) pp.920-952.

[78]R.J.Shafer, *A guide to historical method,* pp.78-79.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

die natuur verwys. Die term het gaandeweg 'n betekenisverbreding ondergaan, sodat dit nie net na die versorging van die materiële lewe nie, maar ook die ontwikkeling van die mens se geestelike dimensie verwys. In 'n gesonde kultuur is daar dan ook altyd 'n balans tussen stoflike en geestelike waardes. Die term kultuur verwys dus na 'n meer innerlike geesteshouding wat ontstaan uit die mens se strewe om homself in die natuur te handhaaf. In die bearbeiding van die natuur ontstaan geestelike sowel as materiële waardes in die vorm van kultuurprodukte. Met 'n kultuurhistoriese studie word dus nie alleen op individuele prestasies gefokus nie, maar ook op die kultuurmilieu waarin dit plaasvind.[79] Wat is die prestasies wat binne 'n bepaalde kultuurmilieu plaasvind? Volgens O.J.O. Ferreira omvat die term kultuur 'n wye spektrum van aktiwiteite en produkte. Alle mense is dus by die skepping van kultuur betrokke.[80]

In Kultuurgeskiedenis word die menslike denk-, lewens- en skeppingsvorme bestudeer. Kultuurgeskiedenis soek na die totaliteit - die onderlinge verbande - tussen geestelike en materiële aspekte van 'n kultuur binne 'n bepaalde kultuurperiode. Aandag word ook aan die oorgang van een kultuurperiode na die volgende gegee.[81]

## 5.2 Ander benaderings- en werkwyses

Hoewel kennis geneem is van die grondleggingswerk van Leopold von Ranke (1795-1886) ten opsigte van geskiedeniswetenskap, het sy wetenskaplike geskiedenis en hermeneutiese indiwidualiserende verstaanmetode nie plek vir Kultuurgeskiedenis gemaak nie. Met die klem wat op die staat, politieke geskiedenis en groot persoonlikhede in die geskiedenis geval het, is geskiedskrywing vernou en gekompartementaliseer.[82] In die twintigste eeu is die Rankeaanse metode van geskiedskrywing deur die Franse Annales-skool uitgedaag. Die doel van historici soos Marc Bloch en Lucien Febre was om geskiedenis te dekompartementaliseer en te

---

[79] F.A. van Jaarsveld, *Moderne geskiedskrywing,* pp.2, 9-10.

[80]O.J.O Ferreira, Waarom kultuurgeskiedenis?, *Lantern* 40 (1), Februarie 1991, p.31.

[81]O.J.O.Ferreira, Inligtingsbrosjure, Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis, Universiteit van Pretoria.

[82]F.A. van Jaarsveld, *Moderne geskiedskrywing,* p.8.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

verbreed om die totaliteit van menslike ervarings in te sluit. Net soos die "New History"-skool wat in die Verenigde State ontstaan het, wou hulle die studie van kultuur van die elitistiese intellektuele geskiedskrywing bevry en 'n holistiese geskiedenis daar stel. Hulle het interdissiplinêr te werk gegaan, met 'n probleemgerigte en vergelykende benadering.[83] Die benaderingswyse van hierdie skripsie sluit nouer hierby aan.

Kennis moet ook van die huidige Post-modernistiese tendense geneem word. Post-modernisme gaan van die standpunt uit dat die geskiedenis onherroeplik verby is en dat historiese geskrifte slegs 'n weerspieëling van die verlede is. Hierdie tekste is dus almal onvolledig, bevooroordeeld en geskep binne 'n spesifieke konteks. Hierdie stelling hou sekere implikasies vir geskiedskrywing in. [84] In die eerste plek kan historiese tekste nie geverifieer word deur dit aan die verlede te toets nie, maar kan die tekste bloot met mekaar vergelyk word. Dit beteken dat daar geen absolute historiese waarheid bestaan nie, maar slegs interpretasies van die verlede. Omdat die geskrifte binne 'n spesifieke konteks geskep is, word die geskiedenis nie onbetrokke weergegee nie, maar is die teks gelaai met onderliggende betekenisse. Die studie van historiese tekste behels dus 'n diskoers-analise, wat die kritiese beoordeling van die materiaal insluit. [85]

Met die opkoms van die feministiese beweging het vroue 'n volwaardige posisie in geskiedskrywing ingeneem.[86] Die *Oxford Dictionary* beskryf feminisme as die bepleiting van vroue se regte op grond van die gelykheid tussen mans en vroue.[87] Volgens Potter het die feministiese beweging hom beywer vir die verbetering van vroue se posisie in 'n samelewing gedomineer en georganiseer deur mans en waar vroue as minderwaardige burgers behandel is.[88]

---

[83]*Ibid.*, pp.3-4, 23-24.

[84]P.Maylam, *Dead horses, the baby and the bathwater: "Post-theory" and the historian's practice*, pp.2-3.

[85]*Ibid.*

[86]A.Potter, *The context of literature written in English*, p.269.

[87]H.W.Fowler & F.G.Fowler (eds.), *The concise Oxford Dictionary of current English*, p.383.

[88]A.Potter, *The context of literature written in English*, p.269.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die feministiese beweging het sy wortels in die Victoriaanse era waar vroue hulle beywer het vir die opheffing van wetlike beperkings op die vrou en groter betrokkenheid op die kulturele front. Die vrou was nie noodwendig aan die man ondergeskik nie, maar mans en vroue het fundamenteel verskil. Die beweging het egter eers in die twintigste eeu momentum gekry met die toekenning van vrouestemreg aan vroue na afloop van die Eerste Wêreldoorlog. Met die formele erkenning van feminisme in die tweede helfte van die twintigste eeu, is die publikasie van alternatiewe literatuur oor vroue-aangeleenthede ook gestimuleer.[89]

Net soos die Post-moderniste daag feministe die modernisme uit wat op die tradisie van die Verligting en Humanisme gebou is, wat volgens hulle op 'n manlike denkwyse gebaseer is. Volgens hierdie uitgangspunt is rasionaliteit, kultuur, objektiwiteit en abstraksie manlike eienskappe teenoor irrasionaliteit, natuur, subjektiwiteit en holisme, wat as vroulike eienskappe beskou word.[90] Sommige feministe voel dat hierdie dualisme behou, maar omgekeer moet word. 'n Vroulike epistemologie moet daargestel word waar die klem op die gemeenskap en koestering moet val, in teenstelling met die verowering en dominansie wat kenmerkend van die manlik gedomineerde wêreld is.[91]

Die oplewing in kultuur- en sosiale geskiedenis sedert die jare sestig, is 'n manifestasie van die wegbeweeg van 'n rasionele en abstrakte na 'n meer holistiese geskiedskrywing. Die feministiese historici gaan dus ook interdissiplinêr te werk. Verder help feminisme om 'n alternatiewe historiese raamwerk daar te stel. Die bronne wat oor vroue handel, is hoofsaaklik beskrywend, sonder enige interpretasie en die omvang is baie beperk. Feminisme help om dit reg te stel deur 'n wyer en meer buigsame benadering voor te staan. Onderwerpe wat voorkeur geniet, handel

---

[89]B.Caine, *Victorian feminists,* p.349; G.Lerner, "New approach to the study of women in American history." *Journal of Social history,* p.53.

[90]S.J.Hekman, *Gender and knowledge,* p.5; M.Perloff (ed.), *Postmodern genres,* pp.55.

[91]S.Ban Beathnach, *Simple abundance,* 3 March; S.J.Hekman, *Gender an knowledge,* p.5.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



veral oor vroue se magstryd op politieke, ekonomiese en sosiale gebied, in 'n manlik-gedomineerde samelewing.[92]

Hierdie studie poog nie om uit 'n spesifieke standpunt te werk te gaan nie, maar om aspekte van die verskillende benaderingswyses te inkorporeer om die probleemstelling van so 'n wyd as moontlike hoek te benader. Dit kan as tipies van die Post-modernistiese benadering gesien word, maar sluit ook by feminisme en die Annales-skool aan wat 'n meer holistiese geskiedskrywing daarstel.

Hierdie studie kan tog in 'n mate as vanuit 'n feministiese oogpunt gesien word. Daar word gekyk hoe vroue deur hulle voorkoms van die sosiaal-aanvaarbare model van die vrou as "volkmoeder" probeer ontsnap het. Min Afrikaanssprekende vroue het aan 'n feministiese beweging deelgeneem, omdat dit in die patriargale Afrikaanse samelewing onaanvaarbaar sou wees. Organisasies soos die SAVF het vroue egter die geleentheid gegee om op 'n sosiaal-aanvaarbare wyse in die openbare lewe 'n rol te speel. Tydskrifte soos *Die Boerevrou* en *Die Huisgenoot* wat as mondstukke van hierdie organisasies opgetree het, kan dus as die ekwivalent van ander feministiese geskrifte van die tyd gesien word.[93]

Dit is duidelik dat 'n meer holistiese benadering 'n voorvereiste vir hierdie studie is en 'n interdissiplinêre werkwyse is 'n vereiste. Hoewel kultuurhistoriese aspekte die swaarste in hierdie studie sal weeg, sal daar ook gepoog word om 'n verskeidenheid benaderings- en werkwyses, waar van toepassing, te benut.

## 6. Slot

In haar boek oor die Amerikaanse Victoriaanse kleredrag beskryf Harris Dalrymple haar beweegredes om só 'n werk saam te stel, as volg: "I was intrigued by the

---

[92]S.J.Hekman, *Gender and knowledge,* p.5; H.Terreblanche, *Vrou en moeder: selected images of motherhood in Afrikaans women's magazine adverisements, 1940-1950,* Honours, UNISA, 1991, p.4.

[93]E.Brink, Man-made women: Gender, class and the ideology of the "volksmoeder",in C.Walker (ed.), *Women and Gender in South Africa from 1945,* p.291.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

marvelous clothing pictured on the nineteenth century photos and wanted to learn more about it. I found many books on the general subject, very few in the Victorian period exclusively, and to my frustration none that was solely illustrated by American photographs". Deur die gebruik van foto's waarin die gewone Amerikaner uitgebeeld word, in teenstelling met die foto's en illustrasies van Europese koninklikes en bekende vermaaklikheidskunstenaars, word die mense toeganklik en die tydperk waarin hulle gelewe het, word lewendig.[94] Net soos Harris Dalrymple poog om die mense en die gebeure van negentiende-eeuse Amerika vir die hedendaagse mens meer toeganklik en lewendig te maak, is die hoop om met hierdie studie die Afrikaanse vrou van die twintigerjare só bekend te stel. Uit die artikels, verhandelings en monografieë wat nagevors is, is dit duidelik dat daar min inligting oor die Afrikaanse vrou tussen die twee Wêreldoorloë bestaan. Die inligting wat wel oor die Afrikaanse vrou se kleredrag beskikbaar is, weerspieël eerder 'n ideologiese voorstelling van wat die samelewing verwag het die vrou moet wees.[95]

In hierdie werk sal gepoog word om die gewone Afrikaanse vrou se kleredrag gedurende die dekade na die Eerste Wêreldoorlog uit te beeld met die hoop dat daar sodoende meer van haar lewenswyse en -houding, asook haar posisie in die samelewing, duidelik sal word. Daar sal dus nie net op die kleredrag gefokus word nie, maar ook op die gebeure wat hierdie tydperk gevorm het, asook onderliggende aspekte wat bepalend tot die tydgees was.

---

[94]P.Harris Dalrymple, *American Victorian costumes in early photographs*, p.2.

[95]E.Brink, Man-made women: Gender, class and the ideology of the "volksmoeder", p.280 uit C.Walker (ed.), *Women and gender in Southern Africa to 1945.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 2: HISTORIESE AGTERGROND TOT DIE TWINTIGERJARE

## 1. Inleiding

Die twintigerjare was 'n tydperk van geweldige onsekerheid. Die Eerste Wêreldoorlog en tegnologiese ontwikkelings het 'n groot omwenteling teweeggebring: die samelewing, politieke strukture en die mens self, fisies en geestelik, het verander. In Europa was die reaksie op die snel-veranderende wêreld ontvlugting, 'n soeke na opwinding, rusteloosheid en selfs geweld.

Net soos kuns weerspieël modeneigings gebeure in die samelewing. Modeverskynsels is internasionaal, maar op nasionale vlak is daar sekere ontwikkelings wat eie aan 'n volk is. Dit is dus belangrik om na die agtergrond te kyk waarteen 'n mode ontstaan het om te verstaan hoekom die mode in 'n spesifieke rigting ontwikkel het.

Die Suid-Afrikaanse, en spesifiek die Afrikaanse belewing van die wêreld na die oorlog, sal met dié van Brittanje sowel as Europa vergelyk ten einde aan te toon hoe hierdie belewing sy begrip van die tydperk beïnvloed het. Daar sal spesifiek na Brittanje se belewing van die tydperk gekyk word, omdat Suid-Afrika tradisioneel kulturele, ekonomiese en politieke bande met Brittanje gehad het.

## 2. Brittanje in die twintigerjare

### 2.1 Die nalatenskap van die Eerste Wêreldoorlog

Die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) is deur die meeste Europese moondhede verwelkom. Maar in 1914 kon niemand in Brittanje hulle indink watter ingrypende impak die oorlog op hulle lewens sou hê nie. Alles waaraan die Britte geglo en alles wat vir hulle sekuriteit ingehou het, het verander of verdwyn.[96]

Die Britse volk het die oorlog as 'n edel saak gesien. As sterkste moondheid wou hulle veg om die vryheid en regte van kleiner nasies te beskerm. Skoolseuns en

[96]R.Blythe, *The age of illusion. England in the twenties and thirties 1919-1940,* p.1.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

studente is na die front gestuur onder die indruk dat alle vyandelikheid teen die Kersfees van 1914 beëindig sou wees en dat daardie oorlog 'n einde aan alle oorloë sou maak.[97]

Die oorlog was egter 'n wrede ontnugtering. In *Goodbye to all that* beskryf Robert Graves die oorlog as "a sacrifice of the idealistic younger generation to the stupidity and self-protective alarm of the elder".[98] Niemand kon die jong mans voorberei vir dit wat aan die westelike front op hulle gewag het nie. Alhoewel C.S. Lewis in sy outobiografie net een sin aan sy ervarings in die loopgrawe afstaan, word die afskuwelikheid daarvan treffend vasgevang:"...the frights, the smell of H.E., the horrible smashed men still moving like half-crushed beetles, the sitting or standing corpses, the landscape of sheer earth without a blade of grass, the boots worn all day and night till they seem to grow to your feet...".[99] Daar was min families waarvan die broodwinner nie tydens die oorlog gesterf of as gevolg van die bomskok kort daarna selfmoord gepleeg het nie. Die 1918-griepepidemie het hierdie trauma laat verdiep. Dit het selfs meer lewens as die oorlog geëis.[100]

Vrede het teen 'n duur prys gekom, maar gou is egter besef dat die uitbreek van 'n volgende oorlog nie net 'n moontlikheid was nie, maar 'n sekerheid.[101]

## 2.2 Die nuwe wêreldorde

### 2.2.1 Die Vrede van Versailles

Die uitbreek van die oorlog was vir die gewone Brit 'n skok: die Duitse keiser was immers ‘n kleinseun van koningin Victoria. Toe het skok vinnig oorgegaan in negatiewe sentimente en haat teenoor die Duitsers. Politici het tydens die oorlog begin om Duitsland die enigste sondebok te maak. Beloftes is gemaak dat Duitsland

[97]N.Branson, *Britain in the nineteen twenties,* pp.240-242.

[98]R.Graves, *Goodbye to all that,* p.67.

[99]C.S.Lewis, *Surprised by joy,* p.196.

[100]N.Branson, *Britain in the nineteen twenties,* p.242; D. Goldring, *The nineteen twenties,* p.19; G.Howell, *In Vogue,* p.16.

[101]A.Jenkins, *The Twenties,* p.11; J.Montgomery, *The Twenties,* p.27.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

skadevergoeding sou moes betaal. Koerante het selfs fiktiewe berigte van Duitse wandade gepubliseer en 'n veldtog genaamd "Hate the Huns" het in Brittanje begin.[102]

Die Britse politici het nie net op die tuisfront druk ervaar om Duitsland te straf nie. Frankryk het ook wraak gesweer: sy het gevoel dat sy die grootste verliese tydens die oorlog gely het, omdat die meeste van die veldslae op Franse grondgebied plaasgevind het. Verder was die Franse nog bitter oor die vernederende neerlaag wat hulle in 1871 teen Pruise gely het. [103] Nadat die vereistes van die vredesverdrag gefinaliseer is, het een van die afgevaardigdes gevra of enige voorwaardes uitgelaat is. Clemenceau, die Franse Eerste Minister, wat die vredesonderhandelings oorheers het, het geantwoord dat daar nagelaat is om die Duitse keiser se onderbroek te eis.[104]

Teen hierdie agtergrond is die Vrede van Versailles op 28 Junie 1919 deur Duitsland onderteken. Dit het in die spieëlsaal van Versailles plaasgevind waar die Tweede Duitse Ryk in 1871 sy ontstaan gehad het. Die doel van die verdrag was dus nie net om volle skadevergoeding te eis nie, maar ook om die Duitse volk te verneder.[105]

Tydens die vredesonderhandelings is reeds op die gevare van die "Make Germany pay"-veldtog gewys. Net soos wat J.M. Keynes in sy boek *The economic consequences of the war* daarop gewys het, het die *Daily Herald* gewaarsku dat pogings om Duitsland ekonomies te vernietig en verneder, omstandighede sou skep wat tot ‘n volgende oorlog kon lei wat die hele Europa sou vernietig.[106]

---

[102]N.Branson, *Britain in the nineteen twenties,*p.48; E.M.Foster, *A room with a view,* p.232; J.Montgomery, *The Twenties,* p.22.

[103]D.Thompson, *Europe since Napoleon,* p.577.

[104]J.Montgomery, *The Twenties,* p.20.

[105]W.Shellack and S.B.Spies (eds.), *Europe since 1848,* pp.206-208.

[106]N.Branson, *Britain in the nineteen twenties,* pp.48-49.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 2.2.2 Die Volkebond

Nadat dit duidelik geword het dat 'n volgende oorlog 'n besliste bedreiging was, het mense hulle hoop op die Volkebond geplaas. Hierdie internasionale organisasie is in Januarie 1920 as arbiter gestig met die doel om internasionale samewerking te bevorder en internasionale vrede te waarborg.[107]

Brittanje het haar heelhartige steun aan die Volkebond gegee. Dit was 'n aanduiding van die veranderende houding teenoor internasionalisme in die land. Voor die oorlog was onbevraagtekende nasionalisme en selfs jingoïsme as normaal aanvaar. Na die oorlog is oordrewe patriotisme en nasionalisme as gevaarlik beskou, veral s gevolg van verwikkelinge in Duitsland, Italië en Spanje.[108]

Teen die middel van die twintigerjare het die meerderheid van die Britse volk hulle geloof in die Volkebond verloor en die klein groepie skeptici wat die organisasie as te idealisties beskou het, is korrek bewys.[109] Evelyn Waugh, die Britse outeur, het in *Decline and Fall* die algemene gevoel teenoor die Volkebond raakgevat: "What an absurd thing the League of Nations seems to be! They seem to make it harder to get about instead than easier".[110]

### 2.2.3 Totalitarisme

Alhoewel die Geallieerdes die oorlog gewen het, was dit nie ‘n oorwinning vir demokrasie soos voor die oorlog voorpel is nie. Dit was duidelik dat iets drasties in die wêreldorde verkeerd was. Gebeure in die internasionale arena het dit bevestig. Totalitêre regimes het onder die vaandel van Fascisme in Italië en Naziïsme in

---

[107]N.Branson, *Britain in the nineteen twenties,* p.49.

[108]N.Branson, *Britain in the nineteen twenties,* p.49; D.Goldring, *The nineteen twenties,* p.69.

[109]J.Montgomery, *The Twenties,* p.27.

[110]E.Waugh, *Decline and Fall,* p.138.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Duitsland opgekom en in Spanje het die burgeroorlog op die vestiging van 'n diktatorskap onder generaal Franco uitgeloop.[111]

Die daarstelling van 'n kommunisties-sosialistiese regeringstelsel het 'n einde aan die Romanov-dinastie gemaak wat Rusland drie eeue regeer lank het. Gou is besef dat dit 'n bedreiging vir die finansiële grondslag van die Britse gesagsorde ingehou het. [112]

Selfs in gevestigde demokrasieë was daar tekens van totalitarisme. In die Verenigde State het die Ku Klux Klan opgeleef, 'n fanatiese, rassistiese en godsdienstig onverdraagsame organisasie, en in Frankryk het die polisiemag buitengewone magte verkry.[113]

### 2.2.4 Die einde van die Britse Ryk

Met die afname in geloofwaardigheid van die Volkebond, het die Britte hulle hoop op die Britse Ryk gevestig. Volgens lord Alfred Milner was die Britse Ryk die sterkste teenwig vir internasionale onenigheid en koning George V was van mening dat die Ryk nie net langtermynvoordele vir Britse onderdane inhou nie, maar vir die hele wêreld.[114]

Reeds voor die oorlog het die Britte hulself geroem op die slagspreuk dat die son nooit oor die Britse Ryk sak nie. Met koloniale gebiede wat as oorlogsvergoeding toegeken is, het Brittanje haar invloedsfeer met 22% vergroot. Die koms van radio het koning George V in staat gestel om direk met sy onderdane te praat, terwyl tegnologiese ontwikkelings selfs die mees afgeleë gebiede van die Ryk bereikbaar gemaak het.[115]

---

[111]J.Herald, *Fashion of a decade. The 1920's,* p.8; R.O.Paxton, *Europe in the twentieth century,* pp.116-119.

[112]N.Branson, *Britain in the nineteen twenties,* p.49

[113]J.Herald, *Fashion of a decade. The 1920's,* p.8; R.O.Paxton, *Europe in the twentieth century,* pp.116-119.

[114]J.Montgomery, *The Twenties,* pp.113-117.

[115]A.Jenkins, *The Twenties,* p.115; J.Montgomery, *The Twenties,* pp.113-117 & 131-132; W.Shellack and S.B.Spies (eds.), *Europe since 1848,* p.254.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die hoogtepunt van die Britse Ryk se magsvertoon in hierdie tydperk was die opening van die Ryksuitstalling te Wembly op 24 Mei 1924, koningin Victoria se verjaarsdag.[116] Die doel van die uitstalling was om "the wondrous reality of Britain's might and magnitude - her grandeur and glory"[117] aan die wêreld te wys. Terugskouend was Leslie Baily reg in sy uitspraak dat dit "the last shop-window and show-piece of the old Empire" was.[118] In 1924 was die tekens van die einde van die magtige ryk reeds daar.[119]

Begeesterd deur die gedagte dat die oorlog ter wille van die beskerming van minderhede geveg is, het talle Britse kolonies hulp aan die moederland gegee. Groter outonomiteit is as vergoeding aan hierdie gebiede belowe, maar dit het reeds tydens die oorlog duidelik geword dat Brittanje se beperkte begrip van selfbeskikking nie haar onderdane tevrede sou stel nie.[120]

Die bewindsoorname van die Arbeidersparty in 1924 het die kolonies bevoordeel, omdat die party anti-Britse Ryk gesind was.[121] Tydens die Rykskonferensie van 1926 is die Balfour-verklaring aanvaar. Daarin is die status van Brittanje en die dominiums binne Ryksverband gedefinieer: outonome gemeenskappe, gelyk in status en nie onderdanig aan mekaar in enige aspek wat hulle binnelandse of buitelandse beleid betref nie. Die gebiede is deur 'n gemeenskaplike trou aan die Kroon verenig en vrywilliglik aan mekaar verbind deur lidmaatskap aan die Britse Gemenebes van Nasies. In teorie was die gebiede gelykstaande aan die moederland. Die aanvaarding van die Statuut van Westminister in 1931 het enige ongelykhede tussen Brittanje en haar dominiums verwyder. Die gebiede kon nou ook hulle eie

[116]N.Branson, *Britain in the twenties,* p.67; A.Jenkins, *The Twenties,* p.12; J.Montgomery, *The Twenties,* p.113.

[117]N.Branson, *Britain in the nineteen twenties,* p.67.

[118]L.Baily soos aangehaal in E.Mannin, *Young in the twenties,* p.35.

[119]N.Branson, *Britain in the nineteen twenties,* p.68; W.Shellack and S.B.Spies (eds.), *Europe since 1848,* p.254.

[120]R.N.Stromberg, *Europe in the twentieth century,* p.179.

[121]N.Branson, *Britain in the nineteen twenties,* p.68.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



buitelandse beleid bepaal en niks het hulle verhinder om uit die Gemenebes te tree nie.[122]

### 2.2.5 'n Nuwe wêreldmag

Een van die hoofredes waarom die Volkebond misluk het, was die onttrekking van die Verenigde State. Amerika het 'n geskiedenis van isolasionisme gehad en die Amerikaanse volk het president Woodrow Wilson, die vader van die Volkebond, as 'n gevaarlike radikalis gesien wat die Amerikaanse demokratiese stelsel aan die gevare van die Bolsjewiste wou blootstel.[123]

Gebeure tydens die Eerste Wêreldoorlog het die internasionale politieke en ekonomiese toneel drasties verander. Brittanje sou nie sonder die hulp van die Verenigde State die oorlog kon gewen het nie. Omdat daar nie self op Amerikaanse bodem geveg is nie, was die land, anders as sy bondgenote, nie deur die probleme van heropbou gekonfronteer nie. Amerikaanse industrieë het begrip gehad vir die verandering in tegnologie en het die vervaardigingsektor daarvolgens aangepas. Hierdie faktore het daartoe gelei dat Amerika as die sterkste moondheid uit die oorlog getree en Brittanje as wêreldleier vervang het. Die invloed het wyd uitgekring en Amerika het ook op sosiale en kulturele gebied 'n bepalende rol gespeel.[124]

## 2. 3 Die ekonomiese impak van die oorlog

### 2.3.1 Die uitwerking van inflasie

Die oorlog het ononderbroke produksie vereis. Dit het tot tekorte en prysstygings gelei. Inflasie was onvermydelik. Na die oorlog was werkloosheid, behuisingstekorte en stygende lewenskoste 'n realiteit vir die algemene bevolking. [125]

---

[122] J.Montgomery, *The Twenties,* p.156; C.F.J.Muller (red.), *500 jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis,* p.366.

[123] A.Jenkins, *The Twenties,* p.79.

[124] A.Jenkins, *The Twenties,* p.79; J.Montgomery, *The Twenties,* pp.23 & 27.

[125] R.Blythe, *The age of illusion,* pp.6-7.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In 1921 het Brittanje 'n depressie ondervind en twee miljoen mense was skielik sonder 'n inkomste, terwyl sewe miljoen werkers se lone verlaag is. Anders as in die Victoriaanse era toe werkloosheid as 'n skande beshou is, het "living on the dole" 'n lewenswyse geword.[126]

Die oorsaak van Brittanje se swak situasie was die onvermoë om by die nuwe ekonomiese uitdagings aan te pas. Na die oorlog het die tradisionele swaar industrieë plek gemaak vir die vervaardiging van verbruikersgoedere soos motors, radio's en elektriese ware asook luukse items soos kosmetiek. Lugvaart, alhoewel nog in sy kinderskoene en nuwe kommunikasiemiddele sou voortaan ook 'n bepalende rol in die wêreldekonomie speel. Die Verenigde State het die voortou in tegnologiese vernuwing geneem en het die titel "workshop of the world" van Brittanje oorgeneem.[127]

### 2.3.2 Nywerheidsonrus en die opkoms van vakbonde

Voor die oorlog het vakbonde groter erkenning gekry omdat die politici gehoop het dat hulle sou help om die oorlog van korte duur te maak. Die terugkerende soldate is verseker dat hulle hulle poste sou behou, maar werksgeleenthede was skaars. Ten spyte van die Eerste Minister, Stanley Baldwin se bemiddeling, is 3 Mei 1926 met 'n landswye staking begin wat nege dae sou duur en drie miljoen werkers betrek het. Die staking het die middel- en hoër klasse se vrees bevestig dat die werkersunies 'n bedreiging vir hulle lewenswyse ingehou het.[128]

---

[126]R.Blythe, *The age of illusion,* p.7; N.Branson, *Britain in the nineteen twenties,* pp.13-14 & 69; D.Goldring, *The nineteen twenties,* p.5; J.Montgomery, *The Twenties,* p.31.

[127]J.Montgomery, *The Twenties,* p.45; W.Shellack and S.B.Spies (eds.), *Europe since 1848,* p.255.

[128]N.Branson, *Britain in the nineteen twenties,* pp.178-193; J.Montgomery, *The Twenties,* p.142.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

## 2.4 Sosiale omwenteling

### 2.4.1 Die effek van tegnologie: massakommunikasie en massakultuur

Die invloed van die nuwe era na die oorlog is deur die motor, vliegtuig, radio en rolprentwese uitgedra. Tydens die oorlog is motors en radio's op groot skaal vir militêre gebruik vervaardig. Massaproduksie het na afloop van die oorlog voortgegaan en die algemene publiek het die nuwe verbruiker geword. Soos die trein in die Victoriaanse tydperk, het die motor in die twintigste eeu die wêreld kleiner en meer toeganklik gemaak. Charles Lindbergh se Transatlantiese solovlug in 1927 het mense laat besef dat die hele wêreld binne bereik was. Grense is verder deur die radio afgebreek en die wêreld is binne die huise van gewone mense gebring. Massakommunikasie het noodwendig tot standaardisasie en die vestiging van 'n massakultuur gelei.[129]

### 2.4.2 Die gevolge van verstedeliking

Die opkoms van industrieë het tot grootskaalse verstedeliking gelei. Die lewe in groot stede, gepaard met moderne tegnologie wat in die winter hitte en snags elektriese lig verskaf het, het die mens van die natuur vervreem. In die stede is hy blootgestel aan gestandaardiseerde behuising en opvoedkundige stelsels wat hom toenemend van sy individualisme ontneem het.[130]

### 2.4.3 Die vernietiging van die klassesisteem

Voor-oorlogse Brittanje is deur 'n definitiewe skeiding tussen die aristokrasie, die middel- en die werkersklas gekenmerk. Op politieke, ekonomiese en sosiale gebied het hulle in verskillende sfere beweeg en hierdie grense is nooit oortree nie. Tydens die oorlog was die dood die groot gelykmaker. Ongeag van rang het soldate dieselfde ervarings in die loopgrawe gehad en groot verliese is deur almal gely. Na die oorlog

---

[129] R.N.Stromberg. *Europe in the twentieth century,* p.180.

[130] A.Potter, *The context of literature written in English,* pp.261-262.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het die proses van gelykmaking byvoorbeeld daartoe gelei dat die verskillende klasse nie meer op grond van hulle kleredrag uitgeken kon word nie.[131]

Die veranderende wêreld het egter nie meer vir die landelike adel plek gehad nie. Die ekonomiese basis wat die adel ondersteun het, het verdwyn. Baie jong adellikes het in die oorlog omgekom. Sonder 'n opvolger en 'n broodwinner moes die landgoedere verkoop word en die ou herehuise is in museums en kantore omskep.[132]

Aan die een kant het die middelklas by die na-oorlogse situasie gebaat: as vergoeding is die terugkerende soldate die geleentheid gegee om aan universiteite soos Oxford en Cambridge te studeer, wat voorheen uitsluitlik vir die adel en gegoede middelklas toeganklik was. Dit het hulle werksgeleenthede verbeter.[133] Aan die ander kant het die ekonomiese situasie die middelklas nadelig getref en joernaliste, skrywers en kunstenaars het as huurmotorbestuurders, sjokoladesmouse of draai-orrelspelers op straathoeke 'n bestaan gemaak. Stygende inflasie tesame met die vermindering in salarisse het baie middelklasgesinne van die gerieflike lewe ontneem wat hulle tydens die Victoriaanse era geniet het.[134]

Werkersklaslewe is aansienlik deur na-oorlogse veranderinge verbeter. Net soos die middelklas het die soldate uit werkersklasgesinne ook geleentheid gekry om verder te studeer. Met die uitbreiding van stemreg kon die werkers ook vir die eerste keer verteenwoordigers kies wat hulle belange op die hart gedra het.[135]

Die klassestruktuur het nogtans nie finaal verdwyn nie. 'n Ou orde het net vir 'n nuwe klasseverdeling plek gemaak. Die "nouveau riche" wat hulle fortuine tydens die oorlog gemaak het, het na vore getree.[136] Die nuwe bevoorregtes was geharde

---

[131]R.O.Paxton, *Europe in the twentieth century,* pp.3, 51 & 91; D.Goldring, *The nineteen twenties,*p.16; A. Jenkins, *The Twenties,* p.173.

[132]N.Branson, *Britain in the nineteen twenties,* p.2; J.Montgomery, *The Twenties,* p.51.

[133]N.Branson, *Britain in the nineteen twenties,* p.92.

[134]F.S.Fitzgerald, *The Great Gatsby,* p.158; D.Goldring, *The nineteen twenties,* p.5.

[135]N.Branson, *Britain in the nineteen twenties,* p.92; I.Colegate, *The shooting party,* p.181.

[136]D.Goldring, *The nineteen twenties,* p.16; G.Howell, *In Vogue,* p.16.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kapitaliste wat tydens die oorlog hulle fortuine ten koste van ander gemaak het. Die onderskeid tussen "gentleman and player" en "club and pub" het bly staan. Die klubhuis het egter vir die nagklub plek gemaak. Die nuwe geslag se leefwyse word ook beskou as die oorsprong van die morele verval wat na die oorlog ingetree het.[137]

## 2.5 Die tydgees

### 2.5.1 Godsdiens

Na die oorlog is die kerk se posisie in die samelewing ernstig bevraagteken. Die Anglikaanse Kerk (The Church of England) het Brittanje se toetrede tot die oorlog nie net verdedig nie, maar ook aangemoedig. Van die preekstoel is verkondig dat God aan die kant van die Geallieerdes sou veg en biskoppe het tenks en kanonne geseën voordat dit na die front verskeep is.[138]

In teenstelling met die eensydige leiding van die Anglikaanse geestelikes voor en tydens die oorlog, was die algemene gevoel na afloop van die oorlog dat die predikante te negatief was, sonder om 'n alternatief daar te stel. Al het gemeentes kleiner geword, het dit nie beteken dat mense geen behoefte aan geestelike leiding gehad het nie. Inteendeel - in die veranderende samelewing waar alle sekerhede besig was om te verdwyn, was daar 'n groter behoefte aan betekenisvolle geestelike leiding. Mense wat selfs bereid om feitlik enige godsdiens, hoe eienaardig ook al, tebeproef.[139]

### 2.5.2 Moderne kennissisteme

"Here was a new generation, grown up to find all Gods dead, all wars fought, all faiths in man shaken" is die woorde waarmee F. Scott Fitsgerald die samelewing in die twintigerjare opgesom het.[140] In die negentiende eeu het die mens sy geloof in

---

[137]R.Blythe, *The age of illusion,* p.6, A.Jenkins, *The Twenties,* p.175.

[138]N.Branson, *Britain in the nineteen twenties,* p.243; A.Jenkins, *The Twenties,* p.208.

[139]A.Jenkins, *The Twenties,* pp.210-211; J.Montgomery, *The Twenties,* p.64.

[140]K.E.Eble (ed.), *F.Scott Fitzgerald, a collection of criticism,* p.34.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wetenskaplike vooruitgang geplaas, maar aan die begin van die twintigste eeu het dit gelei tot die ontwikkeling van wapens van massavernietiging. Die nietigheid van die mens is in die filosofiese denke van die tyd weerspieël. Sigmund Freud het die mens as draer van onbeheerbare begeertes gesien wat bloot meganies reageer. Volgens die Eksistensialiste was daar geen basis waarop die mens sy lewe kon bou nie en moes hy sy eie moraliteit skep. Selfs Marxisme wat in hierdie tydperk sterk na vore gekom het, het menslike aktiwiteite bloot in 'n meganiese lig gesien.[141]

### 2.5.3 Ontsnapping

Die sleutelvraag van die tydperk was hoe om weer 'n betekenisvolle lewe te lei. Die stabiliteit wat die Edwardiaanse era gebied het, met duidelike beskouings oor reg en verkeerd, is vernietig en 'n toenemende gevoel van onsekerheid het posgevat. Daar kon nie meer op die verlede teruggeval word nie, maar die toekoms het ook nie hoop gebied nie.[142] Die oplossing vir baie was om van die werklikheid te ontsnap: "while waiting for Godot, we can do a great deal more than start pessimistic conversations; we can instead go on a trip of the imagination".[143]

Die "Bright Young Things" was die jong geslag wat vasbeslote was om die gruwels van die oorlog te vergeet. Hulle leuse was "Let's do it!" en hulle was bereid om enigiets te probeer mits dit mense sou skok.[144]

#### 2.5.3.1 Oosterse en Afrika - invloed

Enige vreemde kultuur het die mense se verbeelding aangegryp. Die Oosterse en Afrika-kulture het sekerlik die grootste invloed op die massa-kultuur gehad. Na die Russiese rewolusie het Sergie Diaghilev en sy balletgeselskap na Parys gevlug. Die kombinasie van die amper barbaarse skoonheid van die kostuums en die dekor, die

---

[141]A. Potter, *The context of literature written in English*, pp.266-268.

[142]A.Jenkins, *The Twenties,* p.191.

[143]E.Waugh, *Vile bodies,* p.19.

[144]R.Blythe, *The age of illusion,* p.64; D.Goldring, *The nineteen twenties,* p,10; J.Montgomery, *The Twenties,* p.15.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

verbysterende tegniek van dansers soos Karsavina, Pavlova, Nijinsky en Massine en die musiek van Rimsky-Korsakov, Stravinski en Debussy het 'n romantiese ontsnappingsfantasie geskep.[145]

In 1923 het die ontdekking van die grafkelder van koning Tutankamen deur lord Carnavon 'n "Tutmanie" ontketen. Egiptiese motiewe en hiërogliewe is op modebykomstighede van handsakke tot sigarethouers aangebring en kleure soos sakkara, lotus en kornalyn is gebruik. [146]

### 2.5.3.2 Die Jazz-era

Die meeste van die nuwe vermaaklikheidsvorme het van die Verenigde State oorgewaai. Jazz-musiek met sinkopiese ritmes en die kombinasie van trompet en saxofoon het groot skares getrek.[147] Saam met die jazz-ritmes het nuwe danse soos die "Charleston", "Fox trot" en "Missouri walk" gekom, wat 'n dansgier laat ontstaan het wat die hele dekade voortgeduur het. Daar is van die middag af al gedans met die instelling van "dancing teas". In die aand is verder in nagklubs gedans.[148]

### 2.5.3.3 Kabaret en teater

Tydens die Victoriaanse era het die Britte teaterproduksies van die Europese vasteland as immoreel beskou. In die na-oorlogse gees van groter internasionalisme, is veral Franse en Duitse produksies in Brittanje op die planke gebring. Die kabaret *Revue Nègre* het in die twintigerjare by die "Folies Bergère" in Parys geopen. Die swart danseres Josephine Baker, geklee in kostuums van vere of trosse piesangs, het oornag 'n sensasie geword. Sy is as 'n besetene en 'n glinsterende dansmasjien beskryf.[149]

---

[145]G.Howell, *Fashion in Vogue: 75 of style,* p.18.

[146]J.Herald, *Fashion of a decade. The 1920's.* p.44.

[147]J.Montgomery, *The Twenties,* p.15.

[148]N.Branson, *Britain in the nineteen twenties,* p.91.

[149]J.Herald, *Fashion of a decade. The 1920's*, p.23; G.Howell, *In Vogue: 75 years of style,* p.34.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Berlyn was die sentrum vir eksperimentele teater en het begin om naturalisme met stilisme te vervang. Die Duitse Ekspressionisme het gepoog om ‘n afstand tussen die gehoor en die opvoering te bewerkstellig en sodoende die individu se verswelging deur die massa uit te beeld. Die karakters het nie eiename gehad nie, maar daar is na hulle as “die man” of “die vrou” verwys. *The Treepenny Opera* was ‘n sprekende voorbeeld van hierdie styl. Die Engelse dramaturg Noël Coward het gehore met sy drama *Vortex* geskok, omdat dit die eerste keer was dat dwelmgebruik openlik uitgebeeld is. Die werk is ‘n uitbeelding van die kolkende massa-samelewing waarin die individu hom bevind en sy onvermoë om daarvan te ontsnap. [150]

### 2.5.3.4 Films

Die fantasiewêreld van romanse en drama wat films gebied het, was ‘n ontsnappingsmedium wat vir die gewone mens bereikbaar was. Filmsterre het ‘n lewe van avontuur, luukse en skoonheid voorgestel, wat deur almal beny is.[151]

### 2.5.3.5 Helde van die tydperk

NaCharles Lindbergh se Trans-Atlantiese solovlug was hy oornag ‘n held - veral van seuns wêreldwyd. Die Britte het ook ‘n held op eie bodem gehad, naamlik T.E. Lawrence, beter bekend as Lawrence van Arabië. Mense was só uitgehonger vir enigiets wat net effe eksoties en wêreldvreemd was, dat hulle die oordrewe stories oor sy heldedade in die Saharawoestyn opgeslurp het.[152]

Oud-soldate het die prins van Wallis as hulle held beskou, omdat hy daarop aangedring het om aktief in die oorlog te veg. Sy besoeke aan die industriële gebiede van Brittanje wat die ergste deur die depressie geraak is, het die hele koninklike

[150]G.Howell, *In Vogue:75 years of style,* pp.39 & 49; A.Potter, *The context of literature written in English,* p.165

[151]D.Bond, *The Guinness guide to 20th century fashion,* p75; A. Potter, *The context of literature written in English,* p.271.

[152]R.Blythe, *The age of illusion,* pp.63-72; A.Jenkins, *The Twenties,* p.44.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

familie se aansien laat styg en as ambassadeur vir die Britse Ryk het hy wêreldwyd harte verower.[153]

Dit is egter nie sy heldedade tydens die oorlog wat die prins beroemd gemaak het nie, maar eerder sy deelname aan die vermaaklikheidsaktiwiteite van die "Bright Young Things". Die Charleston is as vulger beskou totdat hy sy entoesiasme daarvoor uitgespreek het. Sy informele klerestyl het aanvanklik 'n paar wenkbroue laat lig, maar gou was hy 'n toonaangewer vir mansmodes. Die Amerikaanse tydskrif, *Vanity Fair,* het die prins soos volg beskryf: "Hats off to David, the indestructible dancing, drinking, tumbling, kissing, walking, talking, and sleeping - but not marrying - idol of the British Empire".[154]

#### 2.5.3.6 Die invloed van die motor

Motors het in die twintigerjare 'n romantiese aantrekkingskrag gehad. Dit was 'n statussimbool wat spoed en kragtige masjinerie versinnebeeld het. Henry Ford se bekostigbare Model T het familie-uitstappies per motor moontlik gemaak. Vakansies het 'n nuwe betekenis gekry. In die somer het mense na strandoorde gestroom en in die winter het dié wat dit kon bekostig by luukse Switserse oorde gaan ski. [155]

## 2.6 Herlewing van die kunste

Vir die Britse bevolking wat in die 19de eeu feitlik afgesluit was van Europses kunsontwikkelinge, was die nuwe bewegings 'n skokkende ervaring. Die modernistiese beweging wat voor die oorlog begin het, het na afloop van die oorlog 'n dramatiese oplewing met 'n rewolusionêre uitdagende geneigdheid getoon. Franz Kafka se vriend Max Brod het verklaar dat die verskil in die kunste van voor en na

---

[153]R.Blythe, *The age of illusion,* p.17; A.Jenkins. *The Twenties,* pp.49-50; J.Montgomery, *The Twenties,* pp.24 & 235-241.

[154]A.Jenkins, *The Twenties,* pp.49-50; S.Menkes, *The Windsor style,* p.6; J.Montgomery, *The Twenties,* pp.235-241.

[155]N.Branson, *Britain in the nineteen twenties,* pp.220-226; G.Howell, *In Vogue: 75 years of style,* p.32; A.Jenkins, *The Twenties,* pp.24 234-35; R.N.Stromberg, *Europe in the twentieth century,* p.179.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

1914 só groot was dat dit moeilik was om te glo dat dit op dieselfde planeet plaasgevind het.[156]

Skrywers soos Kafka, Thomas Mann, Marcel Proust, Joyce, Eliot, Yeats, Virginia Woolf en D.H. Lawrence; skilders soos Kandinski, Klee, Modigliani en Picasso; argitekte soos Gropius en Le Corbusier het hulle loopbane reeds voor die oorlog begin, maar dit was na die oorlog dat hulle ten volle ontwikkel en beroemdheid verwerf het. Die oorlog het die gesag van tradisie afgebreek en sodoende die publiek voorberei op die vreemde, nuwe kuns. Nogtans het die ontwikkelings mense geskok en 'n geweldige impak gemaak. [157]

### 2.6.1 Letterkunde

Die skrywers van die twintigerjare het oorgeneem by oorlogskrywers soos Wilfred Owen, Siegfried Sassoon en Erich Maria Remarques - skrywers wat gesag begin bevraagteken het. James Joyce se *Ulysses* is aanvanklik in Engeland verban en in Parys gepubliseer. Dit is 'n kommentaar op die verval van die mensdom sedert Homerus se tyd. Sy gebruik van mense se ongeredigeerde gedagtes wat irrasioneel en kompleks is, kan as 'n ontvlugting van die sosiale orde gesien word.[158]

Die ontnugtering in die Westerse beskawing is in T.S. Elliot se gedig *The Wasteland* uitgebeeld. Die Ierse digter W.B. Yeats en F. Scott Fitzgerald het Elliot se sinisisme gedeel. Teen die agtergrond van die glansryke Jazz-era was Fitzgerald se lewe self 'n toonbeeld van die mens se onsekerheid: sy ontvlugting van die werklikheid en sy uiteindelike verval is aspekte wat in sy romans na vore kom.[159]

---

[156]R.N.Stromberg, *Europe in the twentieth century,*p.164.

[157]R.O.Paxton, *Europe in the twentieth century,* p.121; R.N.Stromberg, *Europe in the twentieth century,* p.164.

[158]R.O.Paxton, *Europe in the twentieth century,* p.121; A.Potter, *The context of literature written in the English language*, p.263.

[159]R.N.Stromberg, *Europe in the twentieth century,* p.165 & 167.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

### 2.6.2 Kuns

Die moderne skilders en beeldhouers het gepoog om hulle individuele estetiese bewussyn uit te druk en kuns uit innerlike chaos te skep. Hulle het onder verskillende vaandels gewerk; Ekpressionisme, Abstraksionisme, Kubisme, of Surrealisme, maar hulle het saamgestem oor die beginsel van "verwyderd van die voorwerp". Hulle het gepoog om die wêreld nie realisties voor te stel nie - iets wat die kamera kon doen. Hulle inspirasie het uit 'n innerlike visie of verbeeldingskrag gekom. Die Surrealiste het die onderbewussyn ontgin, terwyl die Simboliste na iets diepers as die eksterne verskynsels in die natuur gesoek het. Die sielkundige opvattings van Freud en Jung het die nuwe kunsbeweging sterk beïnvloed.[160]

Hierdie non-verteenwoordigende kuns het uit 'n begeerte ontstaan om uit die bestaande realiteit na 'n innerlike wêreld van verbeelding, 'n abstrakte wêreld van geometriese patrone, 'n ideale of 'n metafisiese wêreld te ontsnap. Klee, Kandinsksy, Picasso en Mondriaan was sekere van die kunstenaars wat hierdie nuwe lewensbeskouing uitgebeeld het. [161]

### 2.6.3 Argitektuur

Argitekte het geheel en al van die ou style - klassiek, goties en barok - weggebreek en probeer om 'n nuwe boustyl daar te stel. Die doel was om 'n unieke styl te skep wat eie aan die twintigste-eeuse beskawing was en die elemente van verstedeliking, industrialisasie en moderne tegnologie vervat het, maar wat terselfder tyd nog esteties bevredigend was. Van die groot name van die argitektoniese rewolusie was die Franssprekende Switser, Le Corbusier en Walter Gropius, die vader van die Bauhaus-beweging.[162]

---

[160] R.N.Stromberg, *Europe in the twentieth century,* p.165.

[161] G.Howell, *In Vogue: 75 years of style,* pp.28 & 38; R.N.Stromberg, *Europe in the twentieth century,* p.165.

[162] R.N.Stromberg, *Europe in the twentieth century,* p.166.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

### 2.6.4 "Art Deco"

Die "Art Deco"-styl is deur die Kubisme, die Bauhaus-beweging, die kuns van die Asteke en die ryk kleure van die Russiese ballet geïnspireer. Dit het 'n einde aan 'n periode van massakopiëring gebring. Die invloed van "Art Deco" het in die argitektuur, binneshuisversiering, grafiese en industriële ontwerp en modeontwerp neerslag gevind. Die skoon en eenvoudige lyne van die masjienera is weergegee. [163]

## 2.7 Opsommend

Die twintigerjare in Brittanje was 'n dekade van teenstrydighede. Onderliggend aan najaag van plesier was 'n gevoel van nihilisme. Die vinnige lewenstenpo en rusteloosheid kon nie die onsekerheid besweer wat op elke terrein van die samelewing teenwoordig was nie. Ten spyte van hulle pogings om die lewe te geniet, kon die "Bright Young Things" nie die massas ignoreer wat vir werkloosheidversekering en voedselkoepons tougestaan het nie. Met die ineenstorting van die aandelemark in 1929 het die realiteit hulle ingehaal en die glinster-tydperk is afgesluit.[164] Die modeverskynsels van die twintigerjare weerspieël die gees van die tyd treffend: die gees van losbandigheid wat oorgegaan het in 'n toenemende gevoel van onsekerheid kan in die verandering van die modes tydens die dekade gesien word.

# 3. Suid-Afrika in die twintigerjare

## 3.1 Die nalantenskap van die Eerste Wêreldoorlog

Die Eerste Wêreldoorlog het, soos in Brittanje, 'n bepalende invloed op Suid-Afrika gehad. As 'n Britse koloniale gebied is Suid-Afrika direk deur gebeure in die moederland beïnvloed. Suid-Afrikaanse troepe was in Suidwes-Afrika, Oos-Afrika en

[163]G. Howell, *Fashion in Vogue: 75 years of style,* p.40.

[164]L.Bailey, *Scrapbook of the twenties* soos aangehaal in E.Mannin, *Young in the twenties,* pp.56-57.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

in Vlaandere op die gevegsfront en het ook swaar verliese gely. Suid-Afrika was ook een van die lande wat die swaarste deur die griepepidemie van 1918 getref is. [165]

Binnelandse gebeure het die verwikkelings op die gevegsfront oorskadu. As 'n dominium van Brittanje was Suid-Afrika outomaties by die oorlog betrek. Brittanje het die Eerste Minister, generaal Louis Botha, versoek om Duits-Wes-Afrika in te val. Baie Afrikaners was ontevrede oor die besluit. Hulle sou eerder saam met Duitsland teen Brittanje veg, omdat Duitsland tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) die Boererepublieke se kant gekies het. Verder het hulle gehoop dat met 'n Duitse oorwinning Suid-Afrika onafhanklik van Brittanje sou word. Die ontevredenheid het in 'n rebellie teen die regering oorgegaan. Die wyse waarop die regering teen die rebelle opgetree het, het die situasie verder vertroebel en baie Afrikaners vervreem.[166]

Die tydperk na die oorlog was vir die Afrikaner, net soos sy Britse tydgenote, 'n tyd van groot veranderinge. Die veranderinge wat in die Suid-Afrikaanse samelewing plaasgevind het, was egter 'n voortsetting van dit wat reeds ná die Anglo-Boereoorlog begin is. Die Afrikaner het sy verliese ook anders ervaar. In Brittanje was die vernietiging van die ou orde 'n proses wat reeds in die vorige eeu begin het en wat nie weer omgekeer of gestuit kon word nie. Dit was eerder 'n denk- en leefwyse wat in die moderne wêreld nie meer 'n plek gehad het nie en stelselmatig afgetakel is. Die Afrikaner daarenteen het sy verlore onafhanklikheid as iets tasbaars ervaar wat weer teruggewen kon word. In 'n era waar die selfbeskikking van minderheidsgroepe op die voorgrond was, was dit die hoofdoelwit wat die Afrikaner nagestreef het.[167]

Die Afrikaner se eiesoortige ingesteldheid teenoor die na-oorlogse wêreld het 'n bepalende invloed op die tydgees gehad. Waar die Britte, soos ander Europeërs,

---

[165]B.J.Liebenberg and S.B.Spies (eds.), *South Africa in the 20th century,* p.122; C.Saunders (ed), *Reader's Digest Illustrated History of South Africa,* p303; E.L.P.Stals (red), *Afrikaners in die Goudstad I,* pp.26-28.

[166]T.Cameron en S.B.Spies (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld,* pp.102-104; B.J.Liebenberg and S.B.Spies (eds.), *South Africa in the 20th century,* p.99-102;C.Saunders (ed), *Reader's Digest Illustrated History of South Africa,* pp.301-303; E.L.P.Stals (red), *Afrikaners in die Goudstad I,* pp.38, 86-88.

[167]A.Potter, *The context of literature written in English,* pp.256-258.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



probeer het om van die probleme van die moderne samelewing te ontsnap deur wilde partytjies en nuwe eksotiese danse, was dit vir die Afrikaner 'n tyd van hernude stryd: 'n stryd om die behoud van die Afrikanervolk, sy taal en kultuur.

## 3.2 Politieke ontwikkelings

Anders as in Brittanje, waar die bevolking min in politieke gebeure belanggestel het[168], was die Afrikaners intens polities bewus. Die Anglo-Boereoorlog het die einde van die twee Boererepublieke se onafhanklikheid beteken. Lord Alfred Milner, die Britse Hoë-Kommissaris, het gehoop dat die oorlog Afrikanernasionalisme sou vernietig. Die groot lewensverliese wat veral vroue en kinders ingesluit het, asook die verskroeide-aarde-beleid het die Boere se moraal omdermyn, maar hulle republikeinse ideaal het bly voortbestaan. Uitsprake van Milner soos dat hy 'n "Britse raspatriot" is, en die beleid van verenigelsing wat hy ingevoer het, is deur die Boere as 'n bedreiging vir hulle voortbestaan gesien en Afrikanernasionalisme is aangewakker wat deur die Eerste Wêreldoorlog op 'n spits gedryf is.[169]

Louis Botha is kort na die oorlog oorlede. Die tragedie van sy loopbaan was dat hy só graag Afrikaners en Engelse wou verenig, dat hy blind vir die krag van Afrikanernasionalisme was. Hy is deur generaal J.C.S muts opgevolg, 'n briljante persoon, wat egter nie die charismatiese persoonlikheid van Botha gehad het nie. [170]

Smuts is met geweldige probleme gekonfronteer. Rassekonflik, soos die regeringsoptrede teen die Bondelswartstam in Suidwes-Afrika en teen die Israeliete, 'n sekte in die Queenstown-distrik, het die blankes onrustig oor hulle toekoms gemaak. Die Suid-Afrikaanse Party (SAP) het nie 'n duidelik omskrewe rassebeleid gehad nie. Die rasseprobleem, gekoppel aan opkomende Afrikanernasionalisme, het

[168]E.Mannin, *Young in the twenties,* p.57.

[169]E.L.P.Stals (red), *Afrikaners in die Goudstad II,* p.89.

[170]T.Cameron en S.B.Spies (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld,* p. 241.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



generaal J.B.M. Hertzog, die leier van die Nasionale Party in staat gestel om die SAP in 1924 met die hulp van die Arbeidersparty te verslaan. [171]

## 3.3 Die staatkundige posisie van Suid-Afrika

Hertzog het as Eerste Minister hom beywer om sy beleid van "Suid-Afrika eerste" 'n realiteit te maak. Na afloop van die Rykskonferensie in 1926 is die Balfourverklaring uitgereik waarvolgens dominiums as outonome gemeenskappe met gelyke status as Brittanje erken is.[172]

Om sy nuwe status as 'n onafhanklike staat te bevestig, het Hertzog in 1927 'n eie Departement van Buitelandse Sake ingestel en in 1929 is die eerste diplomatieke verteenwoordigers na Nederland, Italië en die Verenigde State van Amerika gestuur. Die Statuut van Westminster wat in 1931 aanvaar is, het enige oorblywende ongelykhede wat status tussen Brittanje en die dominiums betref, verwyder.[173]

Die aanvaarding van 'n eie nasionale vlag om die Unie se onafhanklikheid te onderstreep, het onenigheid tussen Afrikaans- en Engelssprekendes veroorsaak. Die wetgewing is reeds in 1925 deur die minister van Binnelandse Sake, dr. D.F. Malan, ingedien, maar dit is eers in 1928 goedgekeur. Die vlagsimboliek het die hele land verdeel, wat slegs deur 'n kompromie opgelos is tussen diegene wat Afrikaneroorheersing en afskeiding van die Britse Ryk gevrees het en Afrikaners wat enige Britse simbool as 'n teken van Britse imperialisme gesien het.[174]

---

[171]L.Callinicos, *A people's history of South Africa II,* pp.87, 108-109; C.Saunders (ed), *Reader's Digest Illustrated History of South Africa,* p318; E.L.P.Stals (red), *Afrikaners in die Goudstad II,* p.90.

[172]B.J.Liebenberg and S.B.Spies (eds.), *South Africa in the 20th century,* pp200-202.

[173]*Ibid.,*pp.200-201.

[174]L.Callinicos, *A people's history of South Africa I,* pp.79-80; T.Cameron and S.B.Spies, *Nuwe geskiedenis vir Suid-Afrika,* p.250; C.Saunders (ed), *Reader's Digest Illustrated History of South Africa,* p302.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

## 3.4 Ekonomiese ontwikkelings

### 3.4.1 Die ekonomiese gevolge van die oorlog

Tydens die oorlog het Suid-Afrika 'n ekonomiese opbloei beleef en van 'n landbou- na 'n industriële land verander. Die na-oorlogse ekonomiese insinking het die land se ekonomie egter 'n ernstige knou gegee en die toestand is deur 'n droogte vererger. Dit het die ruggraat van die ekonomie, naamlik die mynbedryf, ook benadeel en nywerheidsonrus het toegeneem.[175]

### 3.4.2 Nywerheidsonrus

Die wêreldwye ekonomiese insinking in 1921 het die goudprys nadelig getref. Stygende produksiekoste het die voorbestaan van mynmaatskappye in gevaar gestel en tot die besnoeiing van lone gelei. Dit het veral die posisie van halfgeskoolde blanke werkers in gevaar gestel wat hoër besoldiging as hulle swart eweknieë otvang het. Smuts se pogings om die Kamer van Mynwese en die vakbonde se geskille by te lê, was tevergeefs en die steenkool- en goudmynwerkers het begin staak.[176]

Die regering het aanvanklik 'n "laat-maar-loop"-houding ingeneem, maar later het Smuts 'n "plat-skiet"-beleid gevolg en die staking het met bloedvergieting geëindig. Alhoewel die staking in 'n neerlaag vir die vakbonde uitgeloop het, het die regering se optrede hulle posisie verstewig: waar sommige werkers, veral Afrikaanssprekendes, voor die staking vakbonde as Marxisties-kommunistiese instellings beskou het, het hulle besef dat vakbonde 'n waardevolle bondgenoot was.[177]

Die vakbondwese in Suid-Afrika het in die volgende opsig van dié in Brittanje verskil: die vakbonde in Brittanje was suiwer volgens klas gestruktureerd. Die

[175]B.J.Liebenberg and S.B.Spies (eds.), *South Africa in the 20th century*, pp.145-146; E.L.P.Stals (red), *Afrikaners in die Goudstad II*, pp.38, 40-41.

[176]L.Callinicos, *A people's history of south Africa I*, pp.82-82; C.Saunders (ed), *Reader's Digest Illustrated History of South Africa*, p306-308; E.L.P.Stals (red), *Afrikaners in die Goudstad I*, pp.84-92; E.L.P.Stals (red), *Afrikaners in die Goudstad II*, p.63.

[177]T.Cameron en S.B.Spies, *Nuwe geskiedenis vir Suid-Afrika*, pp.246-247; T.R.H.Davenport, *South Africa. A modern history*, pp.282-283.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



werkersvakbonde het hulle lede se belange teen die myn- en fabriekseienaars beskerm, wat aan 'n ander klas behoort het. In Suid-Afrika het ras 'n bepalende rol gespeel en afsonderlike vakbonde is vir blankes en swartes gestig. Die taak van die blanke vakbonde was om die kleurslagboom te handhaaf, wat blankes ten koste van swart werkers bevoordeel het.[178]

### 3.4.3 Die Nasionale Party se ekonomiese beleid

Sedert die 1880's het duisende onopgeleide Afrikaners na die stede getrek op soek na werk. Tydens die oorlog is van die opgeleide Engelssprekende werkers opgeroep en moes Afrikaners die werk verrig. Die persentasie verstedelike Afrikaners het in die tydperk met 20% gestyg. Die skielike toename het die reeds ernstige armblanke-vraagstuk vererger. Alhoewel Afrikaners nie die aanvoerders van die 1922-staking was nie, het die uitkoms hulle direk geraak. Die kleurskeidslyn wat hulle teen goedkoop nie-blanke arbeid beskerm het, is afgeskaf en lone is verlaag. [179]

Die Nasionale Party het 'n beleid van "beskaafde arbeid teen 'n beskaafde tarief" gevolg. Die beleid het neerslag in die *Loonwet* van 1925 en die *Wysigingswet op Myne en Bedrywe* van 1926 gevind. Daardeur is die inkomste van ongeskoolde blanke arbeiders beveilig en die kleurslagboom weer ingestel.[180]

### 3.4.4 Die opkoms van Afrikaanse besighede

Om meer werkgeleenthede vir blankes te skep is staatondernemings ontwikkel, waarvan die Yster- en Staalkorporasie (YSKOR), die grootste was. Naas die staatsinstansies het Afrikaanse besighede begin gedy. Nasionale Pers is reeds in 1915

---

[178]L.Callinicos, *A people's history of South Africa II,* pp.86-87; B.J.Liebenberg and S.B.Spies (eds.), *South Africa in the 20$^{th}$ century,* pp.150-151; E.L.P.Stals (red), *Afrikaners in die Goudstad I,* pp.44,59; E.L.P.Stals (red), *Afrikaners in die Goudstad II,* pp.63-64.

[179]L.Callinicos, *A people's history of South Africa I,* pp.84-85; L.Callinicos, *A people's history of South Africa II,* pp.126-127; B.J.Liebenberg and S.B.Spies (eds.), *South Africa in the 20$^{th}$ century,* p.146; E.L.P.Stals (red), *Afrikaners in die Goudstad I,* pp.44,59; E.L.P.Stals (red), *Afrikaners in die Goudstad II,* p.65.

[180]T.Cameron en S.B.Spies (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld,* p.251; E.L.P.Stals (red), *Afrikaners in die Goudstad I,* pp.90-92.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

gestig, SANLAM en SANTAM in 1918 en die KWV en die Afrikaanse Verbond Begrafnis Ondernemings Beperk (AVBOB) is in 1921 gestig. Nogtans was die Afrikaner nog nie 'n gerekende faktor in die kommersiële wêreld nie. Die Afrikaner Broederbond, wat uit die beweging Jong Suid-Afrika ontstaan het, is om hierdie rede gestig en het hom beywer vir die ekonomiese opheffing van die Afrikaner.[181]

## 3.5 Sosiale orde

Uit die aard van die samestelling van die blanke bevolking in Suid-Afrika, was daar nie so 'n streng hiërargiese klasseverdeling soos in Brittanje nie. Die stryd is eerder tussen verskillende bevolkingsgroepe gevoer: aan die een kant tussen blank en swart, maar ook tussen blankes wat Brittanje as hulle moederland gesien het en dié wat gevoel het dat Suid-Afrika hulle ware tuiste was. Die afwatering van die klasseverdeling in Brittanje het dus nie 'n groot impak op die Suid-Afrikaanse bevolking gehad nie.

Grondbesit in Suid-Afrika was ook nie soos in Brittanje in die hande van die adel nie, maar die boere, wat grotendeels Afrikaanssprekend was. Die verskroeide-aarde-beleid wat tydens die Anglo-Boereoorlog gevolg is, sowel as die aard van Afrikaner-grondverwerwing, onwetenskaplike boerderymetodes en natuurrampe het van die boere genoodsaak om hulle plase te verkoop en as armblankes in die stede 'n heenkome te vind. Vir die Afrikaners was dit 'n geweldige aanpassing, omdat hulle hulle politieke en ekonomiese onafhanklikheid moes prysgee.[182]

Hierdie neiging van sosiale demobilisasie is na die Eerste Wêreldoorlog voortgesit. Die doel van die Nasionale Party se ekonomiese beleid was om hierdie negatiewe neiging om te keer. Veral in staatsinstansies is werksreservering streng toegepas en

[181]L.Callinicos, *A people's history of south Africa II,* p.126; B.J.Liebenberg and S.B.Spies (eds.), *South Africa in the 20th century,* pp.199 & 245; C.Saunders (ed), *Reader's Digest Illustrated History of South Africa,* p334-336; E.L.P.Stals (red), *Afrikaners in die Goudstad I,* p.60.

[182]B.J.Liebenberg and S.B.Spies (eds.), *South Africa in the 20$^{th}$ century,* p.34; E.L.P.Stals (red), *Afrikaners in die Goudstad I,* pp.48-50, 61.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die Afrikaanssprekende mans wat in die staatsdiens 'n heenkome gevind het, was dikwels die eerste van hulle families wat witboortjiewerk verrig het.[183]

## 3.6 Tydgees

### 3.6.1 Godsdiens

Die Nederlanders en Franse wat hulle in die 17de eeu aan die Kaap gevestig het, was Calvinistiese Protestante. Volgens hulle beskouing was Calvinisme die enigste ware geloofsvorm wat volgens hulle, hulle apart van ander gelowe onderskei het. Calvinisme was dus die grondslag van die Afrikaner se lewens- en wêreldbeskouing. Omdat die Bybel as maatstaf in alle aspekte van die Afrikaner se lewe gebruik is, het dit meegebring dat die Afrikaner aan die een kant 'n hoë sedelike peil gehandhaaf het. Aan die ander kant het dit ook tot konserwatisme en onbuigsaamheid gelei wat selfs as koppigheid bestempel kan word .[184]

Die Calvinistiese beginsel dat elke mens net deur sy persoonlike geloof in God salig kan word, het 'n sterk individualisme by die Afrikaner laat ontstaan. Die isolasie wat die pioniersbestaan meegebring het, het hierdie gevoel versterk. In die 20ste eeu, waar individualisme in die Westerse wêreld grootliks verdwyn het, is dit 'n prysenswaardige eienskap, maar dit het die Afrikaner ook beterweterig en wantrouig gemaak.[185]

Ten spyte van die vernietigende neerlaag wat die twee Boererepublieke tydens die Anglo-Boereoorlog gely het, het dit nie 'n negatiewe impak op hulle geloofslewe gehad nie. In die konsentrasie- en krygsgevangeniskampe het godsdiens ook 'n

---

[183]E.L.P.Stals (red), *Afrikaners in die Goudstad I,* pp.146-147.

[184]P.S.Dreyer. Tipering van Afrikanerskap, in P.G.Nel (red.), *Die kultuurontplooiing van die Afrikaner,*pp.38-39; E.L.P.Stals (red), *Afrikaners in die Goudstad I,* pp.139-142; E.L.P.Stals (red), *Afrikaners in die Goudstad II,* p.119.

[185]P.S.Dreyer. Tipering van Afrikanerskap, in P.G.Nel (red.), *Die kultuurontplooiing van die Afrikaner,*p.47; E.L.P.Stals (red), *Afrikaners in die Goudstad I,* p.147; E.L.P.Stals (red), *Afrikaners in die Goudstad II,* p.119.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

belangrike rol gespeel en onder die haglike toestande het daar self 'n groter belangstelling in godsdiens ontstaan. [186]

Die Afrikaner het homself ook nooit in 'n situasie bevind waar die kerk hom met 'n onderdrukkende owerheid vereenselwig het nie. Die kerk het daarinteen in die politieke-, taal- en kultuurstryd leiding geneem. By die Afrikaner het daar dus nie 'n negatiewe ingesteldheid teenoor die kerk soos in Europa ontstaan nie. Godsdiens was vir die Afrikaner nog 'n bepalende faktor in die jare twintig.[187]

### 3.6.2 Helde in die Afrikaanse samelewing

Die doen en late van Amerikaanse filmsterre het min Afrikaners beïndruk en hulle lewenswyse is as immoreel beskou. Alhoewel Afrikaners oor die algemeen anti-Britsgesind was, is Emily Hobhouse vir haar liefdesdiens tydens en na afloop die Anglo-Boereoorlog vereer en is sy by die Vrouemonument in Bloemfontein begrawe. Die helde van die Afrikaanse samelewing was meestal figure wat hulle vir die bevordering van die Afrikaner identiteit en kultuur beywer het. Kestell het die ere-titel van Vader Kestell gekry. Die foto's van Boeregeneraals wat tydens die Anglo-Boereoorlog geveg het, het in talle voorhuise gehang.[188]

## 3.7 Kulturele ontwikkeling

### 3.7.1 Die erkenning van Afrikaans as amptelike taal

In die vroeë twintigerjare was die Afrikaanse taal en kultuur nog in 'n ontwikkelingsfase. Na 1910 het verskeie organisasies soos die Afrikaanse Taalvereniging, die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en die Transvaalse Onderwysersvereniging Afrikaans en Afrikanernasionalisme bevorder.

---

[186]J.W.Hofmeyr and G.J.Pillay (eds.), *A history of Christianity in South Africa,* p.166; E.L.P.Stals (red), *Afrikaners in die Goudstad I,* pp.148-150.

[187]P.S.Dreyer, Tipering van Afrikanerskap, in P.G.Nel (red.), *Die kultuurontplooiing van die Afrikaner,* p.41; E.L.P.Stals (red), *Afrikaners in die Goudstad II,* pp.119, 130.

[188]Vader Kestell, *Die Boerevrou,* Oktober 1927, p.25; T.Cameron & S.B.Spies, *Nuwe geskiedenis vir Suid-Afrika in woord en beeld,* p.241; Ons Boeregeneraals, *Die Huisgenoot,* 23 November 1923, p.6.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) wat in 1928 gestig is, het hom ook ten doel gestel om die Afrikaner op kulturele gebied op te hef. Op 27 Mei 1927 is Afrikaans, deur die toedoen van die Minister van Binnelandse Sake, dr. D.F. Malan, as 'n amptelike taal erken. Die Hertzogregering het £25 000 vir die samestelling van 'n Afrikaanse woordeboek gegee en daar is begin metdie vertaling van die Bybel in Afrikaans. Om te verseker dat die Afrikaners met die taal sou identifiseer is tydskrifte soos *Die Brandwag, Die Boerevrou* en *Die Huisgenoot* gestig.[189]

**3.7.2 Die ontwikkeling van die letterkunde**

Skrywers soos C.L. Leipoldt, Totius, Jan F.E. Cilliers en Eugène Marais het Afrikaans as 'n skryftaal gevestig. Hierdie geslag digters wat na die Anglo-Boereoorlog die toon aangegee het, se temas het hoofsaaklik rondom die volk, die landskap en God gesentreer. In die twintigerjare het 'n nuwe geslag na vore gekom; Toon van den Heever, A.D. Keet, H.A. Fagan, Theo Wassenaar, J.R.L. van Bruggen, A.G. Visser, Eitemal en C.J. Langenhoven. Soos hulle Europese tydgenote is daar 'n gevoel van ontnugtering in die politieke instellings en die mensdom by hierdie geslag digters merkbaar.[190]

Hulle het tog die nasionale tradisie van die vorige geslag voortgesit. Die trots op die voorgeslag en inspirasie uit die verlede het nog sterk gefigureer, soos in Toon van der Heever se Die beeld van oom Paul en *Die stem van Suid-Afrika* van Langenhoven. Daar het ook 'n nuwe, ironiese siening van die volksgeskiedenis en 'n spot met volksgebeurtenisse ingetree, soos in Visser se *Lotusland.* [191]

Die tema van die landskaplike is ook verander en die invloed van verstedeliking op die Afrikaner word uitgebeeld, soos Toon van den Heever se *In die Hoëveld.* Dit is

---

[189]B.J.Liebenberg and S.B.spies (eds.), *South Africa in the 20th century,* p.198; C.Saunders (ed), *Reader's Digest Illustrated history of South Africa,* p.299; E.L.P.Stals (red), *Afrikaners in die Goudstad I,* p.160; E.L.P.Stals (red), *Afrikaners in die Goudstad II,* pp.148-149.

[190]P.de V. Pienaar (red.), *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner,* p.326.

[191] *Ibid.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

veral wat betref die tema van godsdiens waar die die geslag heeltemal van hulle voorgangers afgewyk het. Die digters in die twintigerjare het alles nie net blind aanvaar nie. Daar is sprake van twyfel en 'n worsteling met God wat duidelik in Toon van den Heever se werk na vore gekom het.[192]

### 3.7.3 Die opkoms van die Afrikaanse beroepsteater

Tot 1925 was die Afrikaanse toneel hoofsaaklik in die hande van amateurs. Die bydrae wat hulle tot die ontwikkeling van die Afrikaanse toneel, maar ook tot die opheffing van die Afrikaner gelewer het, kan nie onderskat word nie. Alhoewel die eerste radiostasie in 1924 gestig is, het min mense, veral op die platteland, toegang daartoe gehad. Soos die radio in Europa, het die toneel in Suid-Afrika die wêreld na sy gehoor gebring. 'n Belangrike stimulus vir die Afrikaanse toneel was die besoek van Nederlandse en Vlaamse toneelspelers en die Nederlandse regisseur Paul de Groot. Die Suid-Afrikaanse gehoor is blootgestel aan klassieke werke soos *Poppehuis* van Ibsen en *Heimat* van Sudermann. [193]

### 3.7.4 Musiekontwikkeling

Volgens Anton Hartman is die Afrikaner se musiekkultuur deur vier faktore bepaal, naamlik hulle godsdiens, hulle lewensomstandighede, hulle taal en die aanvaarding van Suid-Afrika as hulle vaderland, waarin hulle as 'n onafhanklik volk kon leef. In die twintigerjare was hierdie faktore nog aanwesig.[194]

Uit die aard van hulle streng Calvinistiese agtergrond en ook hulle houding teenoor nie-blankes, het Jazz-musiek nooit groot aftrek onder die Afrikaners geniet nie. Die wilde danspartytjies van die "Bright Young Things" was dus ook 'n taboe. Dit

---

[192]P.de V. Pienaar (red.), *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner,* p.326.

[193]J.C.Kannemeyer, *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur,* pp.97-98; E.L.P.Stals (red), *Afrikaners in die Goudstad I,* p.166; E.L.P.Stals (red), *Afrikaners in die Goudstad II,* pp.155, 164.

[194]A.Hartman, Die geskiedenis van die musiek van die Afrikaner, in P.G.Nel, *Die Kultuurontplooiing van die Afrikaner,* p.334; E.L.P.Stals (red), *Afrikaners in die Goudstad I,* p.163; E.L.P.Stals (red), *Afrikaners in die Goudstad II,* p.164.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

beteken nie dat die Afrikaners nie plesierig kon wees nie. Maar deur hulle musiek en danse het hulle ook gepoog om die Afrikaner se kultuur te bevorder. Volksliedjies waarop volkspele kon gedoen word, was baie gewild. Die F.A.K. het 'n spesiale bundel uitgegee waarin die volkwysies versamel is. Verder is gedigte van Afrikaanse digters getoonset.[195]

### 3.7.5 Kunsontwikkeling

'n Groot aantal Suid-Afrikaanse kunstenaars het hulle opleiding in Europa ontvang en is dus deur neigings daar beïnvloed. Dit is interessant om daarop te let dat die plaaslike kunstenaars altyd effe agter gebeure in die buiteland was. Eers in die twintigerjare het die Franse Impressionistiese styl hier in Suid-Afrika posgevat, soos in die werke van Strat Caldecott gesien kan word.[196]

Sekerlik die bekendste kunstenaar in die twintigerjare was J.H. Pierneef. Sy werk is gekenmerk deur verskillende fases, waaronder Realisme, Impressionisme, Liniêr-dekoratiewe kuns (waarin hy veral deur Toorop en Van Konijnenburg beïnvloed is) en die Art Nouveau. Hy was ook die eerste Suid-Afrikaanse kunstenaar wie se skilderstyl geheel en al deur die plaaslike omgewing bepaal is.[197]

Die Everard-groep (Ruth Everart-Haden, haar suster en haar dogter), het naturalisme verwerp, iets wat in daardie stadium nuut en besonder in Suid-Afrika was. Hulle het die sogenaamde Post-Impressionistiese styl gevolg wat kort tevore in Europa oorheersend was. W.H. Coetzer aan die ander kant het die smaak van die meer tradisionele Suid-Afrikaner weerspieël. Sy werk was realisties met romanties-dramatiese ondertone.[198]

---

[195] A.Hartman, Die geskiedenis van die musiek van die Afrikaner, in P.G.Nel, *Die Kultuurontplooiing van die Afrikaner,* pp.224-338

[196] E.L.P.Stals (red), *Afrikaners in die Goudstad I,* pp.163-165; A.J.Werth, Die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse kuns, in P.G.Nel, *Die kultuurontplooing van die Afrikaner,* p.250.

[197] E.L.P.Stals (red), *Afrikaners in die Goudstad II,* p.165; A.J.Werth, Die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse kuns, in P.G.Nel, *Die kultuurontplooing van die Afrikaner,* pp.350-351.

[198] A.J.Werth, Die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse kuns, in P.G.Nel, *Die kultuurontplooing van die Afrikaner,* pp.349-350.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Eers in die dertigerjare, met die werke van Maggie Loubser en Irma Stern, kon die heersende Europese tendense bespeur word. In die twintigerjare was daar, soos in die geval van die letterkunde en musiek, nog 'n soeke na 'n nasionale identiteit. Die onderwerpe wat geskilder is, getuig ook daarvan. Daar is meestal op die Suid-Afrikaanse landskap gefokus en veral plattelandse tonele was gewild, omdat die landelike bestaan vir die Afrikaner 'n simbool van politieke en ekonomiese vryheid beteken het.[199]

## 3.8 Opsommend

Dit is duidelik dat die Afrikaner die twintigerjare anders as sy Britse tydgenote ervaar het. Waar die Britse bevolking ten alle koste die oorlog wou vergeet, het die Anglo-Boereoorlog, asook gebeure tydens die Eerste Wêreldoorlog, vir die Afrikaner as aansporing en regverdiging gedien om sy eie kultuur en taal te bewaar.

Die gees van internasionalisme wat in Brittanje posgevat het, was veral onder die Afrikaners in Suid-Afrika, afwesig. Alhoewel Smuts 'n leidende rol in die daarstelling van die Volkebond gespeel het, was die instansie vir Afrikaners net belangrik as oorhoofse toesighouer van Suid-Wes-Afrika wat na afloop van die oorlog onder Suid-Afrika se voogdyskap geval het.[200]

Tog kon die Afrikaner nie die verandering vryspring wat plaasgevind het nie. Die invloed van verstedeliking, asook nuwe tegnologie soos die radio het die Afrikaner aan 'n wyer ervaringswêreld blootgestel.[201] Hierdie verandering wat in die Afrikaanse gemeenskap plaasgevind het, kan ook waargeneem word in die wyse waarop die Afrikaanse vrou die Europese modetendense geïnkorporeer en aangepas het. 'n Geleidelike verslapping van die agterdog waarmee buitelandse modes

---

[199]A.J.Werth, Die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse kuns, in P.G.Nel, *Die kultuurontplooing van die Afrikaner,* pp.349-350.

[200]B.J.Liebenberg & S.B. Spies (eds.), *South Africa in the 20th century,* pp.136-137; E.L.P.Stals (red), *Afrikaners in die Goudstad I,* p.167.

[201]B.J.Liebenberg & S.B.Spies (eds.), *South Africa in the 20th century,* pp.34, 198; J.Montgomery, *The Twenties,* pp.59-60.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

aanvanklik beskou is, kan bespeur word soos die dekade gevorder het. Maar net soos die Afrikaner se belewing van die dekade van dié van sy Britse eweknie verskil het, is daar sekere Britse en Europese modetendense wat nie deur die Afrikanervrou aangehang is nie.

Die Afrikanervrou het vanuit hierdie agtergrond die modes wat deur die Europese modehuise voorgeskryf is, benut. Nuwe tegnologie en die groter toeganklikheid tot tydskifte het die Afrikanervrou in staat gestel om op hoogte van die modes te bly, iets wat voorheen weens isolasie nie moontlik was nie. Dit beteken egter nie dat sy 'n slaafse navolger van die mode was nie.

Soos in Europa het die onsekere politieke en ekonomiese situasie in Suid-Afrika ook 'n invloed op die mode gehad en het die modes veral aan die begin van die twintigerjare na die voor-oorlogse kleredrag teruggegryp. Alhoewel arbeid meer geredelik in Suid-Afrika beskikbaar was as in Brittanje, is die nuwe tekstiele wat minder versorging vereis het, verwelkom. Die rede is omdat die klimaat in Suid-Afrika vereis dat klere meer gereeld gewas moet word as wat in Europa die geval is.

Die Afrikaanse gemeenskap het baie van die gebruike van die "Bright Young Things" afgekeur, wat impliseer dat hulle klere meer konserwatief was. Wilde danspartytjies was onaanvaarbaar en daarom het Afrikaanse vroue nie waaghalsige aandrokke nodig gehad nie. Die soeke na ontvlugting wat so duidelik in die Europese mode bespeur kan word, is nie in die Afrikaanse vrou se kleredrag sigbaar nie. In 'n tyd waar sy as 'n simbool van nasionale trots moes optree, moes dit in haar kleredrag weerspieël word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 3: DIE MODETENDENSE VAN DIE TWINTIGERJARE

## 1. Inleiding

Die oorlog het mense verplig om hulle luukse lewenstyl af te skaal. Weens die ekonomiese insinking na die oorlog kon daar nie na ‘n lewe van rykdom teruggekeer word nie en eenvoud het die wagwoord geword. Die invloed van die afstroping van oordadigheid is in die modewêreld gevoel en die kleredrag van die negentiende eeu, wat beweging ingeperk het, is verwerp. Jeugdigheid het hoogty gevier en niks was te gewaagd, te gevaarlik of te ongewoon nie - solank dit nuut was. [202]

Die bevryding van die vrou het ook die bevryding van kleredrag beteken. In 1922 het die boek *La Garçonne* van Victor Margueritte verskyn. Die heldin, wat elke taboe oortree het, het die model van die nuwe geslag vroue geword. Dit was nie meer nodig om ‘n korset te dra nie en vir die eerste keer in eeue is vroue se bene aan die oog blootgestel. Om gelyke behandeling met mans te geniet het vroue hulle borsmaat en heupe plat laat vertoon en hulle hare kort gesny. Mansmodes is nagevolg en vroue het selfs hulle klere by mansuitrusters laat maak. [203]

Een van die mees betekenisvolle invloede op die mode was die groeiende gewildheid van sport onder vroue. Die grootste gedeelte van die bevolking het by die oorlogspoging betrokke geraak en hulle voor-oorlogse lewe het skielik baie vervelig gelyk. Om by die nuwe, meer aktiewe lewenstyl aan te pas, het die mode minder formeel en lomp geword. Suzanne Lenglen het ‘n rewolusie begin toe sy in 1921 in ‘n moulose oortrektrui, ‘n kort geplooide romp van die modehuis van Patou en ‘n geel haarband op Wimbeldon verskyn het.[204]

Tydens die oorlog het vroue geleer om ambulanse en trekkers te bestuur en die motor het ‘n simbool van hulle nuutgevonde vryheid geword. Teen 1921 het

[202]J.Olian (ed), *Authentic French fashion in the twenties,* p.iv.

[203]*Ibid.*, p.iv.

[204]S.Blum (ed), *Everyday fashion of the twenties as pictured in Sears and other catalogues*, p.ii; J.Olian (ed), *Authentic French fashion of the twenties,* p.iv.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

modeontwerpers spesiale uitrustings vir uitstappies per motor ontwerp. Leerbaadjies, stofjasse, leer- en kurkhoede met stofbrille en veelkleurige boheemse serpe het deel van die alledaagse mode geword. [205]

Vroue het na Hollywood se godinne vir inspirasie gekyk. Rolprente het die kykerspubliek op hoogte van die nuutste modeneigings gehou en ‘n deurslaggewende invloed uitgeoefen op die era se grimering, haarstyle, figure en houdings. Die kohl-omlynde oë, geplukte wenkbroue, rooi lippe en geverfde naels van die aktrises is nageaap en sonbrand het ‘n statussimbool geword, omdat dit bewys was dat ‘n vrou finansieel daartoe in staat was om strandoorde te besoek. Arms op die heupe, die bekken vorentoe gedruk en afhangende skouers, die sogenaamde “debutante slouch”, was die kenmerkende houding van die moderne vrou. [206]

Alhoewel vroue filmsterre as rolmodelle gebruik het, het Parys die moderigting bepaal. Gevestigde modehuise soos Jacques Doucet, Paul Poiret en Worth het voortgegaan om swaar-geborduurde en ingewikkelde snyersuitrustings te maak. Die werklike moderewolusie is deur ontwerpers soos Madeleine Vionnet, Elsa Schiaparelli en Coco Chanel begin. Hulle het die tendense in die kunswêreld benut - veral Kubisme is as inspirasie gebruik - daarvan getuig die gebruik van geometriese presiese plooie, buisvormige rokke en asimmetrie.[207]

Die person wat sonder twyfel die grootste invloed op die modes van die twintigerjare uitgeoefen het, was Coco Chanel. Die veranderende stemming van die tyd is in haar klerestyl vasgevang. Haar indiwiduele styl is reeds opgemerk voordat sy ‘n mode-ontwerper geword het. Sy het daarin geslaag om eenvoud, doelbewuste onderbeklemtoning en elegansie te kombineer. Vir haar was dit belangrik dat klere gemaklik en funksioneel moes wees. Sy het veral gebreide materiale en “tweed” (ruitstof), waarvan werkers se klere tradisioneel gemaak is, gebruik. Haar kenmerk

[205]J.Olian (ed), *Authentic French fashion of the twenties,* p.iv.

[206]D.Bond, *The Guinness guide to20th century fashion,* p.63; S Blum (ed), *Everyday fashions of the twenties as pictures in Sears and other catalogues,* p. ii.

[207]J Herald, *Fashion of a decade. The 1920's,* p.40; J.Olian (ed), *Authentic French fashion of the twenties,* p.iv.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



was 'n tweestukpakkie wat uit 'n regaf, kort romp, 'n rondenektrui of bloes van crêpe de chine en 'n kraaglose baadjie bestaan het. Sy het daarin geslaag om vroue jonger en slanker te laat lyk. Onder haar invloed het eenvoudige, maar bonkige kostuumjuwele gewild geword.[208]

In teenstelling met die eenvoudige dagdrag was die aanddrag uitspattig. Inspirasie het van die Ooste gekom en Turkse kopbande en Marokkaanse sjaals, lamé en brokaat geborduur met metaalkraletjies, is gebruik.

Die Afrikanervrou het vanuit 'n Suid-Afrikaanse en spesifiek 'n Afrikaneragtergrond die modes wat deur die Europese modehuise voorgeskryf is, geïnkorporeer en aangepas. Nuwe tegnologie en die groter toeganklikheid tot tydskifte het die Afrikanervrou in staat gestel om op hoogte van die modes te bly, iets wat voorheen weens isolasie nie moontlik was nie. Dit beteken egter nie dat sy 'n slaafse navolger van die mode was nie.

Soos in Europa het die onsekere politieke en ekonomiese situasie in Suid-Afrika ook 'n invloed op die mode gehad en het die modes veral aan die begin van die twintigerjare na die voor-oorlogse kleredrag teruggegryp. Alhoewel arbeid meer geredelik in Suid-Afrika beskikbaar was as in Brittanje, is die nuwe tekstiele wat minder versorging vereis het, verwelkom. Die rede is omdat die klimaat in Suid-Afrika vereis dat klere meer gereeld gewas moet word was wat in Europa die geval is.

Die twintigerjare is gekenmerk deur oordadigheid, praalsug, losbandigheid en geweld. Ten spyte daarvan was die veranderings op die gebied van die mode geleidelik en georden. Die tydperk kan in werklikheid in twee fases verdeel word, naamlik. van 1919 tot 1923 en van 1924 tot 1929. Na die oorlog was die klere-industrie aanvanklik chaoties; sommige ontwerpers het teruggeval na die voor-oorlogse mode, terwyl ander aan die behoeftes van die moderne vrou wou voldoen. Eers in die mid-twintigs

---

[208]D.Bond, *The Guinness guide to 20th century fashion,* pp. 41 & 65; D.Yarwood, *Fashion in the Western world,* p.139.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 1:** Die modes keer na die Edwardiaanse Era en voor-oorlogse modes terug

Uit: *Die Boerevrou,* Desember 1923, p.40;

*Die Boerevrou,* November 1924, p.40.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

het die verskillende style tot'n harmonieuse eenheid saamgesmelt wat oorgegaan het in die gesofistikeerde styl van 1927 wat gewoonlik met die tydperk assosieer is. [209]

## 2. Die modefase van onsekerheid, 1920-1924

### 2.1 Algemene modeneigings

Die sagte, vroulike modes wat kenmerkend van voor die Eerste Wêreldoorlog was, het nie oornag plek gemaak vir die m odes wat vandag algemeen met die twintigerjare geassosieer word nie. Die Gatsby-styl, soos die kleredrag van die twintigerjare bekend staan, word deur 'n seunsagtige en sillindriese silhoeët gekenmerk, asook geometriese patrone wat deur die Art Deco-beweging beïnvloed is. Die haarstyle was kort, soos die bob en die "Eton crop; die "cloche"- hoede het aan vlieënierhelms herinner en die reghoekige handsakke het soos 'n mansaktetas gelyk.

Die oorgang wat in die eerste vyf jaar van die dekade plaasgevind het, was geleidelik. Dit was 'n tydperk van groot onsekerheid, as gevolg van die oorweldigende veranderings wat deur die oorlog teweeggebring is. In die tydperk 1920-1924 kon fasette van die Gatsby-styl al bespeur word, maar daar is ook na die voor-oorlogse modes van 1913 en selfs sover as die Edwardiaanse Era (1901-1910), teruggegryp, 'n tydperk wat met welvaart en vrede geassosieer is en as die "endless summer party" beskryf is (sien figuur 1).

In die vroeë twintigerjare was die silhoeët nog sag en vroulik, maar die lyn is baie vereenvoudig. Om 'n balans tussen vroulikheid en die eenvoud te bewerkstellig, is oppervlakversierings gebruik, veral Romeinse borduurwerk en swart kraleborduurwerk in die Egiptiese styl. Geometriese insetsels is ook gebruik om die strenge eenvoud van die hoekige silhoeët te breek (sien figuur 2). Die Paryse

---

[209] S.Blum, *Everyday fashions in the twenties as pictured in Sears and other catalogues,* p.ii; J.Olian (ed), *Authentic French fashion of the twenties*, p.v.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



modeontwerper, Paul Poiret, het hierdie tegniek tot 'n fyn kuns vervolmaak en sy uitrustings was as' t ware kunswerke.[210]

Die klem op eenvoud het vereis dat die figuur slanker moes word. Volgens moderne standaarde was die figuur nog vol, maar dit het geleidelik slanker geword. Reeds in 1921 moes die borste plat vertoon om 'n seunsfiguur te verkry, wat kenmerkend van die twintigerjare sou word. Anders as in Europa en Amerika het Afrikaanse vroue nie streng diëte begin volg om 'n seunsagtige figuur te kry nie. Volgens *Die Boerevrou* was die eerste indruk van 'n groot vrou dat sy 'n goeie moeder is wat fris, sterk kinders in die wêreld kan bring - sterk van gees en liggaam.[211] *Die Huisgenoot* het besef dat 'n slanke figuur nie vir almal beskore was nie, maar het vroue aangeraai om nie al die werk aan die bediendes oor te laat nie, want so kry 'n mens waardevolle oefening. Verder moes hulle op hulle dieët let, want "'n mens is maar wat hy eet".[212]

As 'n reaksie teen die wye hoepelrokke van die Victoriaanse tydperk en die S-vormige silhoeët van die Victoriaanse en Edwardiaanse tydperke, het die Empire-styl reeds in 1913 herleef en na die oorlog is 'n variasie daarvan weer gebruik. Die lyfie was lospassend met 'n hoë middel, terwyl die romp oor die heupe uitgeklok het en nouer om die enkels geword het (sien figuur 3). Die hobbelrok / strompelrok ("hobble skirt"), 'n baie nou en buisvormige romp wat in 1914 gewild was, is weer gesien saam met die kaptol- ("peg top") voorkoms, wat vol bo met voue om die heupe was en nouer na onder geword het. Die vaatjie- ("barrel") voorkoms van 1913 het ook 'n terugkeer gemaak.[213]

---

[210]Ons modepraatjie, *Die Boerevrou,* November 1924, p.41; Winterklere, *Die Huisgenoot,* Maart 1924, p.25; Mode, *Die Huisgenoot,* Mei 1924, p. 25; Mode, *Die Huisgenoot,* 4 Julie 1924, p.29; Wat ons in die Kaapse winkels sien, *Die Huisgenoot,* 19 September 1924, p.24; Val-de-ral,Ons Johannesburgse modebrief, *Die Huisgenoot,* 21 November 1924, p.25.

[211]Modes vir gesette dames, *Die Boerevrou***,** Januarie 1920, p.28.

[212]"Robina", Die vrou en die huis, *Die Huisgenoot,* Augustus 1920, p.117.


[213]D.A.Russell, *Costume history and style***,** pp.412-415; "Robina", Die vrou en die huis, *Die Huisgenoot,* Augustus 1920, p.117.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA







**Figuur 2:** Borduurwerk is gebruik om die hoekige silhoeët te versag

Uit: *Die Huisgenoot,* 16 Mei 1924, p.25;

*Die Huisgenoot,* 12 Desember 1924.



**Figuur 3:** Variasies op die Empire-styl

Uit: *Die Huisgenoot,* Oktober 1920, p.231.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 4:** 'n Kenmerk van die modes van die twintigerjare is groter klem op die heupe

Uit: *Die Boerevrou,* Junie 1921, p.27; *Die Boerevrou,* April 1921, p.25;
*Die Huisgenoot,* April 1921, p.480; *Die Huisgenoot,* Junie 1921, p.87.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Teen 1921 het die hoë, ongedefinieerde middellyn begin sak en selfs laer as die normale middellyn begin beweeg. Volgens voorspellings sou hoepelrokke en dun middeltjies in 1923 terugkeer. *Die Boerevrou* het sy lesers gerusgestel dat dit nie die geval was nie. Die klem het al meer op die heupe geval, wat een van die kenmerke van die twintigerjare se mode geword het. Met die gebruik van opnaaisels, sakke op die heupe, plat- en orrelplooie en horisontale strepe is die heupe verder beklemtoon. Gordels is op die heupe vasgemaak en met knope of gespes versier. Die vooroorlogse mode om die materiaal op die heupe te pof, het ook herleef.[214] (sien figuur 4)

In 1920 het roklengtes van die middel van die kuit tot die enkel gewissel. Die korter rokslengte is verwelkom en volgens *Die Huisgenoot* het die meeste vroue al vergeet dat hulle eens hulle rokke moes optel as hulle in die tuin wou gaan stap. Aandrokke was soms ongelyk gesny.[215]

Weens die ekonomiese insinking en die gepaardgaande onsekerheid, het roklengtes in 1921 en 1922 effens langer geword en in 1923 selfs enkellengte bereik, die langste wat dit sedert die oorlog was. *Die Huisgenoot* het nogtans getwyfel of "Madame Mode" vroue sou laat afsien van hulle praktiese kort rokke. Lang, nou rompe wat so gewild voor die oorlog was, is nie weer gedra nie.[216]

Na die lang modes van die vorige twee jaar is die voete weer in 1924 gewys en is rokke en rompe net bo die enkel gedra. Vir sportdrag het die soom verder gestyg en selfs vir dagdrag het die soom soms tot die middel van die kuit gereik. Aandrokke was nog lank. Soms is 'n soom nie ingesit nie maar is die rand net omgeboor. Die

[214]Modes, *Die Boerevrou,* September 1923, p.36; Modes, *Die Huisgenoot,* Januarie 1923, p.375; Baadjiepakke vir die winter, *Die Boerevrou,* Julie 1924, p.40; Deftige wintermodes, *Die Boerevrou,* Augustus 1924, p.36; Modes, *Die Boerevrou,* April 1921, p.25; H.Greenlees, Modes, *Die Boerevrou,* Junie 1921, p.27.

[215]Ons knippatrone, *Die Huisgenoot,* Oktober 1920, p.231.

[216]Modes, *Die Huisgenoot,* Mei 1921, p.12; Mode-aantekenings, *Die Huisgenoot,* November 1922, p.283.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

roksoom sou eers van 1925 af tot bo die knie kom, wat kenmerkend van die tydperk was.[217] (sien figuur 5)

Moulengtes het tussen uiterstes van vooroorlogse modes en die moderne tendense gewissel, 'n teken van die onsekerheid wat geheers het. Die reguit kimonostyl-mou was baie gewild, wat as modern en selfs boheems beskou is. Alhoewel kort moue 'n simbool van die vrou se nuutgevonde vryheid was, het *Die Huisgenoot* tog gewonder oor die wysheid daarvan in die warm Suid-Afrikaanse son. Kaal bo-arms is effens met ‘n serp bedek. Beskeie vroue of dié met lelike arms, het steeds lang moue gedra. Hulle kon of ‘n regaf mou soos ‘n jasmou dra of een wat smaller na onder geword het en in ‘n ronde omslag geëindig het. In die somer is lang moue van ‘n dun materiaal soos chiffon gemaak. Baadjies en jasse het teruggekeer na die vroeëre styl van 1913 met vol dolman-moue wat afgewerk is met sierbandomboorsel, tossels, borduurwerk of knopedetail op die sakke en moue.[218] (sien figuur 6)

As 'n reaksie teen die Victoriaanse tydperk, maar veral ook weens praktiese oorwegings, het die hoog toegeknoopte halse reeds voor die oorlog vir laer halse plek gemaak. Hierdie neiging is in die twintigerjare voorgesit. Aanvanklik het die halslyn nie drasties gesak nie, alhoewel aanddrag meer gewaagd was. Die Afrikaanse vrou was meer konserwatief as haar Europese eweknie, maar weer eens is daar na die praktiese implikasies van die modeneiging gekyk. Laer halse was gemakliker in die warm Suid-Afrikaanse klimaat, veral noudat die vrou ook meer aktief aan sport begin deelneem het.[219] (sien figuur 7)

Voorkoms was ook belangrik. Die moderedaktrises van die twee tydskrifte het vir hulle lesers ook nuttige wenke gegee oor die beste tipe halslyn vir hulle vorm gesig

---

[217]Baadjiepakke vir die winter, *Die Boerevrou,* Julie 1924, p.40; Ons modepraatjie, *Die Boerevrou,* November 1924, p.40.

[218]Modes, *Die Huisgenoot,* 4 Julie, 1924, p.29; Val-de-Ral, Ons Johannesburgse modebrief, *Die Huisgenoot,* 24 Oktober 1924, p.29; Modes, *Die Huisgenoot,* 12 Desember 1924, p.27.

[219]Krage, *Die Boerevrou,* Mei 1921, p.32; H. Greenlees, Modes, *Die Boerevrou,* Junie 1921, p.29; S.Blum, *Everyday fashions of the twentieth century as pictured in Sears and other catalogues,* p.iv.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






**Figuur 5:** Die roksome het voor 1925 nog nie só hoog geword, sooswat gewoonlik met die Gatsby-styl geassosieer word nie

Uit: *Die Boerevrou,* Februarie 1922, p.25.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





**Figuur 6:** Dolman-moue afgewerk met sierbandomboorsel of knope-detail
Uit: *Die Boerevrou,* Maart 1922, p.24; *Die Boerevrou,* Junie 1923, p.40; *Die Boerevrou,* September 1923, p.38.

**Figuur 7:** Die laer halslyne was meer prakties in die Suid-Afrikaanse klimaat
Uit: *Die Boerevrou,* Junie 1921, p.21; *Die Huisgenoot,* April 1922, p.214.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en figuur. In 'n tydperk van ekonomiese onsekerheid het *Die Boerevrou* vroue aangeraai om twee of drie stelle los kragies en handboordjies te maak waarmee verskillende uitrustings uit een rok geskep kon word. 'n "Fichu" of "berthe", 'n groot kraag, met handboordjies wat daarby pas sou volgens *Die Boerevrou* altyd mooi en grasieus lyk.[220] (sien figuur 8) Dit herinner aan Coco Chanel se standaarddrag naamlik 'n donker uitrusting wat met 'n wit kraag en handboortjies afgewerk is. Sy het geglo dat wit die kleur is wat 'n vrou se grootste bates vlei, naamlik haar gesig en hande.[221]

Die twintigerjare is gekenmerk deur 'n hunkering na ontvlugting van die gruwels van die oorlog en die onsekerhede van die toekoms. Een van die wyses van ontvlugting was om na 'n fantasiewêreld te ontsnap, wat deur skouspelagtige musiekblyspele en avontuurfilms moontlik gemaak is.

Hierdie tendens het ook in die modes van die tyd neerslag gevind. Modeontwerpers het gepoog om meer uitspattige modes terug te bring wat deur periodekostuums beïnvloed is. *Harper's Bazaar* van November 1922 het sketse van Erté, die Russies gebore modeontwerper geplaas. Hy was die ontwerper van die "Folies Bergère" en die klere het 'n definitiewe element van fantasie gehad. Die klere is as Middeleeus, Renaissance of Victoriaans beskryf.[222] (sien figuur 9)

Die ontdekking van Tutankamen se grafkelder was 'n nuwe opwindende gebeurtenis wat deur die mode weerspieël kon word. Egiptiese motiewe soos farao's op trone, ou gode, taferele op die Nyl, vreemde geskrifte en lotusblomme is op uitrustings borduur, op die materiaal gedruk of ingeweef. Die motiewe is meestal net op voerings, lyfbande, panele en serpkrae aangebring. Soms is 'n hele uitrusting gemaak van wat *Die Huisgenoot* as buitensporige stof bestempel het, en die tydskrif het gemeen dat dit baie moed sou verg om so 'n uitrusting te dra.[223] (sien figuur 10)

---

[220]Krage, *Die Boerevrou,* Mei 1921, p.32.

[221]D.Bond, *The Guinness guide to 20th century fashion,* p.41.


[222]*Ibid.,* p.59.


[223]Aantreklike somermodes vir die feesdae, *Die Boerevrou,* Desember 1923, p.38; Modes, *Die Huisgenoot,* Augustus 1923, p.203.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA







**Figuur 8:** Met los krae en handboordjies kon 'n nuwe uitrusting geskep word
Uit: *Die Boerevrou,* Oktober 1924, p.42.



**uur 9:** 'n Fantasie-element in klere weerspieël die soeke na ontsnapping
*Die Boerevrou,* Mei 1922, p.25.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Gemengde kleure met name soos sakkara, koptiese blou en jaspisgroen het die Egiptiese invloed getoon. Alhoewel die ryk kleure in die grys Europese winters mooi vertoon het, het die buitelandse korrespondent van *Die Boerevrou* gemeen dat dit te fel in Suid-Afrika se sonnige klimaat sou vertoon. Vir somersklere is wit en pastelkeure aanbeveel en vir winter vlootblou, bruin en swart. 'n Nuwe modekleur was beige wat as 'n "mooi gelerige kleur, amper soos 'champagne'" beskryf is. Dit is veral saam met tabakbruin gedra.[224]

Kuns en mode was nou verbonde in Europa en ontwerpers het die geometriese patrone van die Kubistiese kunstenaars in hulle ontwerpe gebruik. So het Chanel die maskers en stelle as inspirasie gebruik wat Picasso, die Spaanse kunstenaar, vir die ballet "Antigone" ontwerp het. In die modes van die middeklasvrou is die invloed van Kubisme in geruite en gestreepte materiaal weerspieël.[225] (sien figuur 11)

Alhoewel van die ontwerpe ook neerslag in die kleredrag vn die Afrikaanse vrou gehad het, het sy nie soos die Europese vrou aan die uitspattige tydverdrywe deelgeneem nie. As dit kon bydra tot die verfraaiïng van haar voorkoms, is dit gebruik, maar nie as 'n simbool van ontsnapping en selfs rebellie teen vooroorlogse modes nie.[226]

## 2.2 Dagdrag

Net soos in die Victoriaanse en Edwardiaanse tydperk, is daar in die twintigerjare nog 'n onderskeid tussen huis-, straat- en sportdrag getref. Hierdie onderskeid sou mettertyd vervaag. In die eerste plek het baie vroue nie meer bediendes gehad om hulle klere te versorg nie en moes hulle hulle kleredrag vereenvoudig. Soos vroue

---

[224]Modes, *Die Boerevrou,* Mei 1923, p.43; Modes, *Die Boerevrou,* September 1923, p.38; Modes, *Die Boerevrou,* November 1923, p.43.

[225]J.Olian (ed.), *Authentic French fashion of the twenties,* p.v; Modes, *Die Boerevrou,* Mei 1923, p.43; Modes, *Die Boerevrou,* September 1923, p.38; Modes, *Die Boerevrou,* November 1923, p.43.

[226]Die winter-modes, *Die Boerevrou,* Mei 1925, p.33; Ons modepraatjie, *Die Boerevrou,* Junie 1925, p.39.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA







**Figuur 10:** Die Egiptiese invloed in borduurwerk en drukmotiewe

Uit: *Die Boerevrou,* Mei 1923, p.43;

*Die Boerevrou,* September 1923, p.38.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






**Figuur 11:** Drukwerk op materiaal het ooreengestem met ontwikkelinge in die kuns

Uit: *Die Boerevrou,* Februarie 1922, p.27; *Die Huisgenoot,* Januarie 1922, p.45;
*Die Huisgenoot,* September 1922, p.195.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die beroepsmark betree het, het hulle tyd kosbaar geword en kon hulle nie meer hulle tyd verwyl om spesiale uitrustings vir elke geleentheid aan te trek nie. [227] (sien figuur 12)

Weens die ekonomiese insinking na die oorlog kon baie vroue nie baadjiepakke bekostig nie. Eenstukrokke ("coat dresses") is as alternatief gedra. Soos baadjiepakke was die rokke getailleer. Die eenvoudige lyne was geskik vir gesette vroue en sou hulle nie volgens *Die Boerevrou* nie soos 'n bondel wasgoed lyk nie.[228] Om meer volheid aan die romp te gee, is platplooie ("box pleats") gebruik.[229] (sien figuur 13)

Rokke se snit was nog steeds regaf en baie eenvoudig gesny en op die heupe ingeneem met 'n gordel of band wat onderaan die bostuk vasgewerk is. Met die meer informele etiket het dit aanvaarbaar geword om sonder 'n jas uit te gaan en rokke is gesny om soos 'n driestuk te lyk. Die effek is verkry deur 'n beffie bo-oor of onder die rok te dra, sodat die bostuk soos 'n baadjie lyk. Los oorrokke is ook gedra. [230] (sien figuur 14)

Soos wat klere vereenvoudig is, het die onderskeid tussen gewone en sportdrag minder opvallend geword. Rompe en bloese wat voorheen net vir tennis en ander sportaktiwiteite gedra is, is saam met 'n baadjie vir deftiger geleenthede gedra. [231]

'n Mode-artikel in *Die Boerevrou* van Oktober 1920 verskyn wys daarop dat selfs Amerikaanse en Franse vroue nie sonder 'n jas of mantel uitgegaan het nie en juis daarom is 'n nuwe soort bloes, die "jumper" (oorbloes) verwelkom. Volgens die

---

[227]S.Blum, *Everyday fashions in the twenties as picured in Sears and other catalogues,* p.ii; J.Olian (ed.), *Authentic French fashion of the twenties,* p.v;

[228]Modes vir gesette dames, *Die Boerevrou***,** Januarie 1920, p.28.

[229]Modes vir gesette dames, *Die Boerevrou,* Januarie 1920, p.28; Modes, *Die Huisgenoot,* Oktober 1920, p.231.

[230]Somermodes, *Die Boerevrou,* Februarie 1922, p.27; Ons knippatrone, *Die Huisgenoot,* Januarie 1922, p.45.

[231]Modes, *Die Boerevrou,* Februarie 1923, p.40; Modes, *Die Boerevrou,* Junie1923, p.40. p.45.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






**Figuur 12:** Eenstukrokke is in plaas van baadjiepakke gedra

Uit: *Die Huisgenoot,* April 1920, p.374;

*Die Huisgenoot,* 4 Julie 1924, p.29.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





**Figuur 13:** Rokke is gesny om soos 'n driestuk te lyk
Uit: *Die Boerevrou,* Februarie 1922, p.27;
*Die Huisgenoot,* 13 Februarie 1922, p.27.



**Figuur 14:** Die onderskeid tussen huis- en sportdrag vervaag
Uit: *Die Boerevrou,* Junie 1921, p.29;
*Die Boerevrou,* Desember 1923, p.36.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 15:** Jumpers is groot modenuus

Uit: *Die Boerevrou,* November 1922, pp.22-23; *Die Huisgenoot,* Januarie 1920, p.28; *Die Huisgenoot,* September 1920, p.215.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

artikel in *Die Boerevrou* was dit bekoorlik, maar ook veel meer. Sekere jumper-modelle was netjies genoeg om op straat te dra; dit was fyn en sierlik genoeg om saans te dra; dit kon vir kerk só gemaak word dat die draagster waardig en bekoorlik geklee was en met 'n bietjie verandering van styl en materiaal kon dit as sport- of huisdrag diens doen.[232] (sien figuur 15)

Gebreide en gehekelde jumpers van wol, sy of katoen was modieus vir winterdrag. Vir somer kon die jumper van katoen of sy gemaak word, effekleurig met geblomde stroke om die hals, moue en lyfband. Vir deftige geleenthede kon crêpe-de-chine met stroke sylint gebruik word of die jumper kon aan die kante langer gesny en met klossies versier word. 'n Jumper wat nie op die middel met 'n lyfband ingeneem is nie, maar los hang, kon met borduur-, sjabloon- of appliquewerk versier word. Coco Chanel het gaste van die Ritz, 'n spoghotel in Parys, geskok deur met 'n Apache-styl jumper by 'n onthaal op te daag. Vroue het wêreldwyd haar voorbeeld gevolg en hulle jumpers met fraiïngs versier.[233]

Jumpers is op die "Magyar"-patroon gesny. Bloese is gewoonlik met 'n skouerstuk gemaak waaraan die voor- en agterpante gewerk is. Nou kon 'n stuk materiaal net in die dwarste gevou en uitgehol word vir 'n nekopening. Moue is as deel van die lyfie gesny. Dit het gemak en beweeglikheid verseker. Jumpers was ook vir gesette vroue geskik. Hulle is aangeraai om plat plooie aan weerskante te maak sodat die voor- en agterkant soos 'n paneel lyk.[234]

Tydens die oorlog het klere 'n uniformvoorkoms gekry. Die strak lyne is behou en klere was getailleerd. Baadjies het groot sakke en diep lapelle gekry en gordels is met metaalgespes vasgemaak. Die invloed van die oorlog kon ook in matrooskraag- en Russiese styl bloese gesien word. [235] (sien figuur 16)

---

[232] Modes (jumpers), *Die Boerevrou,* Oktober 1920, p.22.

[233]D.Bond, *The Guinness guide to 20th century fashion,* p.65; Ons knippatrone, *Die Huisgenoot,* Maart 1920, p.260..

[234]Die trouwdag, *Die Boerevrou,* Mei 1920, p.22; Modes (jumpers), *Die Boerevrou,* Oktober 1920, p.22.

[235]D.A.Russell, *Costume history and style,* p.415; Modes(junpers), *Die Boerevrou,* Oktober 1920, p.22; H. Greenlees, modes, *Die Boerevrou,* Junie 1921, p.29.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

In die twintigerjare het baadjiepakke 'n meer manlike voorkoms gekry. Dit is sonder 'n gordel gedra of met 'n gordel wat op die heupe gekom het, gedra en het sterk aan 'n "smoking jacket" herinner. Chanel het baadjies van tweed gemaak, wat uitsluitlik vir manspakke gebruik is. Haar breidrag is ook deur Skotse "Fairisle"-patrone beïnvloed, wat deur die prins van Wallis populêr gemaak is. Bloese is op die hempstyl gesny en van gestreepte flennie gemaak.[236] (sien figuur 17)

Damestudente het soos manstudente "blazers" met die universiteit se wapen op die bosak gedra. Dit het baadjiepatrone in die algemeen beïnvloed; die baadjies het korter geword en is met omboorsel en borduurde sakke afgewerk.[237]

Onderbaadjies het deel van die vrou se uitrusting geword en is op verskillende maniere gedra. Dit kon as deel van 'n baadjie gesny word, wat net bo die baadjiekraag uitgesteek het. In die winter en somer is dit ook alleen oor 'n rok gedra. By jumpers is selfs sypanele ingesny om die effek van 'n onderbaadjie te skep.[238](sien figuur 18)

## 2.3 Aanddrag

Aanddrag het ook nie 'n duidelik gedefinieerde vorm of lyn gehad nie. Meestal was die rokke mouloos met 'n reguit of V-vormige nek en skouerbandjies. Die rompe was of vol en vloeiend met plooie en draperings om die middel en gepunte of skulprandversierings of smal en regaf geborduurde panele. As reaksie teen die verskrikking van die oorlog was die aanddrag in Europa en Amerika baie uitspattig. Afrikaanse vroue was meer konserwatief en het ook nie soveel geleenthede gehad waarna aandrokke gedra kon word nie. Hulle het dagdrag aangepas om as aanddrag te dien. 'n Gewone oorrokpatroon is op swart materiaal uitgesny en met fraiïngs,

---

[236]Modes, *Die Boerevrou,*Junie 1922, p.26; *Die Huisgenoot,* Februarie 1922, p.89.


[237]Ons modepraatjie, *Die Boerevrou,* November 1924, p.40; Wat ons in die Kaapse winkels sien, *Die Huisgenoot,* 12 September 1924, p.27.

[238]Mode, *Die Boerevrou,* Julie 1924, p.40; Mode, *Die Huisgenoot,* 11 April, 1924, p.25. 1922, p.89.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





**Figuur 16:** Die invloed van die oorlog kan in die mode van die tyd gesien word

Uit: *Die Boerevrou,* April 1920, p.38; *Die Huisgenoot,* Mei 1920, p.214;

*Die Huisgenoot,* Julie 1920, p.76.





**Figuur 17:** Mansmodes beïnvloed vrouemodes

Uit: *Die Boerevrou,* Junie 1920, p.20;

*Die Boerevou,* Augustus 1920, p.19.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





**Figuur 18:** Onderbaadjies word deel van 'n vrou se uitrusting

Uit: *Die Boerevrou,* Augustus 1921, p.25; *Die Boerevrou,* Oktober 1921, p.27; *Die Huisgenoot,* Maart 1921, p.25.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



goue krale of veelkleurige blinkers versier, of van sagte kant gemaak en met lintrose versier. [239]

Die tunieklyn het teruggekeer en twee oorrokke is soms oor die romp gedra. Crêpe-de-chine was 'n gewilde materiaal wat 'n sagte, vloeiende effek geskep het. Vlermuismoue het mooi by die vloeiende lyne van die tuniek gepas. Vir trourokke is die tunieklyn ook gebruik en die rokke kon as aanddrag gedien het. 'n Besonderse sluier, veral van Brusselse kant, is dan gedra. [240](sien figuur 19)

Aanddrag is sterk deur die Oosterse modes beïnvloed. *Die Huisgenoot* het 'n patroon vir 'n "zouave" geplaas, 'n onderbaadjie wat deur soldate in Algerië gedra is. Dit is van fluweel gemaak en met kraletjies en kwassies versier. Daarby is 'n breë lyfband gedra, wat ook tipies Oosters is. Nog 'n Oosterse invloed was die oorkruismode wat op die Japanse kimono gebaseer is. [241](sien figuur 20)

Die Franse modeontwerper, Jean Lanvin, het sy aandrokke in fantasiekostuums met borduurwerk van blink krale en ooorrokke van ninon of synet omskep. Fyn kraletjies is gebruik en het groot krale-plate gevorm. Die borduurontwerpe is aan die "Art Nouveau"-styl ontleen en lang geborduurde stroke wat voor aan die rokke gewerk is, het aan die Middeleeuse mode herinner. [242]

## 2.4 Onderklere en nagklere

Massavervaardiging het dit moontlik gemaak om onderklere per katalogus te bestel of om dit by afdelingswinkels te koop. Nuwe materiale soos geweefde, poreuse elastiek is gebruik om groter gemak te verseker en het in 'n verskeidenheid van kleure soos pruim, pers, sjampanje, groen en swart voorgekom. Wit katoen is vir die

---

[239]G.Howell, *In Vogue: 75 years of style,* p.43, Modes, *Die Huisgenoot,* April 1920, p.25.

[240]Mode, *Die Huisgenoot,* 11 April 1924, p.25; Mode, *Die Huisgenoot,* 24 Junie 1924, p.27; Deftige wintermodes, *Die Huisgenoot,* 13 Augustus 1924, p.36.

[241]Modes, *Die Boerevrou,* April 1921, p.25; Ons knippatrone, *Die Huisgenoot,* Desember 1921, p. 324.

[242]Modes, *Die Boerevrou,* Desember 1922, p.30, *Die Huisgenoot,* September 1922, p.194.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





**Figuur 19:** Die tunieklyn maak 'n terugkeer

Uit: *Die Boerevrou,* Mei 1920, p.41; *Die Boerevrou,* Augustus 1920, p.18;



**Figuur 20:** Die Oosterse invloed in aanddrag

Uit: *Die Huisgenoot,* April 1921, p.506.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

warm klimaat aanbeveel. Stokkinet, 'n sintetiese stof wat tydens die oorlog op groot skaal begin vervaardig is, is bo sy verkies. Dit is verwelkom; in die warm klimaat moes onderklere daagliks gewas word en die son het gou die materiaal laat vergeel. *Die Boerevrou* het die Suid-Afrikaanse vrou aangeraai om haar onderklere self te maak, omdat dit nie net goedkoper was nie, maar vir 'n bruid ook baie plesierig is om die uitset tuis te maak en te sien hoe haar kamferhoutkis geleidelik vol word. 'n Nuwe mode, wat van mansmodes oorgeneem is, was om voorletters op die onderklere te borduur. Borduurwerk was 'n beter keuse vir versiering as kant en lint, wat na 'n paar wasse verslete sal lyk.[243]

Al minder onderklere is gedra. Die silhoeët van die twintigerjare het nie meer 'n korset of borsrok benodig nie. *Die Boerevrou* het gereken dat 'n verstandige vrou nie 'n korset sou dra nie, omdat dit die gesondheid benadeel. Deelname aan sport is aangemoedig omdat dit die vrou sou leer om haar spiere só te oefen en om só asem te haal, dat haar spiere 'n natuurlike korset vorm. Volgens *Die Huisgenoot* kon vroue nie glo dat hulle eens stywe baleine gedra het nie. Korsette is nogtans vir buitengewoon gesette vrou aangeraai.[244]

Die nuwe mode was "combinations"; 'n kombinasie van 'n kamisool en 'n "princess slip" of 'n kamisool en onderbroek wat 'n "step-in" genoem is. Die middel is met 'n rek ingeryg en dit het of met knopies voor of met 'n ritssluiter aan die kant vasgemaak. *Die Boerevrou* het 'n voornemende bruid aangeraai om 'n onderrok en 'n "step-in" in dieselfde styl te maak.[245] (sien figuur 21)

*Die Huisgenoot* se buitelandse korrespondent het berig dat die Amerikaanse vroue net in die somer by deurskynende rokke onderrokke gedra het. Die voor- en agterbane is dubbel gestik, sodat dit net nodig was om een onderrok te dra. In die winter het hulle net "bloomers" gedra. Geneeshere het dit aanbeveel omdat dit die

---

[243]Tant Kato, Uitset vir ons Boere dogter, *Die Boerevrou,* Maart 1920, p.20; Wat ons op straat sien, *Die Huisgenoot,* 28 Desember 1923, p.25.

[244]Tant Kato, Uitset vir ons Boere dogter, *Die Boerevrou,* Maart 1920, p.20; Onderklere, *Die Boerevrou,* Augustus 1920, p.25.

[245]Tante Kato, Uitset vir ons Boere dogter, *Die Boerevrou,* Maart 1920, p.20; Die trouwdag, *Die Huisgenoot,* Mei 1920, p.22.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

niere warm gehou het. *Die Huisgenoot* het ook daarop gewys dat 'n wit onderrok in die nat Bolandse winter baie onprakties was. Die Amerikaners is ten spyte van hulle plesierjag en spandabelrigheid vir hulle sinvolle gebruike aangeprys.[246]

Die nagklere van die twintigerjare het die gees van die tyd gereflekteer; dele van die liggaam wat voorheen heeltemal bedek was, is gewys en nagklere is ook getailleer. Die Afrikaanse vrou se nagklere was baie meer konserwatief, met die klem op gemak. Nagrokke is op die Magyar-patroon gesny wat genoeg ruimte vir die arms en die nek verseker het. Afrikaanse vroue kon ook hulle arms ten toon te stel, wat voorheen 'n taboe was.[247] (sien figuur 22)

'n Nuwesoortige slaappak het verskyn wat op mansnagklere gebaseer is en op die kimono-patroon gesny is. *Die Huisgenoot* het 'n patroon beskikbaar gestel sodat vroue dit self kon maak. Alhoewel baie vroue nie van mansmodes gehou het nie, het die tydskrif beweer dat as 'n vrou eers een keer 'n slaappak gedra het, sy dit nie vir 'n nagrok sou verruil nie, omdat dit gemakliker en warmer was. [248](sien figuur 23)

Die boudoirmus is sterk aanbeveel. Volgens *Die Huisgenoot* het Afrikaanse vroue aanvanklik daarvoor gelag en gemeen dat hulle nie soos die uitlanders tyd vir popspeel gehad het nie. Later het hulle besef hoe handig dit te pas kon kom. As 'n mens op 'n trein moes oornag, het jou hare nie so vol sand en koolstof gewaai nie en kon jy in die oggend op pad na die badkamer verby die ander passasiers loop, al was jou hare nie gekam nie. Buitendien was die mussie vir jou mede-passasiers mooi om na te kyk. As jy siek was en besoek ontvang het, was dit ook nie nodig om eers die lastige bolla te kam nie.[249] (sien figuur 24)

---

[246]Onderklere, *Die Huisgenoot,* 7 Desember 1923, p.27

[247]Onderklere, *Die Boerevrou,* Augustus 1920, p.25; Modes, *Die Huisgenoot,* April 1920, p.25.

[248]Ons knippatrone, *Die Huisgenoot,* September 1921, p.231.

[249]Onderklere, *Die Huisgenoot,* 22 Februarie 1924, p.23.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





**Figuur 21:** 'n "Combination"

Uit: *Die Boerevrou,* Maart 1920, p.20.



**Figuur 22:** Groter gemak in nagklere

Uit: *Die Husigenoot,* 7 Desember 1923, p.27.




**Figuur 23:** 'n Slaappak gebaseer op mansnagklere

Uit: *Die Huisgenoot,* September 1921, p.231.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 2.5 Bykomstighede

Bykomstighede het vroue die geleentheid gegee om 'n fantasie-element by hulle uitrusting te inkorporeer. Die groot modenuus was volstruisvere. Dit is nie net op hoede gedra nie, maar is vir waaiers, mantels, serpe, handsakkies en as versiering op aanddrag gebruik. Die vere is nie meer gedresseer nie. Dit moes sag en buigsaam wees om om 'n hoed of soos 'n tjalie om die skouers gedrapeer te word. Boas het teruggekeer, maar was nie meer so lank soos aan die begin van die eeu nie, maar eerder soos 'n kort, breë serp.[250] Vere is ook gebruik om onder aan some vas te werk of panele te versier. Die vere is dwars vasgewerk om 'n sagte valletjie-effek te skep. Volstuisvere wat aan die moue en some gewerk is en die oorvloed van armbande en stringe om die nek, het volgens 'n Afrikaanse vrou net soos haar "kaffermeidjie" in haar bruidsuitrusting gelyk.[251]

In Europa het die ontdekking van die farao se grafkelder 'n "Tutmanie" ontketen. Juwele is met Egiptiese motiewe versier en slangvormige armbande wat om die bo-arm gedra is, was veral gewild. Volgens *Die Huisgenoot* was dit iets wat die swart nasies sou gedra het en het die mode afgekeur. [252](sien figuur 25)

Uitspattige juwele soos lang oorbelle wat tot op die skouer gekom het, het selde aftrek by Afrikaanse vroue geniet nie. Hulle het die Chanel-voorkoms van lang stringe wit krale verkies soos Cito-pêrels by donkerkleurige uitrustings of 'n smal gewaterde swart sylint wat tot op die middel gehang het met 'n ornamentjie van ivoor of been.[253]

---

[250]Mode, *Die Huisgenoot,* 11 Julie 1924, p.27; Val-de-ral, Ons Johannesburgse modebrief, *Die Huisgenoot,* 24 Oktober 1924, p.29.

[251]Mode, *Die Huisgenoot,* 11 Julie 1924, p.27; Val-de-ral, Ons Johannesburgse modebrief, *Die Huisgenoot,* 24 Oktober 1924, p.29.

[252]Wat ons op straat sien, *Die Huisgenoot,* 28 Desember 1923, p.25.

[253] Wat ons op straat sien, *Die Huisgenoot,* 28 Desember 1923, p.25.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 24:** 'n Boudoirmus is gedra om hare netjies te hou

Uit: *Die Boerevrou,* Januarie 1920, p.40.





**Figuur 25:** Volstruisvere was hoogmode

Uit: *Die Huisgenoot,* 24 Oktober 1924, p.92;

*Die Huisgenoot,* 11 Julie 1924, p.27.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Bykomstighede is ook deur die periodekostuumstyl beïnvloed. Japanese sonsambreeltjies is nog gedra en wandelstokke soos wat in die Baroktydperk deur mans gedra is, het op die toneel verskyn.[254] (sien figuur 26)

"Dorothy"-sakkies is van swart sy of satyn of van dieselfde materiaal as die uitrusting gemaak. Dit is selfs gemaak om soos 'n poppie te lyk. Soos vroue meer grimering begin dra het, het spieëlsakkies gewild geword. 'n Binnesakkie is aan die binnevoering vasgeheg waarin 'n reukwaterflessie, 'n spieëltjie, 'n haarnaalddosie en 'n skertjie gebêre kon word. Gekoopte sakkies se knippe is van hout, skilpaddop of metaal gemaak en aan 'n sylintjie of goue kettinkie gedra. Die feit dat hierdie handsakkies in artikels genoem word, gee 'n aanduiding dat Afrikaanse vroue tog grimering gedra het, ten spyte van die negatiewe konnotasie wat in tydgenootlike literatuur aan vroue gegee is wat wel grimering gebruik het.[255] (sien figuur 27)

Ten spyte van die sogenaamde bevryding in damesklere, is daar nie van handskoene afgesien nie en is dit in die somer en winter gedra. In die winter is 'n pelsmof ("muff") gedra, al was dit nie altyd prakties in die kort Suid-Afrikaanse winters nie. By kortmourokke is handskoene gedra wat tot by die elmboog gereik het en by aandrokke is lang handskoene tot by die elmboog of tot by die bo-arm gedra. [256] (sien figuur 28)

Handskoene is egter nie net meer vir die beskerming van die hande en as 'n simbool van kuisheid gedra soos in die Victoriaanse tydperk nie. Pantserhandskoene ("gauntlets") was gewild en het vroue die geleentheid gegee om nog 'n manlike aspek by hulle uitrustings te voeg en so hulle nuwe posisie in die samelewing te onderstreep. [257]

---

[254]Somermodes, *Die Boerevrou,* Februarie 1922,p.27; Modes, *Die Boerevrou,* Mei 1922,p.25; Modes, *Die Boerevrou,* Junie 1922, p.26.

[255]C.E.Letty, Handsakkies, *Die Huisgenoot,* Desember 1922, p.323.


[256]Modes, *Die Boerevrou,* September 1921, p.25; Modes, *Die Boerevrou*, Oktober 1921, p.27.

[257]Val-de-Ral, Ons Johannesburgse modebrief, *Die Huisgenoot,* 24 Oktober 1924, p.29.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

76 a, b & c






**Figuur 26:** Bykomstighede is deur periodekostuum beïnvloed
Uit: *Die Boerevrou,* November 1921, p.25
*Die Huisgenoot,* Desember 1923, p.148.



**Figuur 27:** 'n "Dorothy"-styl handsak
Uit: *Die Boerevrou,* Junie 1921, p.27;
*Die Huisgenoot,* Desember 1922, p.323.





**Figuur 28:** 'n Pelsbont vir winter
Uit: *Die Boerevrou*, September 1921, p.25.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Met die koms van die motorkar en die vliegtuig is serpe gedra om die nek te beskerm. Gou het dit 'n gewilde modebykomstigheid geword en serpe het een van die mees kenmerkende aspekte van die twintigerjare se kleredrag geword. Lang chiffon- en syserpe het die hoekige silhoeët versag. Serpe is ook met Art Deco- en Egiptiese motiewe bedruk en by aanddrag is serpe gedra wat met kralewerk versier is. [258](sien figuur 29)

## 2.6 Skoene

Soos wat rokke se some gestyg het, het die skoene meer dekoratief geword en selfs toe die some weer in 1922 gesak het, is skoene nog met T-bandjies, oorkruisbandjies, strikke, bostiksel of stroke geperforeerde leer en gespes versier. Skoene kon in 'n wye verskeidenheid kleure verkry word, maar *Die Boerevrou* het daarop gewys dat verstandige vroue 'n swart en 'n donkerblou paar in hulle kas moes hê. Hofskoene se hakke het hoër geword, maar plathakskoene vir sport en ontspanningsdrag, het gekom om te bly, soos Gibson-skoene, 'n variasie op Oxfords,. [259](sien figuur 30)

Eksotiese leersoorte soos likkewaan en krokodil was gewild, maar dit was duur. Sweedse leer of boklamleer is gebruik en die invloed van die metaalera is deur blinkleerskoene weerspieël. Vir die aand was wit of swart satyn skoene met bont blomme daarop geverf of anders silwer of goue brokaatskoene gewild. [260]

Omdat die bene meer in die oog was, was sykouse 'n noodsaaklikheid. Die meer avontuurlustige vroue het vleeskleurige kouse gedra, maar swart en donkergrys kouse was die gewildste. Wit kouse is in die somer by wit en selfs swart skoene gedra. Gesette vroue is aangeraai om net swart kouse by swart skoene te dra, omdat wit kouse die enkels te dik laat lyk. [261]

---

[258]Wat ons in die Kaapse winkels sien, *Die Huisgenoot,* 12 September 1924, p.27.

[259]Modes, *Die Boerevrou,* Mei 1922, p.24.

[260]J.Swan, *Shoes,* p.63; Tant Kato, Ons knippatrone, *Die Boerevrou,* Maart 1920, p.20.

[261]G.Howell, *In Vogue:75 years of style,* p.26; Modes vir gesette dames, *Die Boerevrou,* Januarie 1920, p.28.


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 29:** Serpe word 'n gewilde modebykomstigheid

Uit: *Die Huisgenoot*, 4 Februarie 1927, p.52.



**Figuur 30:** Skoene word meer dekoratief

Uit: *Die Huisgenoot*, Februarie 1920, p.26; *Die Huisgenoot*, Julie 1920, p.74;

*Die Huisgenoot*, 18 Julie 1924, p.28;

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Rayon, 'n kunsvesel wat goedkoper as sy was, het 'n omwenteling in sykouse teweeggebring. Kouse kon met patroontjies versier word. In die V.S.A. het vroue selfs hulle kêrels se gesigte op hulle kouse laat aanbring. Die Afrikaanse vrou het donkerkleurige kouse verkies, maar pyltjies en deftige hakke is aangebring.[262]

## 2.7 Hoede

Madeleine Vionnet het in 1918 onnodige voerings, knope en pylnate van klere verwyder. Die neiging is in hoedemakery gevolg; minder styfgaas is gebruik en net genoeg draad om die bol en rand in posisie te hou. Hoede het ligter en gemakliker geword en die individu se kopvorm aangeneem. Net soos ten opsigte van kleredrag was daar nie 'n spesifieke mode nie en die wagwoord was “anything goes”.[263]

Baie vroue het nog lang hare gedra en daarom was die hoedbol baie groot en hoog. Die “toque” wat voor die oorlog mode was, is nog gevolg. Die hoed se rand was wyd, skuins af wat 'n “mushroom”-hoed genoem is of met 'n opgedraaide rand of selfs sonder 'n rand. Die bol het ook gevarieer.[264]

Met die herlewing van die sosiale lewe het baie groot hoede mode geword. Die skilderye van 18de-eeuse kunstenaars soos Watteau en Gainsborough is as inspirasie gebruik. Die hoede het sagte, wye rande gehad en is soms geheel en al van kant gemaak. Linte wat gekrul is of volstruisvere wat met gliserien behandel is om 'n swaarhangende effek te skep, is as versiering gebruik.[265] (sien figuur 31)

Die invloed van die oorlog en die militêre gees van die tydperk was nog duidelik sigbaar. Die helms met veerpluime van die kavallerie-soldate is nageboots. Die

---

[262]J.Herald, *Fashion of a decade. The 1920's.* p.29; Modes, *Die Boerevrou,* Mei 1922, p.24.

[263]J.Shields, *Hats: a stylish history and collecters guide,* p.19; Ons knippatrone, *Die Huisgenoot,* April 1920, p.374.

[264]P.Glynn, *In fashion,dress in the twentieth century,* p.69, Die trouwdag, *Die Boerevrou,* Mei 1920, p.22.

[265]J.Shields, *Hats: a stylish history and collecters guide,* p.19.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



stywe keppies wat deur die Franse soldate gedra is, is met net of vere versag. Manspette is ook begin dra, sonder twyfel 'n invloed van Chanel.[266] (sien figuur 32)

Hoede wat aan periodekostuums herinner is ook gesien, veral hoede wat soos in die laat-Victoriaanse tydperk met 'n lang sluier, versier is. Teatrale hoede was hoogmode. Die invloed van die Russiese ballet was duidelik te sien in tulbande wat ook in die aand gedra is. Die fantasie-element was te bespeur in "vliegtuigvlerkhoede", hoede met buitensporige groot strikke en "porkpie"-hoede met 'n skuins bol. Die binnerand van die hoed is some met patrone versier. [267](sien figuur 33)

'n Voorloper van die "cloche" wat so kenmerkend van die twintigers is, was "bob hats" of Russiese tuithoedjies. Die hoede het 'n hoë bol gehad en was voor effens met 'n tuit en agter kort geknip. Volgens *Die Huisgenoot* was die hoede meer prakties in die Suid-Afrikaanse son as die randlose "cloche". Afrikaanse meisies, wat nie sulke spits kenne soos hulle Engelse eweknieë gehad het nie, het ook beter daarin gelyk.[268] (sien figuur 34)

## 2.8 Haarstyle

Die gladde, kort bob wat so kenmerkend van die twintigers was, was nog nie die eerste paar jaar van die dekade in die mode nie. Hare is gegolf en lank gedra.[269]

Vroue het tog begin om hulle hare te bob, maar dit was nog nie so kort nie. Om hulle mans gewoond te maak aan 'n kort haarstyl, het vroue aanvanklik hulle hare net voorlangs kort gesny en agter in 'n bolla gedra. Lang hare is sag om die kop gegolf en in 'n lae bolla in die nek saam gevat of die hare is glad gekam en bo-op

---

[266]Modes, *Die Boerevrou,* September 1921, p.25; Ons knippatrone, *Die Huisgenoot,* Maart 1921, p.44.

[267] F.Clarke, *Hats,* p.50; Somermodes, *Die Boerevrou,* Februarie 1922, p.27; 'n Mooi winkel, *Die Huisgenoot,* Desember 1922, p.326.

[268]Deftige somerhoede, *Die Boerevrou,* Maart 1924, p.34; Val-de-ral, Ons Johannesburgse modebrief, *Die Huisgenoot,* 24 Oktober 1924, p.29.


[269]Hare-modes en hare-behandeling, *Die Boerevrou,* Maart 1921, p.33.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 31:** Wyerandhoede is gedra met die herlewing van die sosiale lewe
Uit: *Die Boerevrou*, Maart 1924, p.34.





**Figuur 32:** Die invloed van die oorlog is nog duidelik sigbaar
Uit: *Die Boerevrou*, September 1921, p.25;
*Die Huisgenoot*, Maart 1921, p.44.



**Figuur 33:** Teatrale hoede was hoogmode
Uit: *Die Huisgenoot*, Julie 1923, p.129.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





**Figuur 34:** Voorlopers van die cloche

Uit: *Die Boerevrou*, Februarie 1922, p.27; *Die Boerevrou*, Julie 1922, p.29;
*Die Boerevrou*, Mei 1923, p.43; *Die Boerevrou*, September 1923, p.36;
*Die Huisgenoot*, 20 Junie 1924, p.29; *Die Huisgenoot*, 5 September 1924, p.27.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

die kroon in 'n bolla gemaak. Hare is hoog op die kop gestapel om 'n byekorf-effek te skep en langs die kant sag gekrul. [270](sien figuur 35)

*Die Huisgenoot* se korrespondent in Parys het berig dat al die jong dametjies hulle hare kort gesny het of dit so gekam het dat dit kort gelyk het. Die tydskrif het ook subtiel daarop gewys dat kort hare prakties en makliker hanteerbaar was; geen gesukkel op die trein of in 'n hotel met die "lastige bolla" nie.[271] (sien figuur 36)

## 3. Groter gesofistikeerdheid in die modewêreld, 1925-1929

### 3.1 Algemene modeneigings

In die mode van die tweede helfte van die twintigerjare is die klem op die harde buitelyne van geometriese vorms en die suiwer, reguit lyn geplaas - in die silhoeët, haarstyle, hoede, skoene, handskoene en juwele, soos in die skilderye van Picasso, Braque, Léger en Matisse. Die "Exposition Internationale des Arts Décoratifs" wat in 1925 in Parys plaasgevind het, het 'n bepalende invloed gehad en die nuwe rigting in binneshuisversiering is in die mode en die kunste weerspieël. [272]

Die wagwoord van die tweede helfte van die dekade was eenvoud. Die silhoeët was slank, reguit, met skoon lyne. Die voorkoms was jeugdig en bevry; plat en hoekig soos 'n jong seun. (sien figuur 37) Die klere was meer gemaklik en die onderskeid tussen dag- en aanddrag het begin verdwyn. Mansdrag en klere wat voorheen uitsluitlik vir werk gereserveer is, is ook al meer in damesdrag gesien. Chanel het die gebreide "cardigan", wat die prins van Wallis ook dikwels in die openbaar gedra het, gewild gemaak. Groot woluitgevoerde motorjasse is oral op straat gesien, asook

---

[270]*Die Huisgenoot,* Februarie 1920, p.300.

[271]Uit 'n brief van Parys, *Die Huisgenoot,* 22 Februarie 1924, p.23; 'n Mooi mussie, *Die Huisgenoot,* 22 Februarie 1924, p.23.

[272]S.Blum (ed.), *Everyday fashions of the twenties as pictured in Sears and other catalogues,* p.85; J.Olian (ed.), *Authentic French fashion of the twenties,* p.v.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





**Figuur 35:** Hare is opgestapel om 'n byekorf-effek te skep
Uit: *Die Boerevrou*, Desember 1923, p.36.



**Figuur 36:** Die begin van die bob-haarstyl
Uit: *Die Boerevrou*, Desember 1923, p.36.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die pampoengeel "Fisherman's oilskins" wat gewaarborg is om absoluut waterdig te wees. [273]

Die middel was op die laagste ooit; onder die heupe, of anders het die uitrustings geen middel gehad nie. Knope, plat plooie, opnaaisels, gordels en sakke het die heupe beklemtoon. Daar was tekens dat die middel terug na die normale posisie sou skuif. Enid Silva, die modeverslaggeefster van *Die Huisgenoot,* het dit as 'n onrusbarende modeneiging beskou. [274](sien figuur 38)

Van die einde van 1924 af het die some begin styg, wat as 'n rewolusie of 'n skandaal bestempel is, en teen 1925 het dit net onder die knieë gekom. *Die Boerevrou* se raad aan sy lesers was om nie die mode slaafs na te volg nie, maar eerder hulle figure te bestudeer om te sien watter lengte hulle die beste sou pas. In 1926 was die lengte selfs korter as die vorige jaar en *Die Boerevrou* het gemeen dat selfs al sou die moeders hulle koppe skud oor die kort rokkies, dit tog mooier, dienliker en gesonder as lang rokke met slepe was en dat 'n mens dankbaar vir die mode was as jy in die bus moes klim. Die lengte was in 1927 die kortste van die hele dekade en het net tot onder die knie gekom. [275](sien figuur 39)

Aan die einde van die dekade moes die "flapper" met haar bob-hare en kort rokkies vir 'n meer gesofistikeerde en elegentgekleede vrou plek maak. Rokke vir die dag se some is ook ongelyk gesny of rye ongelyke valle is oor 'n romp met 'n reguit soom gedra. Die Huisgenoot het 'n artikel oor die "elegante ongelyke soom"

---

[273]Val-de-Ral, Ons Johannesburgse modebrief, *Die Huisgenoot,* 27 Februarie 1925, p.35; Petronella, Modenuus uit Johannesburg, *Die Huisgenoot,* 13 November 1925, p.45.

[274]Geskikte modes vir gesette dames, *Die Boerevrou,* Januarie 1926, p.49; Modes vir moeder en dogter, *Die Boerevrou,* Julie 1926, p.39; Ons modepraatjie, *Die Boerevrou,* September 1926, p.41; Juliet, Winterdrag vir dames, *Die Huisgenoot,* 7 Mei 1926, p.45; swart ferweelbaadjiepak, *Die Boerevrou,* Junie 1927, p.31; E.Silva, 'n Najaarsvoorspelling, *Die Huisgenoot,* 11 Maart 1927, p.51.

[275]Modepraatjie, *Die Boerevrou,* Maart 1925, p.30; Modes, Modes vir moeder en dogter, *Die Boerevrou,* Julie 1926, p.49; Kandas, 'n Boerevrou in Londen: en haar indrukke van die mode, *Die Boerevrou,* Oktober 1926, p.36; *Die Boerevrou,* September 1927, p.33; Mode, *Die Huisgenoot,* 22 Julie 1927, pp.51-53.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





**Figuur 37:** Die silhoeët is slank en hoekig

Uit: *Die Boerevrou*, Maart 1925, p.30;


*Die Boerevrou*, Junie 1925, p.39.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA







**Figuur 38:** Die middel reik tot ver onder die heupe

Uit: *Die Boerevrou*, Julie 1925, p.35; *Die Boerevrou*, Januarie 1926, p.49; *Die Boerevrou*, Mei 1926, p.35; *Die Boerevrou*, Julie 1926, p.39; *Die Boerevrou*, September 1926, p.41.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

geplaas en die mode verwelkom, omdat nie alle vroue mooi figure en bene gehad het nie. [276]

Om die eentonigheid van die ruimtelike vorms soos reghoeke, vierkante en sirkels en die eenvoudige liniêre buitelyne te verbreek, is die binnevlakke met abstrakte patrone van appliqués, opnaaisels, insetsels en formele geborduurde patrone opgebreek.[277] Oosterse versiering, borduurwerk in 'n verskeidenheid kleure en gekleurde omboorsels is gebruik om halse, moue, die soomlyn en 'n smal strook teen die kant van die uitrusting af te werk. Op somertabberds is bosse gekleurde blomme geverf. Aandrokke is met borduurwerk van pêrels of nagemaakte diamante versier. Klere is ook met strikke, lyfbande, krae en insetsels van kontrasterende kleure en rye knopies afgewerk. Gekleurde stukke kant is ook ingelas byvoorbeeld pers valenciennes-kant op 'n ligroos rok of goudkleurige kant op 'n roomkleurige uitrusting.[278] (sien figuur 40)

Nog 'n manier om die strenge eenvoud te verbreek, was die gebruik van interessante moue en halslyne. Alhoewel die kortmourokke nog regaf gesny was, was lang moue meer vroulik. Wye, oopflair-, dolman- en randlanmoue was veral in die aand gewild. Biskopmoue, wat dikwels met borduurwerk versier is, is ook gesien. Vir dagdrag was die moue meestal smal, plat en glad, maar met fantasieversiering om die pols, soos knopies, strikkies, omgeslaande mansjette en handboordjies in kontrasterende kleure. [279](sien figuur 41)

Die halslyn en die moue het tekens van die sagter mode getoon, soos in die gedrapeerde serpkrae en die jabot- en beffiekraag gesien kan word. Variasies op die V-nek was die rolkraag en die gebruik van die "berthe"-effek wat om die skouers

---

[276]Modes, *Die Boerevrou,* Oktober 1928, p.39; Gesellligheid, *Die Huisgenoot,* 8 Julie 1928, p.51; Die elegente ongelyke soom, *Die Huisgenoot,* 1 November 1928, p.55.

[277]Magel, Ons brief uit Johannesburg, *Die Huisgenoot,* 6 November 1925, p.45; Petronella, Modenuus uit Durban, *Die Huisgenoot,* 27 November 1925, p.45.

[278]Mode, *Die Huisgenoot,* 1 Mei 1925, p.43; Mode, *Die Huisgenoot,* 7 Augustus 1925, p.43; M.de Rovanno, 'n Brief uit Parys, *Die Huisgenoot,* 30 Oktober 1925, p.17; Petronella, Modenuus uit Durban *Die Huisgenoot,* 13 November 1925, p.45.

[279]Modes, *Die Boerevrou,* Julie 1927, p.21; Vir die vrouens, *Die Huisgenoot,* 18 Februarie 1927, p.45; E.Silva, Modes vir wintertabberds, *Die Huisgenoot,* 6 Mei 1927, p.53.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





**Figuur 39:** Die roksome styg tot die hoogste in die dekade

Uit: *Die Boerevrou*, September 1927, p.3;


*Die Boerevrou*, Junie 1927, p.39.


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA











**Figuur 40:** Die eenvoud word met knope-detail, geometriese patrone, borduurwerk, kantsels en omboorsel verbreek

*Die Boerevrou*, September 1925, p.26; *Die Boerevrou*, November 1925, p.45; *Die Boerevrou*, April 1926, p.41; *Die Boerevrou*, September 1926, p.26

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gekom het soos in die 17de eeu. "Peter Pan"-kragies was nie meer so hoog gesny nie, wat volgens *Die Boerevrou* 'n voordeel vir mense was wat al lank die lae halse gewoond was en vir wie 'n nousluitende kraag nie gemaklik was nie.[280](sien figuur 42)

Wintersjasse, -bloese en –rokke het tog 'n hoë opslaannek gehad, amper soos 'n medici-kraag. Dié mode is aanbeveel, omdat dit die keel beskerm het. Pels was nog groot modenuus en krae en moue is met bont afgewerk. Serpe is ook styf om die nek gedra en is "chokers"(verstikkers) genoem. Pelsserpe was 'n nuwe mode-item.[281](sien figuur 43)

Die keuse van materiaal was ook belangrik, omdat dit een van die enigste maniere was waarop 'n uitrusting die oog sou vang. Geribde sy, ruitpatrone en morocains met opgehewe patrone in dieselfde kleur was in die winter gewild. Vir aanddrag het die swart rok verdwyn en is uitrustings van ninon vol helderkleurige patrone met gouddraad gemaak.[282]

'n Voorvereiste vir materiaal was dat dit wasbaar moes wees. Met die koms van wasmasjiene het al meer mense hulle wasgoed self tuis gewas. Katoen, katoen-crepon, katoen-georgette, shantungsy, linne en "gingham" is vir die dag gebruik terwyl crèpe-georgette, chiffon-tulle, marquisette, lamé en ninon vir die aand en meer deftige drag gebruik is. [283]

Aanvanklik is Afrikaanse vroue afgeraai om die helder kleure te dra wat so gewild in Europa was. Volgens modekenners sou dit te uitspattig in die helder Suid-Afrikaanse son vertoon het. Teen 1927 het Afrikaanse vroue egter al die moed gehad om met kleurgebruik die oog te trek. Hulle is aangeraai om veral die kleure

---

[280]Mode, *Die Huisgenoot,* 9 Februarie 1925, p.41; Mode, *Die Huisgenoot,* 17 Julie 1925.

[281]Middagtabberd vir 'n dame, *Die Boerevrou,* Mei 1926, p.35; Mode, *Die Huisgenoot,* 25 Junie 1926; p.45; Wintersjasse vir moeder en dogter, *Die Boerevrou,* April 1926, p.41; Juliet, Wintersdrag vir dames, *Die Huisgenoot,* 7 Mei 1926, p.45.


[282]Die winter-modes, *Die Boerevrou,* Mei 1925, p.33; Mooi en nuttige modes vir die huisvrou, *Die Boerevrou,* September 1925, p.26.

[283]Ons modepraatjie, *Die Boerevrou,* September 1926, p.41.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

83 9 eb






**Figuur 41:** Interessante moue verbreek die eenvoud

Uit: *Die Huisgenoot*, 23 Julie 1926, p.53; *Die Huisgenoot*, 20 Augustus 1926, p.53
*Die Huisgenoot*, 11 Februarie 1929, p.63.





**Figuur 42:** Halslyne word meer vroulik

Uit: *Die Huisgenoot*, 13 Julie 1929, p.35;
*Die Huisgenoot*, 20 Augustus 1929, p.69.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





**Figuur 43:** Pels is nog baie gewild


Uit: *Die Huisgenoot*, 12 Julie 1925, p.43;
*Die Huisgenoot*, 23 April 1926, p.45.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA









**Figuur 44:** Die silloeët word vanaf 1928 vrouliker

Uit: *Die Boerevrou*, Januarie 1928, p.49;
*Die Boerevrou*, September 1928, p.39;
*Die Huisgenoot,* 20 Augustus 1926, p.53.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

van die sonsondergang te dra. Vir die winter was donkerbou, tulp-groene, grys, "pume", wynrooi, violet en bruin die modekleure. Rooskleur is nie meer vir aanddrag gebruik nie, mits dit in kombinasie met swart, groen of silwerkleurige kant gedra is. Gewilde nuwe kleure was "cyclamen pink", "corynthe" en violet.[284]

Die begin van 'n nuwe periode het in 1928 in die modewêreld aangebreek. Die hele trant van die mode was voller en vrouliker met die klem op vloeiende lyne. Die modetydskrif *Fashionable Dress* het die nuwe mode soos volg opgesom: "The new silhouette in women's clothes harmonizes with the long streamline of the last made automobile, or the winged grace of the aeroplane."[285]

Die Paryse herfsversameling het bevestig dat die meer vroulike silhoeët terug in die mode was en *Die Huisgenoot* se korrespondent in die Franse hoofstad het verlig opgemerk dat die "gril van vermanlikheid" nie meer te bespeur was nie.[286](sien figuur 44)

Alhoewel die silhoeët nog baie eenvoudig was, het die harde lyne en kubistiese vorms verdwyn. Die klere was meer gedemp volwasse, maar ook minder positief as die tipiese modes van die vroeë twintigerjare. M. de Rovanno, moderedaktrise van *Die Huisgenoot,* het opgemerk dat daar "bepaald 'n sekere eentonigheid in die toilette" was.[287] Met die ineenstorting van die Wallstraat-aandelemark in Oktober 1929 het 'n meer somber tydperk begin en die oorwegende modelyne van die vroeëre dertigerjare was reeds aan die einde van 1929 sigbaar.[288]

Die rok- en jaslengtes het vir dagdrag tot vier duim onder die knie gesak en vir die aand tot ses duim. Aandrokke is "floor dusters" genoem. Die middel het tot net bo

---

[284] Winterklere en –mode; *Die Boerevrou,* Julie 1927, p.21; Modepop, Modes, *Die Huisgenoot,* 4 Maart 1927, p.52.

[285]S.Blum (ed), *Everyday fashions of the twenties as pictured in Sears and other catalogues,* p.v; D.Bond, *The Guinness guide to 20th century fasion,* p.78.

[286]M.de Rovanno, Parijse lentemodes, *Die Huisgenoot,* 7 Julie 1929, p.63.

[287]M.de Rovanno, Paryse somermodes, *Die Huisgenoot,* 1 November 1929, p.72.

[288]D.Bond, *The Guinness guide to 20th century fashion* , p.78; J.Shields, *Hats: a stylish history and collector's guide,* p.28.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die heup geskuif en aan die einde van die jaar was dit weer op die normale posisie, maar die middel is nooit weer so styf soos voorheen ingetrek nie. Breë heupbande wat omtrent driekwart van die romplengte in beslag geneem het, het die nuwe slankheid van die dye en bene te beklemtoon. Plat gespes het smaller gordels afgerond. Smokwerk om die middel het ook die aandag op die nuwe posisie gevestig. [289](sien figuur 45)

Die strakheid van die mode is ook deur die gebruik van a-simmetriese lyne verbreek. Soos vorige jare is die oorvou-kimonostyl vir lyfies gebruik wat aan die kant van die heupe vasgemaak het. Groot losgeknoopte strikke of knope-detail is gebruik om die klem op die a-simmetrie te plaas. [290](sien figuur 46)

Die lyn was oorwegend onreëlmatig en materiaal is skuins geknip om vloeiende uitrustings wat volgens die figuur gevorm is, te skep. Die Paryse ontwerper Madeleine Vionnet was bekend vir haar skeppings wat aan die model gedrapeer en geknip was, sodat dit feitlik onmoontlik was om na te aap. Hierdie mode het vroue met lang bene en smal heupe die beste gepas en Greta Garbo het die nuwe rolmodel vir vroue geword. [291]

Sagte materiale is gebruik soos satyn, crèpe-satyn, Voile de Caine en Toile de soie, wat geskik vir drapering was. *Die Huisgenoot* het 'n artikel onder die titel van "Kunssy tree triomfantlik in die mode" geplaas. Aanvanklik was die materiaal baie hard en het pap gehang na die eerste was, maar die vervaardigingstegnieke het soveel verbeter dat dit amper so sag soos chiffon was en mooi gewas en gestryk het. [292]

---

[289]Pragtige modelle vir gesette figure, *Die Boerevrou,* Julie 1929, p.35, Modes, *Die Huisgenoot,* 8 Maart 1929, p.57.

[290]Modes vir die slanke figuur, *Die Boerevrou,* September 1928, p.39; Ons geselskolom, *Die Huisgenoot,* 27 Januarie 1928, p.51.

[291]S.Blum (ed.), *Every day fashions of the twenties as pictured in Sears and other catalogues,* p.v; D.Bond, *The Guinnes guide to 20th century fashion,* p.78.

[292]Kant, Voile, Georgette en Taffeta, *Die Boerevrou,* Januarie 1929, p.33; Kunssy tree triomfantlik in die mode, *Die Huisgenoot,* 11 Oktober 1929, p.71.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA







**Figuur 45:** Die nuwe middellyn word beklemtoon
Uit: *Die Huisgenoot*, 8 Maart 1929, p.57.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





**Figuur 46:** Die a-simmetriese lyn verbreek die strakheid van die mode

Uit: *Die Huisgenoot*, 27 Januarie 1928, p.49;

*Die Huisgenoot*, 20 Maart 1929, p.61.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 47:** Kantoordrag

Uit: *Die Huisgenoot*, 11 Oktober 1926, p.53;
*Die Huisgenoot*, 27 Julie 1926, p.53.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Pastelkleure soos bois-de-rose en duifgrys is vir effekleurige uitrustings gebruik met wit of room vir die kraag en handboortjies. Groot blompatrone, wat gewoonlik vir japonstof gebruik is, is vir rokke en baadjies gebruik en was 'n voorloper van die dertigerjare se modes. [293]

## 3.2 Dagdrag

Soos meer vroue die beroepsmark betree het, is meer artikels oor kantoordrag geplaas. Die vereiste vir die uitrustings was dat dit netjies en prakties moes wees. Baadjiepakke ("coats and skirts") se fatsoen was streng en eenvouding soos 'n mansbaadjie. Die baadjie is regaf gesny met dieselfde kraag en sakke van 'n mansbaadjie en is met twee platgestikte plooie verfraai wat aan weerskante agter tot in die soom geloop het. Die romp is van geplooide ruitstof ("tweed") gemaak, wat as deftig en paslik vir 'n werkende vrou beskou is. 'n Das het die uitrusting voltooi. [294](sien figuur 47)

Die driestukpak wat uit 'n jumperpak met 'n baadjie of 'n jas bestaan het, was nog baie gewild en *Die Huisgenoot* het elke vrou aangeraai om in so 'n uitrusting te belê. Gebreide pakke is as 'n meer verstandige belegging vir 'n vrou se klerekas bestempel, omdat sy meer diens daaruit sou kry in die Suid-Afrikaanse winters wat meer gematig as die Europese winters was. [295](sien figuur 48)

Jumperpakke was baie eenvoudig en is met knopedetail, sakke, monogramme, vrolike dasse of interessante gordels afgewerk. Cardigan-monderings van fyn wol of 'n symengsel was effekleurig met streep- , ruit- of figuurpatrone. [296]

---

[293]H.Greenlees, wintermodes, *Die Boerevrou,* April 1928, p.41; Modes, *Die Huisgenoot,* 27 Januarie 1928, p.49.

[294]Netjiese en nuttige somerklere, *Die Boerevrou,* Oktober 1926, p.41; Modenuus uit Londen, *Die Huisgenoot,* 30 April 1926, p.45; E.Silva, Voorjaarmodes, *Die Huisgenoot,* 10 September 1926, p.53; E.Silva, Hiervan en daarvan , *Die Huisgenoot,* 10 Oktober 1926, p.49; Wintermodes, *Die Huisgenoot,* 4 Mei 1928, p.49.

[295]Mode, *Die Huisgenoot,* 7 Augustus 1925, p.43.

[296]By die winkels, *Die Huisgenoot,* 29 Maart 1929, p.59; Ons hou tred met die mode, *Die Huisgenoot,* 13 September 1929, p.69.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Soos die mode vereenvoudig het, het driestukpakke vir tweestukpakke plek gemaak. ‘n Baadjie of ‘n jas is oor ‘n slooprok gedra. Vir die baadjie was die regaf, kimono-styl patroon van Chanel gebruik. Dit is versag met bont stroke om die moue en die soom, ‘n gordel wat in die middel met ‘n strik geknoop is of dit is van geblomde materiaal gemaak. Die jas was lank en het gelyk met die slooprok gehang.[297]

*Die Boerevrou* se buitelandse korrespondent het berig dat “al die vroue in Londen” sulke jasse gedra het as hulle uitgegaan het. Die rokke mag wel van dun materiaal het, maar die jas het alles toegemaak. Sy het die mode verwelkom, want alhoewel kort moue en laehalsrokke vir die warm Suid-Afrikaanse klimaat geskik was, was dit vir haar nooit mooi om sulke kaal vroue op straat te sien nie. Gesette vroue sou die mode ook verwelkom, want dit het die figuur nie in twee defnitiewe dele verdeel nie. Die jas sou die tabberd ook teen stof beskerm. [298](sien figuur 49)

Rokke is op die “slip-style” patroon gesny, ‘n regaf eenstuktabberd wat maklik self gemaak kon word. Die rokke was nou en het net-net onder die knie gekom. *Die Boerevrou* het kort rokkies verwelkom, want ondervinding het reeds geleer dat ‘n mens maklik daarmeeoor ‘n sloot kon spring of in die trems wip as, maar het vroue gemaan om versigtig te wees vir té styfpassende rokke. Om die nou effek te behou, maar nog lang treë te neem sonder om die rok te skeur, was die oplossing om plat plooie in te sit. Later in die jaar het die rokke effens wyer geword en driehoekige insetsels, dikwels in ‘n ander kleur, is gebruik om ‘n “flair”-effek te skep.[299] (sien figuur 50)

Slooprokke het min plek vir versiering gehad. Knope is aanvanklik baie gebruik. Gewone perlemoenknope is in rye op naatlyne vasgewerk, maar dit het later begin

---

[297]Vir die vrouens, *Die Huisgenoot,* 30 Maart 1928, p.53; Wintermodes, *Die Huisgenoot,* 8 Junie 1928, p.49.


[298]Kandas, ‘n Boervrou in Londen: en haar indrukke van die modes , *Die Boerevrou,* Oktober 1926, p.39; Londense modes, *Die Huisgenoot,* Maart 1926, p.45.

[299]Modepraatjie, *Die Boerevrou,* Maart 1925, p.30; Ons modepraatjie, *Die Boerevrou,* Junie 1925, p.39.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA







**Figuur 48:** Cardigan-monderings is 'n verstandige belegging

Uit: *Die Huisgenoot*, 29 Maart 1929, p.59;

*Die Huisgenoot*, 13 September 1928, p.65.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





**Figuur 49:** Die tweestuk- vervang die driestukpak
Uit: *Die Boerevrou*, April 1928, p.41;
*Die Huisgenoot*, 17 Augustus 1928p. 51.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verdwyn. Sakke het ook al minder geword. 'n Nuwe mode was 'n omslaankraag met 'n sydas of serp.[300]

## 3.3 Aand- en trourokke

Aandrokke is deur 'n slanke lyn en drapering gekenmerk. Die silhoeët vir die aand was sagter, langer en voller as dié van die dagdrag. Die lyfies was nousluitend met kort moue of 'n wye vlermuismou van kant. Die rokdeel was baie ruim en hoepels is weer gebruik om die uitskop-effek te gee.[301] (sien figuur 51)

Groot klem het op die ongelyke soom geval en diagonale draperings, laag-op-laag en skulprande is gebruik. (sien figuur 52) Om 'n illusie van lengte te skep, is lang, sagvloeiende panele aan die sye en agterkant gewerk of 'n deurskynende oorrok is gedra wat bietjie langer as die onderrok was, of knielengte en effens langer agter gedra. Alhoewel vroue die afskaffing van die sleep - wat in die Victoriaanse en Edwardiaanse tydperk mode was - as 'n deel van die bevryding van vrouekleredrag beskou het, was die mode verbasend gewild. [302](sien figuur 53)

Die rompgedeelte is met fraiïngs, borduursels en groot blomme versier. Die blomme is van fluweel of lint gemaak en 'n draad is deurgeryg om dit styf te laat staan. Die borduurpatrone was ook groot en reënboogkleurige blinkertjies is gebruik. Die rok was mouloos en plat blomme of 'n stywe bossie blomme is ter versiering aan die skouernaat vasgewerk. [303] (sien figuur 54)

Aandmantels het selfs meer as die rokke self die oog gevang. Die jasse is van ninon gemaak met gekeepte vlermuismoue – die vampierstyl wat filmsterre gedra het.

---

[300]Mode, *Die Huisgenoot,* 1 Mei 1925, p.43; Mode, *Die Huisgenoot,* 3 Julie 1925, p.43.

[301]Mode, *Die Huisgenoot,* 7 Oktober 1927, p.49; Mode, *Die Huisgenoot,* 2 Desember 1927, p.98.


[302]Mooi modes vir die aand, *Die Boerevrou,* Maart 1927, p.35; E.Silva, Stuttaford se modeparade, *Die Huisgenoot,* 8 April 1927 p. 53; E.Silva, Hierdie week se modenuus, *Die Huisgenoot,* 29 Julie 1927, p.51.

[303]Olive, Mode, *Die Huisgenoot,* 19 Maart 1926, p.45; Londense mode, *Die Huisgenoot,* 26 Maart 1926, p.45; Petronella, Durbanse mode, *Die Huisgenoot,* 30 April 1926, p.45.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





**Figuur 50:** "Slip-style"-rokke

Uit: *Die Huisgenoot*, 8 Julie 1927, p.68;

*Die Huisgenoot*, 15 November 1929, p.75.



**Figuur 51:** Ongelyke some is aan die einde van die dekade verwelkom

Uit: *Die Huisgenoot*, 30 September 1927, p.51;

*Die Huisgenoot*, 11 November 1927, p.47.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






**Figuur 52:** Die silhoeët vir aanddrag was sagter en voller

Uit: *Die Huisgenoot*, 7 Junie 1929, p.63;

*Die Huisgenoot*, 6 Desember 1929, p.99.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Helderblou, cherise en goud- en silwerlamé was gewilde kleure. Die jasse was knielengte en met bont of fraiïngs versier wat herinner het aan die Amerikaanse Indiane-mode wat Chanel as inspirasie gebruik het. In plaas van oorjasse is geblomde sytjalies ook gedra. "Capes" van swart of fushia satyn of van fluweel was ook gewild. Die kraag het hoog om die nek gekom en is met 'n koord deurgeryg. [304](sien figuur 55)

Trourokke is soos aandrokke met 'n nousluitende lyfie en 'n wye romp of soos 'n eenstuktabberd gemaak. Spierwit trourokke is min gesien. Die gewildste kleure was laventelpers, ligroos, Nylgroen en ivoor. Trourokke is op dieselfde patroon as gewone rokke gemaak. Crêpe, glanssatyn en deurskynende fluweel is gebruik en sodoende kon die rok weer as 'n aandrok gebruik word, want dit was die sluier en sleep wat van die uitrusting waarlik 'n bruidsrok gemaak het.[305] (sien figuur 56)

Brusselse kantsluiers is deur bruide gekies wat 'n erfstuk gehad het, terwyl die meer moderne bruid goud- of silwerkleurige brokaatnetsluiers gedra het. Enid Silva van *Die Huisgenoot* het 'n tullesluier aanbeveel, omdat dit het die gevoel van geheimsinnigheid gee sonder om die gelaatstrekke te versluier. Selfs 'n bruid wat nie baie aan haar uitset kon spandeer nie, kon die sluier met fyn borduursel of pêreltjies om die soom versier. Die sluier is soos 'n "cloche" om die kop vasgemaak en met lemoenbloeisels en vergeet-my-nietjies versier. Vir 'n meer dramatiese effek is die sluier met 'n silwer band om die kop gebind, sodat dit soos 'n tiara opgestaan het. Teen 1928 het die hooftooisel nie meer die hare geheel en al bedek nie en 'n juliette-band met 'n pêrelkransie of bloeisels op die ore was baie gewild.[306] (sien figuur 57)

Alhoewel 'n sleep nie prakties is nie en baie moderne bruide dit weggelaat het, het Enid Silva gemeen dat 'n bruidstabberd sonder 'n sleep nie waarlik 'n bruidstabberd

---

[304]Petronella, Die Durbanse winkels in die vakansietyd, *Die Huisgenoot,* 15 Januarie 1926, p.45; Mode, *Die Huisgenoot,* 2 April 1926, p.45; M.de Rovanno, Wintermode in Parijs, *Die Huisgenoot,* 25 Februarie 1927, p.49

[305]Enid Silva, Somerbruide, *Die Huisgenoot,* 29 Oktober 1926, p.53.

[306]Die trouery, *Die Huisgenoot,* 11 November 1927, p.47; Najaar- en winterhuwelike, *Die Huisgenoot,* 5 April 1929, p.57.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





**Figuur 53:** Ongelyke some, draperings en laag-op-laag gee 'n sagvloeiende effek

Uit: *Die Huisgenoot*, 13 September 1929, p.65;

*Die Huisgenoot*, 20 September 1929, p. 67;

*Die Huisgenoot*, 11 Oktober 1929, p.71.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






**Figuur 54:** Die rompgedeeltes word versier

Uit: *Die Huisgenoot*, 1 Desember 1928, p.55;

*Die Huisgenoot*, 7 Desember 1928, p.99.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA







**Figuur 55:** "Capes" en sytjalies is in plaas van oorjasse gedra

Uit: *Die Huisgenoot*, 15 Januarie 1926, p.45;

*Die Huisgenoot*, 7 Desember 1928, p.99.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






**Figuur 56:** Trourokke is soos aandrokke gemaak

Uit: *Die Huisgenoot*, 20 September 1929, p.67;

*Die Huisgenoot*, 12 Oktober 1929, p.57.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 57:** Hooftooisels

Uit: *Die Huisgenoot*, 11 November 1927, p.47;

*Die Huisgenoot*, 5 April 1929, p.59.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

sou wees nie. Sy het 'n sleep aanbeveel van dieselfde materiaal as die rok, gevoer met ligroos gerimpelde chiffon. Ruikers was groot en klein blommetjies is gebruik om 'n sagte effek te gee.[307]

## 3.4 Onderklere, sportdrag en slaapklere

Die tydskrifte kon nie genoeg die voordele van die nuwe onderklere beklemtoon nie. Die stywe, gebaleinde borstrokke wat vroue se lewe so vergal het, was vir goed uit die mode. Vroue kon net nie uitgepraat raak oor die nuwe eenstuk-onderklere wat tegelykertyd 'n brassière, frokkie, lyfband, kousophouers en 'n broekie alles in een was nie. Dit was lig, maar voldoende om onder 'n tabberd te dra en het die nodige slankheid gegee. Deskundiges het die nuwe onderklere verwelkom, omdat hulle van mening was dat die liggaam nie onder lae klere toegeplak moes word nie. Hulle het egter gemaan dat dit nie te styf moes sit nie, want dit sou net so nadelig gewees het.[308](sien figuur 58)

Met die terugkeer na meer vroulike modes, is korsette weer gedra. Alhoewel vroulike kurwes soos die heupe en die boesem nog nie weer te veel beklemtoon is nie, was die ook nie meer nodig om "hip and bust resticters" te dra nie. Eenstukke soos 'n kombinasie van 'n onderrok wat aan 'n broekie en 'n frokkie of kamisool geheg is, was nog gewild [309](sien figuur 59)

Dit was ook noodsaaklik om sagte onderklere by die nou, regaf rokke te dra. Linne-onderklere is "oliekleed-onderklere" genoem omdat dit so hard was en het die snit en passing van die rok bederf. Aanvanklik het Afrikaanse vroue sy-onderklere as spandabelrig beskou. Alternatiewe vir sy, soos crêpe-de-chine en ray-de-chine, het dit meer bekostigbaar gemaak en omdat die onderklere so eenvoudig was – basies 'n slopie met twee bandjies – kon vroue dit self goedkoop maak. Nainsook was 'n

---

[307]Enid Silva, Somerbruide, *Die Huisgenoot,* 29 Oktober 1926, p.53.

[308]Olive, Mode, *Die Huisgenoot,* 19 Maart 1926, p.45; Juliet, Damesonderklere, *Die Huisgenoot***,** 16 April 1926, p.45.

[309]*Die Huisgenoot,* 20 April 1928, p.56.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

gewilde materiaal vir onderklere. Soos crêpe-de-chine kon dit net uitgespoel word en is nie gestryk nie. [310](sien figuur 60)

Uit Parys het *Die Huisgenoot* se korrespondent berig dat kousbande nie meer met lintrosette, versier is nie. Die nuutste gier was om die kousbande met 'n popkop, verkieslik 'n karakterpop soos die akteurs Maurice Chevalier, Douglas Fairbanks of Valentino, te versier. Helder kleure soos vuurrooi en grasgroen is ook vir onder- en nagklere gebruik. Hierdie modes is nie deur die Afrikaanse vroue gevolg nie, omdat hulle dit as 'n vermorsing en stuitig beskou het. [311]

Swemkostuums het bestaan uit 'n "jersie" wat styf tot op die heupe gepas het en 'n baie kort broekie. Die rug en arms is diep ingesny, sodat die swemster vrylik kon beweeg en sonbaai. Die tweestukpak was van effe- of bont materiaal gemaak. Soms het vroue nog 'n aparte uitrusting vir sonbaai gehad. Dit is van 'n dun stof soos tulle gemaak om genoeg son deur te laat, maar is op sekere strande verbied omdat dit as onsedelik beskou is. [312](sien figuur 61)

Die Bloomsbury-groep, waaraan skrywers soos Virginia Woolf en Vita Saxville-West behoort het en leiers op die sosiale front was, het pajama-partytjies gewild gemaak. Afrikaanssprekendes het gewoonlik nie deelgeneem aan wat hulle as dekadente tydverdrywe gesien het nie. Tog het *Die Huisgenoot* 'n artikel geplaas oor slaapklere wat tipies by so 'n partytjie gedra sou word. 'n Mikado-slaappak wat soos 'n kimono lyk in oranje en goudkleurige fluweel, 'n kamerjurk van silwer, pers en goudkleurigr stof en 'n slaappak van geel, groen en rooskleur in die "La Mortola"-styl is in die artikel bespreek. [313](sien figuur 62)

---

[310]Mode, *Die Huisgenoot,* 13 Februarie 1925, p.37; Kandas, 'n Boerevrou in Londen: en haar indrukke van die mode, *Die Boerevrou,* Oktober 1926, p.39.


[311]M.de Rovanno, Modebrief uit Parijs, *Die Huisgenoot,* 13 Mei 1927, p.53.

[312]Modes, *Die Huisgenoot,* 15 September 1929, p.71; M.de Rovanno, Paryse somermodes, *Die Huisgenoot,* 22 November 1929, p.73.


[313]Modes, *Die Huisgenoot,* 31 Mei 1929, p.65.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 58:** Eenstuk-onderklere
Uit: *Die Boerevrou*, Junie 1927, p.39;
*Die Huisgenoot*, 17 Mei 1929, p.63.





**Figuur 59:** Korsette om die meer vroulike silhoeët te ondersteun
Uit: *Die Huisgenoot*, 20 April 1928, p.56.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






**Figuur 60:** Onderklere moes by die nou, regaf rokke aanpas

Uit: *Die Huisgenoot*, 8 Februarie 1929, p.59.




**Figuur 61:** Swemdrag

Uit: *Die Huisgenoot*, 23 November 1923, p.22;

*Die Huisgenoot*, 15 November 1929, p.73.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 3.5 Juwele en bykomstighede

Onder die invloed van films het grimering in Europa en veral die V.S.A. al meer aanvaarbaar geword en is daar nie meer op die "painted flappers" neergesien nie. Vroue het hulle wenkbroue afgeskeer en met 'n boog ingeteken sodat hulle permanent verras gelyk het. Skadu is op die ooglede aangewend en die lippe is helder rooi in tuitvorm geverf wat 'n "Cupid's bow" of "rosebud" genoem is. Onder die Afrikaanse gemeenskap was dit nog nie heeltemaal aanvaarbaar om grimering te dra nie en was die algemene mening dat dit net deur vroue met lae morele standaarde gedra is. *Die Boerevrou* se buitelandse korrespondent het berig dat die Franse en Amerikaanse vroue die kuns om hulle gesigte te verf ongelukkig te goed verstaan het en dat hulle dit heeltemal oordryf het. Hulle lippe was volgens haar só 'n onnatuurlike helder rooi geverf dat sy skoon bleek en siek gelyk het. [314]

Serpe was nog steeds gewild en is gebruik om 'n eenvoudige rok of baadjiepak in verskillende uitrustings te omskep. Die serpe is gestrik, soos 'n das geknoop of oor die nek gegooi. Serpe van dieselfde materiaal as die kraag en handboordjies van 'n uitrusting, was veral gewild. Serpe kon op allelei interessante maniere met 'n serpring geknoop word. Die serpringe is van goud gemaak en vir meer deftige geleenthede met diamante ingelê.[315] (sien figuur 63)

In 1927 het Charles Lindbergh 'n suksesvol solovlug oor die Atlantiese oseaan onderneem en daardeur 'n nuwe modegier begin. Soos die vlieëniers, is sagte syserpe agter die nek vasgeknoop, sodat die punte oor die skouer gehang het. Bontboas was ook baie gewild, veral "fox furs" wat die jakkelskop nog aangehad het. Bont mansakdoeke was nog 'n belangrike bykomstigheid. Dit is in die bosakkie van baadjies en sportrokke gesteek. In die somer het sakdoeke as krae by rokke gedien.[316]

---

[314]Kandas, 'n Brief uit Parys: oormodes, winkels en ander dinge, *Die Boerevrou,* Desember 1926, p.49; E.Silva, Wat die mode voorskryf, *Die Huisgenoot,* 3 Julie 1925, p.43..


[315]Die egte Paryse mode, *Die Boerevrou,* Oktober 1929, p.29; 'n Serp maak die onderskeid, *Die Huisgenoot,* 7 September 1929, p.69.

[316]Mode, *Die Huisgenoot,* 11 September 1925, p.43; Mode, *Die Huisgenoot,* 4 Februarie 1927, p.52; Mode, *Die Huisgenoot,* 26 Augustus 1927, p.53


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






**Figuur 62:** Slaapklere
Uit: *Die Huisgenoot*, 20 April 1929, pp.53-55.




**iguur 63:** 'n Verskeidenheid serpe
it: *Die Boerevrou*, Junie 1929, p.35; *Die Boerevrou*, Oktober 1929, p.29;
ie *Huisgenoot*, 18 Februarie 1928, p.19; *Die Huisgenoot*, 26 Augustus 1927, p.51.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Daar was 'n toename in die verskeidenheid bykomstighede wat belangrik vir die totale ensemble was. Uit Parys is berig dat die vroue enorme groot vals juwelierstukke gedra het, 'n mode wat deur Chanel begin en vervolmaak is. Franse vroue het hulle erfstukke weggebêre en twee tot drie dosyn armbande, vyf tot ses borsspelde, ten minste ses vals halssnoere en 'n kolossale diamantgespe aangeskaf. [317]

Lang oorbelle wat amper tot op die skouer gehang het, was kenmerkend van die twintigerjare. Volgens die korrespondent van *Die Huisgenoot* doen vroue "allerhande lawwe dinge met die oogmerk om mooier te lyk, maar om gate in ons liggaamsdele te steek met die enkel doel om versiersels daardeur te steek is 'n barbaarse oorerwing wat ons nie meer moet aan toegee nie." [318]

Die Afrikaanse vroue het wel begin om kostuumjuwele te dra, maar nooit uitermatige bonkige stukke nie. Groot oorbelle is wel in die aand gedra. Ringe en armbande is min gedra. Borsspelde was lank met 'n groot edelsteen daarop, of 'n outydse ontwerp. Kort snoerekrale, veral pêrels, het volgens *Die Huisgenoot* mooi om 'n wit nek gelyk en vroue met 'n ongerimpelde nek kon dit dra. [319](sien figuur 64)

'n Ruikertjie nagemaakte blomme, veral angeliere en katjiepiering wat van sy of crêpe-de-chine gemaak is, is graag aan jaslapelle gespeld. Vir die aand het die mode herleef om 'n ruikertjie op die heupe te dra, wat tipies van die Victoriaanse en Edwardiaanse tydperke was. Strikke was ook baie gewild en is op die skouer of in die middel gedra, of dit is lossies agter op die rug gestrik. [320](sien figuur 65)

---

[317]M.de Rovanno, Wintermode in Parijs, *Die Huisgenoot,* 25 Februarie 1927, p.49.

[318]*Ibid.*

[319]M.de Rovanno, Wintermode in Parijs, *Die Huisgenoot,* 25 Februarie 1927, p.49.

[320]Mooi tabberds vir die feesdae, *Die Boerevrou,* Desember 1929, p.45; Modes, *Die Huisgenoot,* 8 Maart 1929, p.57; Modes, *Die Huisgenoot,* 26 Julie 1929, p.65; Ons modepraatjie, *Die Boerevrou,* September 1926, p.41; Nuttige en netjiese somerklere, *Die Boerevrou,* Oktober 1926, p.41; Londense modes, *Die Huisgenoot,* 26 Maart 1926, p.45.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Beïvloed deur die uitstalling vir dekoratiewe kuns in Parys, was handsakke geometries met sterk kleure en elemente van Kubisme, Bauhaus en Astekkuns. Skulp- en sonstraalmotiewe is veral as oppervlakteversiering gebruik. [321]

Vroue wou 'n handsak gehad het om by elke geleentheid en uitrusting te pas. Vir die oggend was die sakke ruim en van soliede materiaal om prakties vir inkopies te wees. Sterk laken, "velour de laine" of gevlegte Japanse papiervesel is gebruik. Leersakke is gemaak van varkleer of reptielvel, veral slang- en krokodilvel wat rooi of blou gekleur is. Die "grip-it"-handvatsel is van egte of nagemaakte skilpaddop gemaak. Die sak het met plooie na onder wyer geword. [322](sien figuur 66)

Die "flapped pochette" wat in die middag gedra is, het 'n meer "geklede" indruk gegee en was aansienlik duurder. Die vorm was lank en smal en gewilde kleure was beige en swart. Suède en bokleer is gebruik. Die handvatsel is met "briljantjies" of gekleurde edelsteentjies versier. Sakke sonder handvatsels het dikwels hoekversierings van edelsteentjies gehad, in goud of platinum ingelê. [323] (sien figuur 67)

Aańdsakkies is as "luxe al dux" beskryf. Die sakkies is van brokaat, goud of silwer lamé of glacéleer gemaak. "Gobelin"-tassies, waarop ouderwetse herderstoneeltjies of blommotiewe uitborduur is, is ook gedra. Sakkies wat op antieke Oosterse voorbeelde gemaak is, is van moire of faille gemaak met 'n mosaïek van edelstene daarop. [324](sien figuur 68)

## 3.6 Skoene

Omdat die rokke so kort was, was vroue baie gesteld op hulle skoene en kouse. Die sandaalfatsoen het teruggekeer. Die bandjies om die voet was smal en is

---

[321]Mode, *Die Huisgenoot,* 13 Maart 1925, p.31.

[322]M.de Rovanno, Parijse modebrief, *Die Huisgenoot,* 5 April 1929, p.65.


[323]. M.de Rovanno, Parijse modebrief, *Die Huisgenoot,* 5 April 1929, p.65

[324] *Ibid.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






**Figuur 64:** Kostuumjuwele

Uit: *Die Huisgenoot*, 15 Maart 1929, p.57.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA










**Figuur 65:** Ruikertjies op lapelle en skouernate

Uit: *Die Huisgenoot*, 8 November 1929, p.73; *Die Huisgenoot*, 17 Julie 1927, p.53

*Die Huisgenoot*, 30 September 1927, p.51.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





**Figuur 66:** Handsakke vir oggendbesoeke

Uit: *Die Boerevrou*, Februarie 1927, p.9; *Die Boerevrou*, April 1928, p.17.
*Die Boerevrou*, Oktober 1928, p.33.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



deurmekaar gevleg om 'n patroon te vorm, dikwels in die vorm van 'n dier soos 'n krokodil. Stomppuntskoene, sowel as die uitermatige gepunte skoene, het uit die mode gegaan. Die middeweg is gevolg wat elke voet gepas en tog elegant gelyk het. Spaanse skoene met 'n reguit hak en 'n kort neus was 'n nuwe mode. Die skoen is dikwels met 'n gespe versier en 'n oop toongedeelte gehad, 'n mode wat tipies van die dertigerjare sou word. [325](sien figuur 69)

Meer reptielleer is gebruik, veral van kleiner geskubde slange en akkedisse. Aanvanklik is bruin nie as 'n geskikte skoenkleur beskou nie, maar in die winter van 1925 was dit vir die eerste keer die dominante kleur. In die somer is wit skoene - soms met 'n perlemoenskynsel, gewild. Vir die aand is swart blinkleerskoene met 'n pers, rooi of groen skynsel die nuutste mode.[326]

Volgens 'n artikel in *Die Boerevrou* sou vleeskleurige kouse nie meer geduld word nie. Die buitelandse korrespondent het ook berig dat die Franse vrou van die gegoede stand nooit die lelike geel-rooi kouse by die verkeerde rok sou dra, net omdat die mode dit voorskryf het nie. Sy sou kouse kies het wat by haar figuur en persoonlikheid pas. Opaal-grys, perske- en appelkooskleurige kouse was aanvaarbare kleure. By goue skoene moes kouse van dieselde kleur gedra word en kouse was in wonderlike metaalkleure beskikbaar. [327]

*Die Huisgenoot* het 'n nuwe soort sykous geadverteer. "Nanette"-kouse was in sagte kleure beskikbaar met 'n rekbare bostuk en is teen gate en lere gewaarborg. [328](sien figuur 70)

---

[325]Die winter-modes, *Die Boerevrou,* Mei 1925, p.35; Mode, *Die Huisgenoot,* 26 Junie 1925, p.43; Wintermodes, *Die Huisgenoot,* 4 Mei 1928, p.49. M.de Rovanno, Parijse modebrief, *Die Huisgenoot,* 5 April 1929, p.65.

[326]Mode, *Die Huisgenoot,* 26 Junie 1925, p.43. M.de Rovanno, Parijse modebrief, *Die Huisgenoot,* 5 April 1929, p.65.

[327]Ons modepraatjie, *Die Boerevrou,* September 1926, p.41; Kandas, 'n Brief uit Parys: oor modes, winkels en ander dinge, *Die Boerevrou,* Desember 1926, p.51. M.de Rovanno, Parijse modebrief, *Die Huisgenoot,* 5 April 1929, p.65. M.de Rovanno, Parijse modebrief, *Die Huisgenoot,* 5 April 1929, p.65.

[328]Petronella, Die Durbanse winkels in die vakansietyd, *Die Huisgenoot,* 15 Januarie 1926, p.45. M.de Rovanno, Parijse modebrief, *Die Huisgenoot,* 5 April 1929, p.65.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






**Figuur 67:** "Flapped pochette"

Uit: *Die Huisgenoot*, 15 April 1927, p. 47; *Die Huisgenoot*, 26 Augustus 1927, p. 5; *Die Huisgenoot*, 18 Februarie 1928, p.49.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






**Figuur 68:** Aandsakkies

Uit: *Die Huisgenoot*, 8 November 1929, p.73.



**Figuur 69:** Skoenmodes

Uit: *Die Boerevrou*, Januarie 1926, p. 49; *Die Huisgenoot*, 8 April 1928, p.49;

*Die Huisgenoot*, 4 Mei 1928, p.49.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 3.7 Hoede

Die "helmet cloche", die hoedvorm wat die twintigerjare versinnebeeld, is bykans al tipe hoed wat gesien is. Dit het regaf tot op die wenkbroue gekom en is op die nekrug gevorm. Dit het al die hare bedek, met uitsondering van 'n kartel of punt wat op die wang gelê het. Dit was 'n mode vir jong mense en *Die Huisgenoot* het ouer dames aangeraai om hoed met 'n wyer rand te dra, omdat hulle mooier met 'n effense skadu op die gesig sou lyk. [329](sien figuur 71)

"Lucky Lindy lids" wat na Charles Lindbergh vernoem is, was die nuutste mode. Dit het soos 'n cloche gelyk, maar met oorflappe soos 'n vlieënier se vlieghelm of met 'n nagemaakte vliegskroef as versiering. By deftige geleenthede, soos die Longchamp-perderesies in Parys, het vroue met sulke hoede, vliegserpe en leerbaadjies opgedaag. Die Afrikaanse vrou het egter nie altyd die Europese modes blindelings gevolg nie. [330](sien figuur 72)

Die hoedvorms het ook by die veranderende mode aangepas. Reeds in 1926 was hoede met breër rande vir die somer weer in die mode, om te pas by die tabberdjies met sagte plooie en valle. Die hoede was ongevoer, van sagte materiaal en met blomme versier. Die rand is in verskillende fatsoene opgeslaan.Volgens *Die Huisgenoot* was dit baie mooier as die stywe klokhoedjie en het 'n mens beslis jonger laat lyk. [331]

Die cloche is nog gedra, maar die rand is kleiner gemaak of opgerol sodat vroue ten minste een wenkbrou kon wys. Die hoed is versier met fluweellint of leerbande met groot, dekoratiewe gespes van nagemaakte diamante. Die bol het baie hoër, wyer en sagter geword om 'n geplooide effek te gee. *Vogue* het berig dat intelligente


---

[329]Ons modepraatjie M.de Rovanno, Parijse modebrief, *Die Huisgenoot,* 5 April 1929, p.65., *Die Boerevrou,* Junie 1925, p.39; Mode, *Die Huisgenoot,* 27 April 1925, p.35.

[330]J.Herald, *Fashion of a decade. The twenties,* p.9. M.de Rovanno, Parijse modebrief, *Die Huisgenoot,* 5 April 1929, p.65.

[331]Nuttige en netjiese somerklere, *Die Boerevrou,* Oktober 1926, p.41; Mode, *Die Huisgenoot,* 14 Mei 1926, p.45.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022



# MILWAUKEE
# HOLEPROOF-KOUSE
## VORM 'N IDEALE KERSGESKENK

*Dis 'n geskenk wat duursaam is sowel as 'n vernuftige manier om te sê: „'N AANGENAME KERSFEES." Holeproof-kouse is verpak in Spesiale Geskenkdosies wat van een tot drie paar bevat. Ons betaal posgeld.*

No. 270. HOLEPROOF-KOUSE VAN GEMERSERISEERDE LISLE. Ongesoomde bo-ënt; versterkte toonstuk, vierkantige hak. 'n Uitstekende duursame kous. Nuwe kleure deur „Lucille" van Parys—Caprice, Vivante, Graan, Juliette, Blond d'Or, Delis, Renard, Wit en Swart. Groottes: 8½ 9, 9½, 10 duim ... ... Per paar 2/11

No. 871. HOLEPROOF-KOUSE VAN SUIWER SYDRAAD. Verbeterde, duursame kouse. Gemerseriseerde, ongesoomde bo-ënt, hak en versterkte toonstuk. Sool met sy-oppervlakte, sybeen van 25 duim. Nuutste skakerings deur „Lucille" van Parys — Rose Brune, Fauvette, Petale, Valerie, Graan, Caprice, Mardi Gras, Claire, Delis, Renard, Geskutmetaal, Wit en Swart. Groottes: 8½, 9, 9½, 10 duim. Per paar 5/9

No. 517. HOLEPROOF-KOUSE VAN SUIWER SY MET DUBBELE SPITS HAK. 'n Nuwerwetse kous met 'n dubbele spits hak. Versterkte toonstuk. Sool met sy-oppervlakte. „Lucille"-kleure: Fauvette, Rose Brune, Tunis en Mokka. Groottes: 8½, 9, 9½, 10 duim. ... ... ... ... Per paar 4/11

No. 2236. HOLEPROOF-KOUSE VAN SUIWER SY MET SJIEK-ENKEL. Nuwe spits hak, gemerseriseerde, ongesoomde bo-ënt, hak en versterkte toonstuk, sybeen van 25 duim. Kleure deur „Lucille" van Parys — Mardi Gras, Tunis, Petale, Fauvette, Caprice, Graan, Claire, Rose Brune, Koket, Marokyn, Delis, Klipgrys, Renard, Swart en Wit. Groottes: 8½, 9, 9½, 10 duim. Per paar 7/11

No. 2206. HOLEPROOF-KOUSE VAN DIK SUIWER SY. Sjiek-enkel, spits hak. Gemerseriseerde klok-bo-ënt, hak, versterkte toonstuk en sool, sybeen van 25 dm. „Lucille"-kleure: Claire, Caprice, Rose Brune, Koket, Graan en Swart. Groottes: 8½, 9, 9½, 10 duim. ... ... ... ... ... ... Per paar 10/6

No. 2207. HOLEPROOF-KOUSE VAN SUIWER SY MET GEBORDUURDE PYLTJIES. Sjiek-enkel spits hak. Gemerseriseerde klok-bo-ënt, hak, versterkte toonstuk en sool. Sybeen van 25 duim „Lucille"-kleure: Fauvette, Rose Brune, Graan en Tourterelle. Groottes: 8, 8½, 9, 9½, 10 duim. Per paar 12/6

No. 3056 HOLEPROOF-KOUSE VAN SUIWER SY MET SJIEK-ENKEL. Sybeen van volle lengte en 'n goeie kwaliteit. Nuwe spits hak, versterkte toonstuk. Nuwe kleure deur „Lucille" van Parys: Caprice, Vivante, Petale, Valerie, Yvonne, Graan, Renard, Delis, en Wit. Groottes: 8½, 9, 9½, 10 duim ... ... ... ... ... ... Per paar 11/6

No. 2200. HOLEPROOF-KOUSE VAN DIK SUIWER SY. Goed gevorm, sybeen van 25 duim, verbeterde, gemerseriseerde klok-bo-ent, hak, versterkte toonstuk en sool. Vierkantige hak. 'n Groot gunsteling. „Lucille"-kleure — Etoile, Graan, Rose Brune, Petale, Caprice, Fauvette, Blond d'Or, Yvonne, Soubrette, Delis, Renard, Wit en Swart. Groottes: 8½, 9, 9½, 10 duim ... ... Per paar 10/6

No. 2200. B.G.G. KWALITEIT SOOS HIERBO. Die been is alteen baie wyer en langer gemaak. Voorradig slegs in 'n grootte van 10 dm. „Lucille"-kleure—Graan, Valerie, Caprice en Blond d'Or. Per paar 13/6

# GIBBERD, BRYANT & KIE.,


Posbus 54, OOS-LONDEN.

**Figuur 70:** Milwaukee-sykouse

Uit: *Die Huisgenoot*, 6 Desember 1929, p.96.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





**Figuur 71:** Die cloche

Uit: *Die Huisgenoot*, 7 Januarie 1928, p.47;
*Die Huisgenoot*, 29 Maart 1929, p.61.



**Figuur 72:** "Lucky Lindy Lids"

Uit: *Die Huisgenoot*, 6 Februarie 1927, p.37.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA










**Figuur 73:** Die cloche word ook sagter en vrouliker

Uit: *Die Boerevrou*, November 1928, p.4; *Die Huisgenoot*, 3 Mei 1929, p.63; *Die Huisgenoot*, 20 September 1929, p.67.







**Figuur 74:** Hoede om by die vrouliker modes te pas

Uit: *Die Boerevrou*, Januarie 1929, p. 33; *Die Boerevrou*, Oktober 1929, p. 33; *Die Huisgenoot*, 1 November 1928, p.57; *Die Huisgenoot*, 20 Maart 1929, p.61.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vroue nie meer soos lede van 'n regiment met eenderse hoede wou lyk nie. [332](sien figuur 73)

Aanvanklik is hoede versier met groot strikke, bande met geometriese patrone, of stukkies leer of velt met geometriese patroontjies uitgesny, of net 'n plat eenvoudige lint om die rand met soms 'n klein strikkie van dieselfde ling voor op die bol. [333]

Soos die mode weer vrouliker geword het, is hoede met blomme oorgetrek of met 'n breë, blink satynband versier. Hoedspelde was 'n belangrike bykomstigheid en pragtige spelde in goud of silwer met diamant- of pêrelinlegwerk was beskikbaar. Vere as versiering het weer herleef, wat in die dertigerjare hoogmode sou wees en op allerlei dramatiese maniere gedra is. By aandrokke is 'n aandmus van goudkleurige tulle gedra, wat met pêrelbande om die bol gevou is. [334](sien figuur 74)

### 3.8 Haarmodes

Die bob is korter gesny in 'n "single" en later in 'n "Eton crop". Beide style het die ore en die vorm van die kop gewys en was heeltemal kaal in die nek. Die hare is in 'n sypaadjie verdeel en met brilliantine agtertoe gekam om 'n mooi gladde effek te gee, soos die filmster Valentino se hare. Dit het soms baie hard en manlik gelyk en al wat vroue van mans onderskei het, was hulle rooi lippe en getekende wenkbroue. Die "single" was langer bo-op die kop en effens gekrul. Die hare is ook gesny om golwe of sagte krulle wat op die wang geval het, toe te laat. Selfs ouer vroue moes

[332]G.Howell, *In Vogue: 75 years of style,* p.v; E.Silva, 'n Najaarsvoorspelling, *Die* M.de Rovanno, Parijse modebrief, *Die Huisgenoot,* 5 April 1929, p.65, *Huisgenoot,* 17 Julie, 1927, p.53.

[333]Praatjie oor modes, *Die Boerevrou,* Januarie 1926, p.49; Middagtabberd vir 'n dame, *Die Boerevrou,* Mei 1926, p.35; Nuttige en netjiese somerklere, *Die Boerevrou,* Oktober M.de Rovanno, Parijse modebrief, *Die Huisgenoot,* 5 April 1929, p.65.1926, p.41.

[334]Die egte Paryse mode, *Die Boerevrou,* Oktober 1929, p.29; Aandrokke, *Die Huisgenoot,* 19 April 1929, p.65; Modes, *Die Huisgenoot,* 19 Julie 1929, p.65.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hulle hare sny, anders sou hulle nie hoede gekry het wat vir hulle pas nie. [335](sien figuur 75)

Vir die korthaar-nooiens was daar 'n nuwe kam. Dit was rond met 'n paar tande in die middel en is agter om die kop, van oor tot oor gedra om hare wat neig om vorentoe te val, in posisie te hou. [336]

'n Artikel in *Die Huisgenoot* het voorspel dat vroue met kort hare ook bles sou word, soos mans. Die rede was dat kort hare nie so gereeld soos lang hare gekam is nie, wat die bloedomloop benadeel. Verder het korter hare om dieselfde rede gouer vuil geword. Deur hare gereeld te borsel is die kopvel skoon gehou en stof van die hare verwyder. [337]

Teen 1928 het bob-hare het nie meer by die nuwe vloeiende mode gepas nie en is vervang deur 'n langer en voller styl wat glad om die kop en oor die voorkop gegolf is,. Die styl is die "windverwaaide" bob genoem. In die aand is die hare met skilpadkammetjies of haargespes met straz-diamante versier. [338](sien figuur 76)

Om die moeilike uitgroeistadium van die bob te verberg, was die nuutste Paryse chapeau 'n styfpassende hoed met "ore" wat agter in die nek afgehang het. Mense het spottenderwys daarna as 'n afgeblaasde "Mickey Mouse"-pet verwys. [339]

Greta Garbo het in van 1929 af die toon aangegee met hare glad teruggevat en in bolla laag in die nek. *Die Huisgenoot* het 'n artikel geplaas met raad om lang hare netjies te laat lyk. Bollas op die ore en lang vlegsels wat heen en weer om die kop

---

[335]Ons modepraatjie, *Die Boerevrou,* Junie 1925, p.39; Geskikte modes vir gesette dames, *Die Boerevrou,* Julie 1925, p.35; Mooi modes vir die aand, *Die Boerevrou,* Maart 1927, p.35; E.Silva, 'n Najaarsvoorspelling, *Die Huisgenoot,* 11 Maart 1927, p.51.

[336]Mode, *Die Huisgenoot,* 24 April 1925, p.37.

[337]Mode, *Die Huisgenoot,* 17 Julie 1925, p.43.

[338]M.de Rovanno, Nieuwe Parijse modes, *Die Huisgenoot,* 27 April 1928, p.49.

[339]J.Shields, *Hats: a stylish history and collector's guide,* p.28.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gedraai is, is aanbeveel. Vroue met krullerige hare kon 'n plat bolla agter in die nek maak en die korter hare wat uitsak saggies om die ore krul. [340](sien figuur 77)

Met langer hare het haarsierade weer in die mode gekom. Haarkammetjies, gespes, sakdoeke en krosageblomme is gebruik om hare te tooi.[341]

## 4. Opsommend

Deur 'n oorsig van die mode-ontwikkeling in die twintigerjare te kry, kan gesien word hoe die politieke, ekonomiese en sosiale tendense van die tydperk 'n invloed op die kleredrag gehad het en hoe die modestyl ontwikkel het. Die onsekerheid wat direk na die oorlog geheers het, asook die nostalgie na die voor-oorlogse tydperk, het geleidelik plek gemaak vir die verwerping van die invloed van die 19de eeu, wat met losbandigheid, oordadigheid en praalsug gepaard gegaan het. Op modegebied het die sagte, vloeiende lyne, wat kenmerkend van die voor-oorlogse tydperk was, plek gemaak vir 'n hoekige en manlike silhoeët. Die klere het ook meer uitspattig en gewaagd geword. Gebeure op politieke en ekonomiese gebied het die optimisme egter laat verflou en en met die ineenstorting van die Wallstraat-aandelemark is daar weer na meer konserwatiewe style teruggekeer.

---


[340]Pragtige modelle vir gesette figure, *Die Boerevrou,* Julie 1929, p.35; Die opmaak van hare, *Die Huisgenoot,* 15 September 1929, p.57.

[341]Die opmaak van hare, *Die Huisgenoot,* 15 September 1929, p.57.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA









**Figuur 75:** Die "Eton crop"
Uit: *Die Boerevrou*, Maart 1927, p.35;
*Die Huisgenoot*, 11 Maart 1927, p.45.



**Figuur 76:** Die "windverwaaide" bob
Uit: *Die Huisgenoot*, 27 Januarie 1928, p.51.



**Figuur 77:** Die Garbo-haarstyl
Uit: *Die Boerevrou*, Julie 1929, p.35.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## HOOFSTUK 4: SLOTBESKOUING

Deur die mode-artikels van *Die Boerevrou* en *Die Huisgenoot* te bestudeer, kan bepaal word in watter mate die modeneigings in Brittanje 'n invloed op die Afrikaanse vrou se kledingstyl gehad het. Aan die een kant is die nuwe bevryde kleredrag afgekeur. Daar is gevrees dat die verderflike uitheemse modes 'n negatiewe invloed op die Afrikaanse vrou sou hê. Amerikaanse vroue was van die eerstes om hulle lang hare af te sny. *Die Huisgenoot* was aanvanklik van mening dat vroue hulle trots en waardigheid prysgegee het om stompkop te wees. Die "flappers" se slap houding is ook afgekeur. Mense was van mening dat dit as gevolg van 'n vrou se buitensporigheid was dat sy "Madame Mode" so blindelings nagevolg het en dat sy sodoende haar waardigheid en aanvalligheid prysgegee het.[342]

In Suid-Afrika is die slaafse navolging van die Europese mode sterk gekritiseer. Dit is betreur dat daar nie eie Suid-Afrikaanse modeboeke was en dat vroue nie hulle eie oorspronklike kledingstyl kon laat geld nie. Die buitelandse modes is as wispelturig, lawaaierig en verspot beskou. Fantasiekostuums ("fancy dress") wat 'n "Eton scolar" of 'n "Irish Colleen" uitgebeeld het, het geen betekenis vir die Afrikaanse kinders gehad nie, maar hulle moes dit noodgedwonge na optogte en partytjies aantrek .[343]

Hierdie mening is in lyn met die oplewing van Afrikanernasionalisme in dié tydperk. Onder die Afrikaners was daar 'n sekere persentasie wat gevoel het dat hulle hulle taal, kultuur en selfs leefwyse moes prysgee as gevolg van die verengelsingbeleid na afloop van die Anglo-Boereoorlog. In reaksie hierop wou hulle selfs op staatkundige vlak bande met Brittanje verbreek, om sodoende die Britse invloed uit te skakel. *Die Huisgenoot* het 'n borduurpatroon van 'n disa

---

[342] Mode, *Die Huisgenoot,* September 1923, p.229; Modebeskouer, Uitlandse modes, *Die Huisgenoot,* 23 Januarie 1925, p.31; J.C.B.van Niekerk, Is die hedendaagse kleredrag onbetaamlik en wat staan ons te doen, *Die Huisgenoot,* 6 April 1928, p.49.

[343] Oor aantrek, *Die Huisgenoot,* April 1920, p.87; M.M., Kan ons 'n nasionale kleredrag skep, *Die Huisgenoot,* 15 Junie 1928, p.57.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

gepubliseer wat deur die plaaslike kunstenares Cynthia Letty ontwerp is, om vroue in staat te stel om'n eie nasionale identiteit aan hulle klerestyl te gee.[344]

Die Afrikaner was op ekonomiese gebied nie so welvarend soos sy Engelse landgenoot nie. Hierdie verskynsel, tesame met die wêreldwye ekonomiese insinking het neerslag in die mode gevind. *Die Huisgenoot* se korrespondent het by die Parlementsopening in 1924 opgemerk dat die vroue pragtig vertoon het en smaakvol en paslik geklee was, gedagtig aan die regerende partye, die Nasionale en Arbeidersparty, wat teen uiterlike vertoon gekant was.[345]

Die moderedaktrises van die twee Afrikaanse tydskrifte het vir hulle leseres ook nuttige wenke gegee om koste te bespaar en die beste nut uit 'n kleiner klerekas te put. Vroue is aangeraai om hulle uitset aan die begin van die seisoen te beplan en nie geld op beuselagtighede te spandeer nie. Handskoene en handsakke moes met oorleg gekies word, sodat dit by verskeie uitrustings gedra kon word. By die keuse van 'n uitrusting moes gekyk word na wat geld, tyd en krag sou bespaar en wat die skoonmaak- en instandhoudingsprosedures was. Vroue wat nie knap met die naald was nie, moes eenvoudige uitrustings kies wat 'n paar seisoene gedra kon word. In die algemeen is vroue daarop gewys dat verstandige vroue uitspattige modeverskynsels vermy. Patrone is ook gepubliseer en kon bestel word om vroue te help om 'n klerekas so goedkoop moontlik saam te stel.[346]

Die buitelandse modes was verder nie vir die Suid-Afrikaanse klimaat geskik nie. Die moderedaktrises het alternatiewe vir die warm Europese materiale voorgestel. Om pels te dra, is aanvanklik as uitspattig beskou, omdat dit nie alleen duur was nie, maar omdat die Suid-Afrikaanse winters dit nie regverdig nie. Sekere kleure,

[344]Modes, *Die Huisgenoot,* Mei 1920, p.87.

[345]Oor aantrek, *Die Huisgenoot,* April 1920, p.87; Mode, *Die Huisgenoot,* 15 Augustus 1924, p.27; Modewenke, *Die Huisgenoot,* Desember 1928, p.4.

[346]Modewenke, *Die Boerevrou,* Desember 1928, p.43;Aantrek uit 'n sielkundige oogpunt, *Die Boerevrou,* April 1929, p.33.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



soos appelgroen en lotusblou, is ook aanvanklik as te helder vir die sonnige Suid-Afrikaanse klimaat beskou.[347]

Vroue is ook aanvanklik afgeraai om moulose rokke te dra, omdat rooi verbrande arms volgens *Die Huisgenoot* nie aantreklik was nie. Vroue is aangeraai om handskoene te dra wat tot by die elmboog kom, om hierdie probleem uit te skakel. Die "cloche"-hoedmode, wat so kenmerkend van die twintigerjare is, is ook as onprakties in Suid-Afrika beskou, omdat dit nie voldoende beskerming teen die son gebied het nie.[348]

Die modejoernaliste het vertrou dat vroue genoeg oordeelvermoë sou hê om te besef wat vir die klimaatsomstandighede geskik is. Maar net soos die Britse vroue, het die Afrikaanse vrou voor die tirannie van "Madame Mode" geswig. Helder kleure is nie net vir uitrustings nie, maar ook vir sykouse gebruik. Reeds sedert die vroeë twintigerjare het kortmourokke en "cloche"-hoede gereeld in mode-artikels verskyn.[349]

In Europa het sonbrand 'n statussimbool geword. Verder was dit ook as eksoties beskou, te danke aan Josephine Baker, die Afro-Amerikaanse kabaretster wat naam vir haarself in Parys gemaak het. Die Afrika- en Oosterse invloed is ook in bykomstighede gesien, soos die oordadige gebruik van armbande en groot oorbelle. Hierdie modes het nooit in Suid-Afrika aftrek gekry nie. Oor die algemeen is die nie-blanke bevolking as 'n bedreiging vir die Westerse kultuur en die blanke se ekonomiese posisie gesien.[350]

Verder het sedelike oorwegings ook 'n rol gespeel en was die modes wat in *Die Boerevrou* en *Die Huisgenoot* gepubliseer is, nie so gewaagd soos wel in Brittanje die geval was nie. Die Afrikaanse vrou het nie so ver gegaan om soos die "flapper"

---

[347]P.S.Dreyer, Tipering van Afrikanerskap, in P.G.Nel, (red.), *Die kultuurontplooiing van die Afrikaner,* pp.53-55.

[348]Modes, *Die Huisgenoot,* November 1923, p.21.

[349]Aantreklike somdermodes vir die feesdae, *Die Boerevrou,* Desember 1923, p.36.

[350]Modenuus, *Die Huisgenoot,* Februarie 1921, p.6.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aan te trek nie. Die sosiale geleenthede waarheen die Afrikaanse vrou gegaan het, het ook verskil. Dansklubs en teaters waar kabaret vertoon is, was in Brittanje en Europa gewild. Vir sulke geleenthede is ruglose en skouerlose rokke gedra. In die Afrikaanse gemeenskap waar Calvinisme 'n bepalende rol gespeel het, is hierdie vermaaklikhede as sondig en gewaagde aandrokke as onbetaamlik en uitspattig beskou.[351]

Nogtans het vroue nie meer aangetrek om mans tevrede te stel nie, maar ter wille van hulleself. Mans was erg verontwaardig toe vroue hulle hare gesny en kort rokke begin dra het. Volgens *Die Boerevrou* het vroue net bedaard hulle gang gegaan en niemand kon dit later betwis dat die nuwe klere prakties, goedkoop en higiënies was nie. *Die Boerevrou* het teruggekyk na die modes van veertig jaar vantevore (±1880) wat baie materiaal geverg het, swaar was as gevolg van die groot hoeveelheid onderrokke en balein, onprakties met die kantvalle wat altyd vuil geword en geskeur het en die ballonmoue wat vroue genoodsaak het om selfs dwars te draai om deur die deurkosyn te kon kom. Vroue kon ook nie glo dat hulle gewilliglik swart wolkouse gedra, gebrei en gestop het nie. Vroue was van mening dat onbetaamlikheid nie in die klere nie, maar in die mans self te vinde was.[352]

Volgens *Die Huisgenoot* was dit wel enersyds die vrou se plig om in haar huis 'n omgewing van estetiese skoonheid, wat so belangrik vir die vorming van die karakter is, vir haar huisgesin e skep. Andersins was dit ook haar plig om haarself nie te verwaardeloos nie. Dit het nie beteken dat sy net skoon en netjies moes wees nie. Mooi klere was nie 'n teken van ydelheid nie, maar 'n natuurlike uiting van hunkering na skoonheid en 'n aantreklike persoonlikheid.[353]

Die isolasie van talle Afrikaanse plaasvroue, asook die sterk godsdienstige inslag van die Afrikaanse samelewing het daartoe bygedra het dat vreemde en nuwe

---

[351] J.W.Hofmeyr and G.J.Pillay (eds.), *A history of christianity in South Africa,* p.166.

[352] M.M., Kan ons 'n nasionale kleredrag skep, *Die Huisgenoot,* 6 April 1928, p.57; "Die goeie nuwe tyd", *Die Boerevrou,* Augustus 1929, p.12.

[353] Kunsgevoel en kleredrag, *Die Huisgenoot,* September 1920, p.181; Goeie smaak, D*ie Huisgenoot,* 8 Junie 1928, p.58.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



invloede met wantroue benader is. Tog was die Afrikaanse vrou modieus en gesteld op haar voorkoms. Al was hulle afgesny van enige modenuus en klerewinkels, het selfs die vroue wat aan die Groot Trek deelgeneem het, probeer om volgens die heersende modes van die tyd (±1830) rek. Hulle klere mag wel verouderd gewees het, maar dit was getrou aan dit wat 'n paar seisoene vantevore hoogmode in Europa was. [354] Uit die mode-artikels wat in *Die Boerevrou* en *Die Huisgenoot* verskyn het, is dit duidelik dat die Afrikaanse vrou geensins vir haar Britse eweknie teruggestaan het wat stylvolheid en elegansie betref nie.

As kleredrag as 'n maatstaf gebruik word om veranderings en ontwikkelings in die samelewing te meet, is dit duidelik dat die Afrikaasen gemeenskap nie beïnvloeding van die buitewêreld kon vryspring nie. Die wyse waarop die Afrikaanse vrou geleidelik meer en meer van die Britse modeneigings geïnkorporeer het, is ook 'n aanduiding van die verandering wat in haar samelewingsposisie plaasgevind het. Die "flapper" het met haar skokkende kleredragstyl die taboes afgebreek wat lank vir vroue in Brittanje gegeld het. Die verandering in die Afrikaanse samelewing het meer geleidelik plaasgevind, maar dit het die vrou die geleentheid gegee om haar indiwidualiteit na vore te bring en sodoende weg te beweeg van die "volksmoeder"-stereotipe wat deur die samelewing daargestel is.

[354] D.Strutt, *Fashion in South Africa, 1652-1900,* p.217.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# BRONNE

## 1. Jaarblaaie

*Afrikaanse Hoër Meisieskool Pretoria,* Jaarblad 1988.

*Die Boerevrou,* 1920-1929

*Die Huisgenoot,* 1920-1929

## 2. Tydskrifartikels

BADENHORTSM A.R., Aspekte van die sosiale lewe in Bloemfontein, 1864-1871, *Memoirs van die Nasionale Museum,* Vol. 12 April 1979, pp.1-141.

COETZEE, J.H., Toekoms van die Afrikaner volkskultuur: Afrikaner volkskultuur en die nuwe wêreld. *Koers* 37, Desember 1969-Februarie 1970, pp. 185-195.

DE KLERK, J., Toekoms van die Afrikaanse volkskultuur: roeping van die staat ten opsigte van onderwys en kultuur in die Republiek van Suid-Afrika. *Koers* 37, Desember 1969-Februarie 1970, pp. 226-234.

DE KLERK, J.W., Afrikaner se kultuur: Afrikaner krisis. *Taalgenoot* 32, 9 Augustus 1963, pp. 35-46.

DU PISANI, J.A., Die Afrikaanse vrou se posisie in kerk en samelewing. *Koers* 61(3), pp. 241-269.

DU TOIT, A., No chosen people: the myth of the Calvinist origins of Afrikaner nasionalist and racial ideology. *The American historical review* 88 (1983), pp. 920-952.

FERREIRA, O.J.O., Waarom kultuurgeskiedenis? *Lantern* 40 (1), Februarie 1991, p. 31.

FERREIRA, O.J.O., Inligtingsbrosjure, Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis, Universiteit van Pretoria.

KRUGER, J.J., Toekoms van die Afrikaanse volkskultuur: toekoms van die Afrikaanse lewenstyl in die nuwe wêreld. *Koers* 37, Desember 1969-Februarie 1970, pp. 247-254.

LERNER, G., New approaches to the study of women in American history. *Journal of Social history,* Vol 4, no.4, 1969, pp. 53-67.

SCHOEMAN, K., Vroulike pioniers van die OVS. *Africana notes and news* 26 (2), 1984, pp. 64-70.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



SWART, M., Om die behoud van ons identiteit. *Taalgenoot* 32, 6 Mei 1963, pp. 26-57.

**3. Literatuur**

ALBERTYN, I.B., *Kinderklere in Suid-Afrika 1850-1900.* Diploma Museumkunde, UP, 1991.

ALTICH, R.D., *Victorian people and ideas.* London, 1973.

BADENHORST, P.G., *Die geskiedenis van "De Volksstem" 1873-1900.* MA-verhandeling, UNISA, 1944.

BAN BREATHNACH, S., *Simple abundance.* London, 1996.

BARNARD-WEISS, M., *Die vrou in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika: haar beeld en kerklike rol, 1940-1983.* D.Phil-tesis, Universiteit van Pretoria, 1999.

BARRETT, M., M P.CORRIGAN, A. KUHN & J.WOLFE (eds.), *Ideology and culture production.* London, 1979.

BENNETT, R., *A picture of the twenties.* London, 1961.

BLUM, S., *Everyday fashions in the twenties as pictured in Sears and other catalogues.* New York, 1983.

BLYTHE, R., *The age of illusion. England in the twenties and thirties 1919-1940.* London, 1963.

BOND, D., *The Guinness guide to 20^th^ century fashion.* Middlesex, 1988.

BRANSON, N., *Britain in the nineteen twenties.* London, 1975.

BUTTERMAN, J.M., *Afrikaner attitudes 1969-1971 as evidenced in Afrikaner press.* MA thesis, San Jose State University, California, 1972.

CAINE, B., *Victorian feminists.* Oxford, 1992.

CALLINICOS, L., *A people's history of South Africa. Vol I: Gold and workers 1886-1924.* Johannesburg, 1980.

CALLINICOS, L., *A people's history of South Africa Vol II: Working life 1886-1940.* Johannesburg, 1987.

CAMERON, T. & S.B. Spies (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld.* Kaapstad, 1988.

CLARKE, F., *Hats.* Essex, 1982.

COLEGATE, I., *The shooting party.* Middlesex, 1980.

CORDWELL, J.M. & R.A.SCHWARZ, *The fabrics of culture. The anthropology of clothing and adornement.* The Hague, 1979.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



CREEKMORE, A.M., *Clothing behaviors and their relation to general values and to the striving for basic needs.* MA thesis, Pensylvania State University, 1967.

CUNNINGHAM, G., *The New woman and the Victorian novel.* London, 1978.

CUNNINGHAM, P., *Costumes in pictures.* London, 1964.

DAVENPORT, T.R.H., *South Africa. A modern history.* Johannesburg, 1987.

EBLE, K.E. (ed.), *F.Scott Fitzgerald, a collection of criticism.* New York, 1973.

FITZGERALD, F.S., *The Great Gatsby.* London, 1945.

FLEW, A.(ed.), *A dictionary of philosophy.* London, 1979.

FOSTER, E.M., *A passage to India.* Cambridge, 1924.

FOSTER, E.M., *A room with a view.* Middlesex, 1908.

FOSTER, V., *Bags and purses.* London, 1982.

FOWLER, H.W. & F.G.FOWLER, *The concise Oxford dictionary of current English VI,* Oxford, 1976.

GERNSHEIM, A., *Victorian and Edwardian fashion.* Toronto, 1963.

GOLDRING, D., *The nineteen twenties. A general survey and some personal memories.* London, 1945.

GRAVES, R., *Goodbye to all that.* Middlesex, 1929.

GREGORY, M.J., *Die stryd om tweetaligheid op die Witwatersrand soos weerspieël in die Johannesburgse "Star", 1887-1914.* MA-verhandeling, WITS, 1935.

HALL, M., *On display: a design grammar for museum exhibition.* London, 1987.

HARRIS DALRYMPLE, P., *American Victorian costumes in early photographs.* New York, 1991.

HEKMAN, S.J., *Gender and knowledge. Elements of Post modern feminism.* Cambridge, 1990.

HERALD, J., *Fashion of decade. The 1920's.* London, 1991.

HOFMEYR, J.W. & G.J.PILLAYE *(eds.), A history of Christianity in South Africa Vol I.* Pretoria, 1994.

HOWELL, G., *In Vogue. 75 years of style.* London, 1991.

JENKINS, A., *The Twenties.* London, 1974.

JOSEPH, N., *Uniforms and nonuniforms. Communication through clothing.* Westport, 1986.

KAISER, S., *The social psychology of clothing. Symbolic appearances in context.* New York, 1990.

KANNEMEYER, J.C., *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur I.* Pretoria, 1978.

KEET, A.D., *Jan Cilliers as digter en denker.* Utrecht, 1917.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



LABUSCHAGNE, E.J., *Die kultuurhistoriese betekenis van die Huisgenoot tot Junie 1931.* MA-verhandeling, UP, 1948.

LANDMAN, C., *The piety of Afrikaans women: diaries of guilt.* Pretoria, 1994.

LAVER, J., *Costume and fashion. A concise history.* London, 1969.

LERNER, L. (ed.), *The context of English literature. The Victorians.* London, 1978.

LEWIS, C.S., *Surprised by joy. The shape of my early life.* London and New York, 1955.

LIEBENBERG, B.J. S.B.Spies (eds.), *South Africa in the 20th century.* Pretoria, 1993.

MACKAY, C.C., *Clothing behavior in relation to selected cultural differences: a cross-cultural study.* MA thesis, Pensylvania State University, 1967.

MANNIN, E., *Young in the twenties.* London, 1975.

MARWICK, A., *The nature of history.* London & Hampshire, 1970.

MATSEPE,I.F., *African women's labour in the political economy of South Africa, 1880-1970.* Ph.D., Rutgers, 1984.

MAYLAM, P., *Dead horses, the baby and the bathwater: 'Post-theory' and the historian's practice.* Paper presented to the biennial conference of the South African Historical Society at the University of the Western Cape, 11-14 July 1999.

MENKES, S., *The Windsor style.* London, 1987.

MONTGOMERY, J., *The Twenties.* London, 1957.

MOODIE, T.D., *The rise of Afrikanerdom. Power, Apartheid and the Afrikaner civil religion.* Berkeley & London, 1975.

MULLER, C.F.J. (red.), *500 jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis.* Pretoria & Kaapstad, 1960.

NAUDE, M.J., *Damesmodes van 1930-1940 met spesifieke verwysing na die kostuumversameling van die Bloemfonteinse Nasionale Museum: 'n museumkundige studie.* Diploma Museumkunde, UP, 1988.

NEL, P.G. (red.), *Die kultuurplooiing van die Afrikaner.* Pretoria & Kaapstad, 1979.

NERET, G., *The arts of the Twenties.* Switzerland, 1986.

OBBO, C., *African women: Their struggle for independence.* Johannesburg, 1981.

OLIAN, J. (ed.), *Authentic French fashion of the twenties.* Toronto, 1990.

PAXTON, R.O., *Europe in the twentieth century.* Orlando, 1985.

PERLOFF, M.(ed.), *Post modernist genres.* University of Oklahoma, 1989.

PIENAAR, P.DE V. (red.), *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner.* Kaapstad, 1968.

POSTMA, M.M., *Meintjie raak verlief.* Pretoria, 1952.

POSTMA, W., *Die Boerevrou, moeder van haar volk.* Bloemfontein, 1913.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022